

Navorsingsbevinding  
Beperkte verspreiding

MN 83

---

**Werktevredeheid van die  
Staatsdienspersoneelkorps**

**1981**

---

Raad vir Geesteswetenskaplike  
Navorsing

S.A. Instituut vir  
Mannekragnavorsing



RGN · HSRC

---

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**RGN**

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**HSRC**

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



1993-4-1



RGN:HSRC

**SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE  
CENTRE FOR LIBRARY AND  
IMFORMATION SERVICES**

**VERVALDATUM/DATE DUE**

--	--	--	--

IEELKORPS



1929933866

001.3072068 HSRC MN 83



\* 2 9 7 4 1 8 \*

NAVORSINGSBEVINDING

MN 83  
BEPERKTE VERSPREIDING

WERKTEVREDENHEID VAN DIE STAATSDIENSPERSONEELKORPS

P.C. SMIT  
H.S. VAN DER WALT  
D.J. STOKER


PRETORIA  
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING  
SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING  
1981

P.C. SMIT, B.Sc. (Hons.) HOOFNAVORSER, SAIMAN, RGN  
H.S. VAN DER WALT, D.Phil., SENIOR HOOFNAVORSER, SAIPPN, RGN  
PROF. D.J. STOKER, MATH. ET PHYS. DR., DIREKTEUR, SAISN, RGN

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR MANNEKRAAGAVORSING  
WAARNEMENDE DIREKTEUR: S.S. TERBLANCHE

ISBN 0 86965 803 4

KOPIEREG VOORBEHOU



## INHOUD

		BLADSY
HOOFSTUK		
1	INLEIDING	1
1.1	Agtergrond en doelstelling	1
1.2	Metode	2
1.3	Begripomskrywing	22
1.4	Opset van verslag	23
2	BESKRYWING VAN ONDERSOEGGROEP	24
2.1	Inleiding	24
2.2	Realisasie van die steekproef	24
2.3	Ander biografiese eienskappe van die ondersoekgroep	35
3	WERKTEVREDENHEID EN HOUDING	56
3.1	Inleiding	56
3.2	Die rol van werk in die lewe van die ondersoekgroep	57
3.3	Algemene werktevredenheid	57
3.4	Tevredenheid met diensvoorwaardes en aspekte van die werk	60
3.5	Verdere aspekte van vergoeding	64
3.6	Redes hoekom die ondersoekgroep in die Staatsdiens werk	69
3.7	Houding teenoor die Staatsdiens as werkgewer	69
4	BIOGRAFIESE FAKTORE EN WERKTEVREDEHEID	73
4.1	Inleiding	73
4.2	Tevredenheid met diensvoorwaardes en aspekte van die werk	74
4.3	Die invloed van biografiese aspekte op werktevredenheid soos gemeet deur die Job Descriptive Index (JDI)	76
5	WERKTEVREDENHEID EN DIE METING DAARVAN VOLGENS DIE JOB DESCRIPTIVE INDEX (JDI)	80
5.1	Inleiding	80
5.2	Algemene werktevredenheid en die relatiewe belangrikheid van verskillende aspekte van die werk	80
5.3	Onderlinge verband tussen die velde van die Job Descriptive Index (JDI)	87
5.4	Relatiewe tevredenheid met verskillende aspekte van die werk soos gemeet deur die JDI	89
5.5	Determinante van tevredenheid in die verskillende velde van die JDI	94
5.6	Enkele implikasies van werkontevredenheid	97
5.7	Opsomming	100

	BLADSY	
6	SAMEVATTING EN ENKELE BELANGRIKE BEVINDINGS	102
6.1	Doel	102
6.2	Metode	102
6.3	Eienskappe van die ondersoekgroep	103
6.4	Werktevredenheid	104
6.5	Biografiese faktore en werktevredenheid	105
6.6	Die aard van werktevredenheid en die invloed van nie-biografiese aspekte daarop	107
6.7	Slotopmerkings	108
BYLAE A:	VRAELYTE	109
BYLAE B1:	VELDWERKHANDLEIDING	124
BYLAE B2:	VELDWERKROOSTER VOLGENS GEOGRAFIESE GEBIED	133
BYLAE C:	BEROEPSFAMILIES	146
BYLAE D:	TABELLE	147
LITERATUURVERWYSINGS		211

TABELLE

BLADSY

TABEL

1.1	SALARISINTERVALLE VAN PERSONEELLEDE IN DIE STAATSDIENS VOLGENS VOLKSGROEP	5
1.2	SALARISVERSPREIDING VAN BLANKES IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE	7
1.3	SALARISVERSPREIDING VAN KLEURLINGE IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE	8
1.4	SALARISVERSPREIDING VAN ASIËRS IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE	9
1.5	SALARISVERSPREIDING VAN SWARTES IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE	10
1.6	SALARISVERSPREIDING VAN BLANKES IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE	11
1.7	SALARISVERSPREIDING VAN KLEURLINGE IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE	12
1.8	SALARISVERSPREIDING VAN ASIËRS IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE	13
1.9	SALARISVERSPREIDING VAN SWARTES IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE	14
1.10	RANGVERSPREIDING IN DIE SAP VOLGENS VOLKSGROEP	15
1.11	RANGVERSPREIDING IN DIE SAG VOLGENS VOLKSGROEP	15
1.12	RANGVERSPREIDING VAN BLANKES IN DIE SAW VOLGENS WEERMAGSTAK	16
2.1	STEEKPROEF IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE EN VOLKSGROEP, GENEEM OOR ALLE SALARISINTERVALLE	26
2.2	STEEKPROEF IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS SALARISINTERVALLE EN VOLKSGROEP, GENEEM OOR ALLE BEROEPSFAMILIES	27
2.3	STEEKPROEF IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE EN VOLKSGROEP GENEEM OOR ALLE SALARISINTERVALLE	28
2.4	STEEKPROEF IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS SALARISINTERVAL EN VOLKSGROEP GENEEM OOR ALLE BEROEPSFAMILIES	29
2.5	STEEKPROEF VAN BLANKES IN DIE SAW VOLGENS RANG EN WEERMAGSTAK	31
2.6	STEEKPROEF VAN ASIËRS EN KLEURLINGE IN DIE SAW VOLGENS RANG EN WEERMAGSTAK	32
2.7	STEEKPROEF IN DIE SAP VOLGENS RANG EN VOLKSGROEP	33
2.8	STEEKPROEF IN DIE SAG VOLGENS RANG EN VOLKSGROEP	33
2.9	ONDERSOEKGROEP VOLGENS VOLKSGROEP EN GEMEENSKAPSDIENS	36
2.10	GESLAGSAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	38
2.11	HUWELIKSTAAT VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	39
2.12	OUERDOM VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	40



	BLADSY
2.13 WERKERVARING IN STAATSDIENS VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	41
2.14 ERVARING IN HUIDIGE POS VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	42
2.15 HOOGSTE KWALIFIKASIE VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	44
2.16 PERSENTASIE WAT OOR AMBAGSOPLEIDING BESKIK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	45
2.17 PERSENTASIE WAT OOR TIKOPLEIDING BESKIK, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	46
2.18 PERSENTASIE WAT BEHUISINGSSUBSIDIE ONTVANG, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	50
2.19 PERSENTASIE WAT ANDER BEHUISINGSSUBSIDIE ONTVANG, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	51
2.20 BEDRAG PER MAAND BESTEE AAN BEHUISING, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	52
2.21 PERSENTASIE WAT LID IS VAN 'N MEDIESE HULPSKEMA, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	55
3.1 DIE RELATIEWE ROL VAN WERK (BEROEPSARBEID) IN DIE LEWE VAN DIE ONDERSOEKSGROEP, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	58
3.2 WERKTEVREDENHEID VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	59
3.3 TEVREDENHEID MET DIENSVOORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	62
3.4 MENING OMTRENT ASPEKTE RONDOM DIE WERKSOMSTANDIGHEDEN VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	63
3.5 SALARISVORDERING VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	64
3.6 MATE WAARIN VERGOEDING AS REGVERDIG BESKOU WORD VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	66
3.7 MATE WAARIN INKOMSTE VOLDOENDE IS OM AAN DIE SOSIALE VERWAGTINGE TE VOLDOEN VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	67
3.8 PERSENTASIE WAT DIE ONDERSOEKSGROEP MEEN HUL MEER IN SALARIS MOET ONTVANG VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	68
3.9 REDES WAAROM BEAMPTES IN DIE STAATSDIENS WERK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	70
3.10 HOUDING TEENOR DIE STAATSDIENS VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP	72
4.1 PERSENTASIES VOLGENS KWALIFIKASIE EN TEVREDENHEID MET BEVORDERINGSGELEENTHEDE VIR ASIËRS IN DIE STAATSDIENS	77
4.2 PERSENTASIES VOLGENS KWALIFIKASIE EN TEVREDENHEID MET MEDEWERKERS VIR ASIËRS IN DIE STAATSDIENS	78
4.3 PERSENTASIES VOLGENS SALARISGROEP EN TEVREDENHEID MET TOESIG VIR KLEURLINGMANS IN DIE SAW	78
4.4 PERSENTASIES VOLGENS SALARISGROEP EN TEVREDENHEID MET SOORT WERK VIR KLEURLINGMANS IN DIE SAW	78

5.1	GETALLE, GEMIDDELDEN EN STANDAARDAFWYKINGS VAN ENKELE WERK= FASETTE TEN OPSIGTE VAN HUL BELANGRIKHEID VIR ALGEMENE WERK= TEVREDENHEID	83
5.2	KORRELASIES VAN TEVREDENHEID MET DIENSVOORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK MET TEVREDENHEID MET BETREKKING VOLGENS VOLKS= GROEP	85
5.3	KORRELASIES TUSSEN DIE VELDE VAN DIE JDI VOLGENS VOLKSGROEP	88
5.4	GEMIDDELDEN EN STANDAARDAFWYKINGS VIR MANS VOLGENS DIE VELDE VAN DIE JDI VIR SEKERE AMERIKAANSE GROEPE	90
5.5	GETALLE, GEMIDDELDEN EN STANDAARDAFWYKINGS VAN DIE ONDERSOEK= GROEP VIR DIE JDI VOLGENS VOLKSGROEP	91
5.6	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE TOTALE BLANKE GROEP EN DIE AMERIKAANSE GROEPE IN DIE VELDE VAN DIE JDI VOL= GENS 'N STANDAARDSKAAL	92
5.7	BESONDERHEDE VAN VOLKSGROEPE WAT VOLGENS DIE VELDE VAN DIE JDI NIE VERSKIL NIE	93
5.8	DIE PERSENTASIE VARIANSIE IN TEVREDENHEID MET VERGOEDING SOOS GEMEET DEUR DIE JDI WAT DEUR VERSKILLENDE MODELLE VERKLAAR WORD	96

## FIGURE

BLADSY

1	TIPIESE DENDROGRAM OPGESTEL UIT DIE GEGEWENS VAN 'N CHAID-REKENAARUITVOER	19
2.1	MEDIAANSALARIS VOLGENS OUDERDOM VIR BLANKES	47
2.2	MEDIAANSALARIS VOLGENS OUDERDOM VIR SWARTES	48

## ERKENNING

Hierdie navorsing moes binne 'n buitengewoon kort tydsbestek uitgevoer word. Vanaf die beplanningstadium tot dat hierdie verslag gefinaliseer is, het net ongeveer 5 maande geneem. In hierdie tyd moes daar vraelyste opgestel word, 'n ewekansige steekproef van name van persone getrek word, reëlings getref word om hierdie persone op gegewe tye by sentrale punte saam te trek, veldwerkers gereël word om elk van die punte te beman en die inligting in te samel en die ingesamelde inligting moes verwerk word. By elk van die genoemde stadia was beamptes van die RGN en/of staatsdepartemente betrokke en sonder die hulp van hierdie persone sou dit nie moontlik gewees het om die ondersoek so spoedig af te handel nie.

Erkenning word hiermee verleen aan persone wat vir die volgende take verantwoordelik was:

1. Die tiksters van verskillende institute van die RGN wat behulpsaam was met die tikwerk van die vraelyste, steekproefnaamlyste, ander werkstukke en hierdie verslag.
2. Departementele verteenwoordigers, streekverteenwoordigers en streekkoördineerders wat behulpsaam was met die veldwerkreëlings. (Kyk bylae B2, par. 19).
3. Persone wat reëlings vir die gebruik van lokale getref het en departemente wat lokale beskikbaar gestel het.
4. Beamptes van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mannekragnavorsing (SAIMAN), en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese- en Psigometriese Navorsing (SAIPPN) wat vir die veldwerk verantwoordelik was. (Kyk bylae B2, par. 18.)
5. Beamptes van die RGN en van die Kommissie vir Administrasie (KVA) wat in die verskillende komitees gedien het.
6. Personeel van die RGN-streekkantore in Windhoek en Durban.
7. Die beamptes wat in die steekproef ingesluit is en die vraelyste ingevul het.
8. Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste van die RGN:
  - (a) Drukkery-afdeling vir die flinke reëlings vir die druk van die

vraelyste en van die verslag.

(b) Datavaslegging- en dataverwerkingsafdeling vir die pons, redigering, manipulasie en tabellering van die data.

(c) Taalkundiges en proeflesers.

9. Beampes van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Statistiese Navorsing (SAISN), van die RGN vir hulp met die steekproeftrekking en statistiese verwerking van die data, by name mnr. R.H.Stumpf en mev. A. Herbst.
10. Persone wat op enige ander wyse as die bovermeldes van hulp was.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

In enige land speel doeltreffende administrasie 'n belangrike rol in ontwikkeling op alle terreine. In die RSA, met sy snelgroeiende bevolking wat vinnige ekonomiese groei genoodsaak en die besonder ingewikkelde bevolkingsamestelling, is doeltreffende staatsadministrasie van die uiterste belang. Om al die funksies van die Staat uit te voer is nie alleen voldoende, maar ook geskikte personeel nodig.

Gedurende die afgelope jare ondervind die Staatsdiens steeds groter probleme om 'n effektiewe personeelkorps daar te stel en te behou. Alhoewel die vraag- en aanbodsituasie en die redelike algemene tekorte aan hoogopgeleide mannekrag sekerlik een van die redes vir die probleme is, kan verwag word dat diensvoorwaardes en aspekte rondom die werksituasie ook 'n rol sal speel. Vorige navorsing wat deur die RGN uitgevoer is met betrekking tot die klerklike en administratiewe afdelings in die Staatsdiens het aangedui dat 'n wye reeks biografiese en agtergrondveranderlikes, veranderlikes in verband met opleiding, diensvoorwaardes en die werksituasie, 'n rol speel in die vlak van werktevredenheid en dat ontevredenheid met die genoemde veranderlikes op sy beurt aanleiding tot bedanking gee (Smit, 1980). Verder is aangedui dat die meerderheid bedankers uit die Staatsdiens in die genoemde afdelings 'n betrekking teen 'n hoër salaris bekom en in die proses verloor die Staat sy beste intellektuele potensiaal (Smit en Strydom, 1980).

Vir die Kommissie vir Administrasie, as sentrale personeelligaam van die Staatsdiens, het dit duidelik geword dat meer kennis oor die rol wat diensvoorwaardes en aspekte in verband met die werksituasie in werktevredenheid speel, sal bydra om 'n beter bedingingsposisie op die effektiefste manier te skep. Die Kommissie vir Administrasie het derhalwe die RGN versoek om 'n opname onder die Staatsdienspersoneelkorps te onderneem, met die doel om op 'n steekproefbasis

- (a) die algemene peil van werktevredenheid te bepaal;
- (b) te bepaal wat die relatiewe rol is wat besoldiging in werktevredenheid speel, met spesiale verwysing na die verskillende komponente van besoldiging soos salaris, pensioen- en behuisingsvoordele.

## 1.2 METODE

Inligting is deur gebruikmaking van twee vraelyste (kyk bylae A) ingesamel van 'n 5 %-steekproef van beamptes. Die vraelyste en steekproef wat gebruik is en die prosedure wat by die insameling van die inligting gevolg is, word vervolgens bespreek.

### 1.2.1 Vraelyste

Die werktevredenheid van personeel is nie iets wat fisies waargeneem en direk gemeet kan word nie, maar 'n komplekse verskynsel wat beskou kan word as 'n emosionele beleving van hoe 'n werk 'n persoon help, of toelaat om sy werkwaardes te bereik.

Smith, Kendall en Hulin (1969) omskryf werktevredenheid meer spesifiek as "n funksie van die ervaring van die eienskappe van die werk in verhouding tot die individu se verwysingsraamwerk" (p. 12). Daar is velerlei aspekte wat 'n persoon se verwysingsraamwerk (wat subjektief en uniek is) beïnvloed en hiermee moet rekening gehou word wanneer gepoog word om werktevredenheid te meet. Daar is gevolglik besluit om 'n bestaande instrument, die "Job Descriptive Index (JDI)" vir die doel te gebruik. (Kyk vraelys B in bylae A.) Die JDI is deur Smith, Kendall en Hulin (1969) ontwikkel en meet tevredenheid met vyf belangrike aspekte of fasette van werk, naamlik

- (i) aard of inhoud van die werk,
- (ii) vergoeding,
- (iii) toesighouding,
- (iv) bevorderingsgeleentheid en
- (v) medewerkers.

Elke veld word verteenwoordig deur 'n aantal vrae wat volgens 'n driepuntskaal beantwoord moet word, deur "Ja", "Nee" of "Onseker" te antwoord. 'n Totaaltelling is hieruit per veld bereken volgens die gewysigde metode wat die outeurs op bladsy 79 van hulle boek bespreek (Smith, Kendall en Hulin, 1969).

Die ander vraelys (vraelys A in bylae A) is daarop gemik om inligting oor biografiese veranderlikes en veranderlikes in verband met opleiding en die huidige werksituasie te lewer. Die vraelys verskaf verder inligting oor houding teenoor die Staatsdiens, redes waarom die persone vir die staat werk, algemene werktevredenheid en tevredenheid met diensvoorwaardes sowel as inligting

oor tevredenheid met verskillende aspekte van die lewe buite werkverband. Aspekte soos gesins- of familielewe, deelname in die gemeenskap en aan ontspanning ressorteer in die laasgenoemde kategorie. Omdat dit uit die literatuur en uit vorige navorsing van die RGN blyk dat aspekte rondom die werksituasie baie nou saamhang met werktevredenheid en houding teenoor werkgewer, is 'n reeks vrae gevra om 'n aanduiding te kry van hoe respondente verskillende aspekte rondom die werksituasie ervaar. Duidelikheid oor pligte, beloning vir prestasie en vatbaarheid vir nuwe idees is voorbeelde van sake waarvoor inligting bekom is. Die doel met hierdie vraelys is om inligting te bekom wat moontlik kan bydra tot die verklarings van bevindings oor tevredenheid in die werksituasie. Alhoewel die JDI 'n gestandaardiseerde instrument vir die meting van werktevredenheid is, is daar in die RSA tans geen inligting waarmee die bevindings van hierdie navorsing, sover dit die resultate van die JDI betref, vergelyk kan word nie. Daar is gevolglik so ver moontlik gepoog om vrae, wat wel vergelykingsmoontlikhede bied, in te sluit en die meeste van die vrae wat in vraelys A opgeneem is, is met hierdie doel ingesluit.

#### 1.2.2 Die steekproef

Die Kommissie vir Administrasie (KVA) het versoek dat al drie die dienste naamlik die Suid-Afrikaanse Polisiemag (SAP), die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Suid-Afrikaanse Gevangensdiens (SAG), al vier die provinsiale administrasies (TPA, KPA, NPA en PAO), en die staatsdepartemente (met die uitsondering van die Nasionale Intelligensiediens, alle onderwyspersoneel en alle siviele personeel in die SAP en die SAG) in die ondersoek betrek moet word. In oorleg met die KVA is besluit om alle plaaslike loonrol- en deeltydse personeellede vir die doeleindes van hierdie ondersoek buite rekening te laat. Verder is besluit om die salariskerf van R26 250 (die direkteursrang in die Staatsdiens) as boonste afsnypunt en die salariskerf van R1 998 in die geval van die Blanke personeellede en R1 200 in die geval van personeellede van die ander volksgroepe, as onderste afsnypunte in die ondersoek te gebruik. Weens die tydsbeperking wat daar op die ondersoek gelê is, is besluit om nie 'n landswye gestratifiseerde ewekansige steekproef van personeellede van bogenoemde instansies te trek nie, maar meer eksemplaries te werk te gaan. Vir die Staatsdiens, die provinsiale administrasies en die SAP is die volgende eksemplariese gebiede vir hierdie doel gekies, naamlik 'n straal van 50 km rondom elk van die volgende: Pretoria, die Witwatersrand-Vereeniginggebied (met die insluiting van onder andere Johannesburg, Randburg, die Wesrand, die Oosrand, Vanderbijlpark en Vereeniging), Pietersburg, Bloemfontein, Kroonstad, Durban, Pietermaritzburg, Kaapstad



Kimberley, Port Elizabeth, Windhoek, die Vrystaatse Goudvelde en Bethlehem slegs vir PAO en Dundee en Newcastle slegs vir NPA. Verder is Walvisbaai en Ondangwa/Oshakati vir die SAP ook ingesluit aangesien operasionele gebiedsdiens die SAP raak en heelwat van die SAP na SWA gesekondeer word. Wat SAG betref, is besluit om van die 50 km-reël af te wyk en 'n aantal gevangenisplase, wat 'n verteenwoordigende beeld vorm van SAG-personeel wat by gevangenisplase gestasioneer is, te betrek. Die gevangenisplase soos in bylae B2 par. 16, is gevolglik ingesluit.

Die omvang van verplasings in die SAW en die andersoortige geografiese verspreiding van die verskillende weermagdele (Lugmag, Leër, Vloot en SAGD), het tot gevolg gehad dat die SAW in geheel afsonderlik hanteer moes word en dat daar op geografiese grondslag afgewyk moes word van die gebiede wat vir die res van die steekproef gegeld het. Die uitgangspunt was om 'n verteenwoordigende steekproef (in 'n eksemplariese sin) van die Leër, Lugmag, Vloot en Geneeskundige Dienste (SAGD), met inagneming van die geografiese verspreiding binne elke tak (AD, Administrasie, Tegniek en Professioneel) te verkry. In paragraaf 17 van bylae B2 verskyn 'n kronologiese lys van die verskillende eenhede wat besoek is en derhalwe in die steekproef ingesluit is. Dit blyk dus dat heelparty eenhede, wat buite die 50 km straal van geografiese punte, wat vir die res van die steekproef gegeld het, by die SAW-steekproef ingesluit is, soos byvoorbeeld Rooikoplugmagbasis (by Walvisbaai), die lugmagbasis te Langebaanweg (naby Saldanhabaai), die vlooteenheid (by Saldanhabaai) en Lohatla-krygskool ( $\pm$  250 km vanaf Kimberley). Dit is ook wenslik geag om SAW-personeel, wat tydens die veldwerk in die operasionele gebied diens gelewer het, by die opname te betrek. Om hierdie rede is Ondangwa en Oshakati ook by die SAW-steekproef ingesluit.

Skattings van die aantal personeellede in diens van elk van die instansies wat by die ondersoek betrek is, is van die KVA verkry. Verder is globaal oor die Staatsdiens en provinsiale administrasies benaderde salarisverspreidings vir elk van die vier volksgroepe verkry. In oorleg met die KVA is bogenoemde inligting gebruik om afsonderlik vir elk van die bevolkingsgroepe in die Staatsdiens en provinsiale administrasies salarisintervalle te verkry, wat as stratifikasiefaktor in die steekproeftrekking gebruik kon word (kyk tabel 1.1). Die doel hiermee was om te verseker dat alle salarisgroepe, en hierdeur alle range in die betrokke instansie, proporsioneel in die steekproef verteenwoordig sou word. Die salarisintervalle is verder

sodanig gekies, dat vir elkeen van die volksgroepe 'n voldoende aantal personeellede per salarisinterval ingesluit sou word om sinvolle gevolgtrekkings uit die steekproefdata moontlik te maak.

TABEL 1.1

SALARISINTERVALLE VAN PERSONEELLEDE IN DIE STAATSDIENS  
VOLGENS VOLKSGROEP  
(soos vanaf 1 April 1981 van toepassing)

Blank <sup>1)</sup>	Kleurling/Indiër	Swart
R	R	R
1 998- 3 150	1 200- 2 718	1 200- 1 704
3 151- 3 582	2 719- 3 150	1 705- 1 998
3 583- 4 014	3 151- 3 582	1 999- 2 334
4 015- 4 470	3 583- 4 470	2 335- 2 718
4 471- 4 950	4 471- 5 190	2 719- 3 582
4 951- 5 430	5 191-26 250	3 583- 4 230
5 431- 6 210		4 231- 5 430
6 211- 7 020		5 431-26 250
7 021- 8 010		
8 011- 9 090		
9 091-11 430		
11 431-14 400		
14 401-26 250		

1) In die geval van die Blankes het die salarisinterval R1 200-R1 997 in die finale steekproef verval as gevolg van die eliminasië van die beroepsfamilie 23 (kyk par. 2.2).

In die Staatsdiens is 22 beroepsfamilies deur die KVA geïdentifiseer (kyk bylae C). Personeellede wat nie in een van hierdie 22 beroepsfamilies ingedeel kon word nie, is uitgesluit. Die indeling in beroepsfamilies het deur middel van rangkodes geskied. Dieselfde indeling het vir die provinsiale administrasies gegeld en rangkodes in die provinsiale administrasies waarvoor daar nie 'n ekwivalente rangkode in die Staatsdiens was nie, is ook uitgesluit. Ten einde proporsionele dekking van al die beroepsfamilies te verkry, is besluit om beroepsfamilie ook as 'n stratifikasiefaktor in die steekproeftrekking te gebruik.

Wat die drie dienste betref (SAW, SAP, SAG), is nie volgens salarisintervalle gestratifiseer nie, maar wel volgens militêre rang (Die term "militêre rang" word deurgaans in die verslag gebruik vir die SAW, SAP en SAG

om sodoende moontlike verwarring met die begrip "rang", wat vir die Staatsdiens gebruik word, te voorkom). Die rede hiervoor lê daarin dat daar in die dienste 'n noue verband tussen hierdie twee veranderlikes bestaan. Gevolglik is vir elkeen van die drie dienste 'n militêre rangverspreiding per volksgroep verkry en met behulp hiervan, proporsioneel gestratifiseer.

In die geval van die SAW is ook tussen weermagsdele, (Leër, Lugmag, Vloot en SAGD) en weermagstakke (Algemene Dienste, Administratiewe Dienste, Tegniese Dienste en Professionele Dienste) proporsioneel gestratifiseer. Die siviele personeel in die skeepswerf te Simonstad is eerstens volgens beroepskategorie en tweedens volgens volksgroep proporsioneel gestratifiseer.

In tabelle 1.2 tot 1.5 word vir die verskillende volksgroepe 'n salarisverspreiding (in die salarisintervalle soos weergegee in tabel 1.1) van die aantal personeellede in die Staatsdiens, wat in die opname betrek is, vir elk van die beroepsfamilies 1 tot 23 gegee. Dieselfde gegewens verskyn in tabelle 1.6 tot 1.9 vir die kwalifiserende personeellede van die provinsiale administrasies. In tabelle 1.10 en 1.11 word vir elk van die volksgroepe die militêre rangverspreiding in die SAP en in die SAG gegee. Ten slotte word in tabel 1.12, gesamentlik oor die vier weermagsdele en SAGD die militêre rangverspreiding vir elk van die weermagstakke vir Blankes gegee. Aangesien die aantal Asiërs, Kleurlinge en Swartes in die SAW redelik klein is, word nie 'n tabel soortgelyk aan tabel 1.12 vir die Blankes, vir hierdie groepe verstrek nie. Die onderskeie aantalle is 375, 1667 en 999. Tabel 1.12 sluit nie siviele Blanke personeel in die SAW in nie, terwyl bogenoemde getalle ten opsigte van die Asiërs, Kleurlinge en Swartes dit wel insluit. (Hulpdienspersoneel is uitgesluit).

Op grond van al die voorgaande inligting is besluit om 'n 5 %-steekproef proporsioneel gestratifiseer ewekansig soos volg te trek:

Die Staatsdiens en provinsiale administrasies: Hier is proporsioneel gestratifiseer volgens departement, geografiese gebied, volksgroep, beroepsfamilie en salarisinterval.

Die SAP en SAG: Hier is proporsioneel gestratifiseer volgens geografiese gebied, volksgroep en militêre rang en 'n aantal gevangenisplase is ingesluit ten einde 'n verteenwoordigende beeld volgens aard van boerdery en afstand vanaf naaste dorp of stad, vir dié groep te verkry.

TABEL 1.2

SALARISVERSPREIDING VAN BLANKES IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaris (R/j)																Totaal												
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N													
1	81	136	396	88	77	36	73	22	18	4	5	1	937	19	17	14	16	45	63	199	199	306	1 000	633	4	5	1	3 113	
2	7	9	13	9	6	8	57	17	27	38	40	58	360	7	9	13	9	6	8	57	17	27	38	40	58	71	25	62	900
3	30	50	22	19	11	21	124	76	35	70	113	150	900	20	25	17	28	40	49	253	117	116	137	177	265	300	506	1 544	
4	2	1	29	34	52	33	35	15	66	49	190	280	1 292	2	1	2	2	1	2	2	1	6	2	11	10	25	179	900	
5	27	22	32	77	109	132	213	48	58	25	37	1	781	25	43	82	88	143	217	468	158	345	305	470	928	639	3 911		
6	25	43	82	88	143	217	468	158	345	305	470	928	3 911	25	43	82	88	143	217	468	158	345	305	470	928	639	3 911		
7	47	106	355	292	190	433	202	82	55	31	11	1	1 808	47	106	355	292	190	433	202	82	55	31	11	1	1	1	1	1 808
8	450	194	550	250	222	402	364	351	328	413	426	417	5 144	450	194	550	250	222	402	364	351	328	413	426	417	777	777	5 144	
9	11	1	8	6	21	8	12	2	21	25	38	62	387	11	1	8	6	21	8	12	2	21	25	38	62	172	387		
10	18	14	16	14	33	11	35	24	26	4	19	42	415	18	14	16	14	33	11	35	24	26	4	19	42	159	415		
11	4	4	5	4	12	13	70	68	15	15	56	72	460	4	4	5	4	12	13	70	68	15	15	56	72	126	460		
12	12	47	66	14	23	23	90	75	103	233	223	480	2 172	12	47	66	14	23	23	90	75	103	233	223	480	783	2 172		
13	16	28	34	34	19	16	17	13	11	15	56	47	324	16	28	34	34	19	16	17	13	11	15	56	47	18	324		
14	7	11	15	37	25	18	49	30	49	37	99	102	568	7	11	15	37	25	18	49	30	49	37	99	102	89	568		
15	4	5	1	1	7	59	96	47	27	26	13	20	436	4	5	1	1	7	59	96	47	27	26	13	20	130	436		
16	7	25	21	2	3	1	2	5	108	379	794	1 589	3 836	7	25	21	2	3	1	2	5	108	379	794	1 589	891	3 836		
17	1 028	2 186	1 627	2 565	1 348	1 221	1 556	1 734	723	982	15	2	14 995	1 028	2 186	1 627	2 565	1 348	1 221	1 556	1 734	723	982	15	2	8	14 995		
18	4	2	29	23	17	13	11	6	42	43	101	201	663	4	2	29	23	17	13	11	6	42	43	101	201	122	663		
19	1 652	979	911	870	568	336	516	168	138	29	94	14	6 281	1 652	979	911	870	568	336	516	168	138	29	94	14	6	6 281		
TOTAAL	3 471	3 904	4 243	4 474	2 973	3 116	4 532	3 425	3 320	3 503	3 504	5 012	50 541	3 471	3 904	4 243	4 474	2 973	3 116	4 532	3 425	3 320	3 503	3 504	5 012	5 064	50 541		
TOTAAL (sonder 23)	1 819	2 925	3 332	3 604	2 405	2 780	4 016	3 257	3 182	3 474	3 410	4 998	44 260	1 819	2 925	3 332	3 604	2 405	2 780	4 016	3 257	3 182	3 474	3 410	4 998	5 058	44 260		

TABEL 1.3

SALARISVERSPREIDING VAN KLEURLINGE IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaris (R/j)										Totaal
	1 200-2 718	2 719-3 150	3 151-3 582	3 583-4 470	4 471-5 190	5 191-26 250	N	N	N	N	
1	221	171	52	36	67	6	553				
2	1	1		2		5	9				
3		3	8	3		21	35				
5			1			10	11				
6	2		1				3				
8	591	17		14	15	4	641				
9	12	9	8	10		1	40				
10	21	9	32	25	10	2	99				
11	415	168	169	277	129	199	1 357				
12	2					5	2				
14	2					1	7				
15							1				
16	1						1				
17	9					4	90				
18		18	27	31	1	4	90				
19	44		1	1	22	28	51				
20	299	167	535	436	136	181	228				
22	11	3	2	12	5	2	35				
23	51	18	8	21	16	14	128				
TOTAAL	1 682	584	844	869	402	528	4 909				
TOTAAL (sonder 23)	1 631	566	836	848	386	514	4 781				

TABEL 1.4

SALARISVERSPREIDING VAN ASIËRS IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps- familie	Salaris (R/j)											Totaal
	1 200-2 718	2 719-3 150	3 151-3 582	3 583-4 470	4 471-5 190	5 191-26 250	N	N	N	N	N	
1	4	5										9
2				1					1			2
3				1					4		4	9
7										2		2
8	1	7	1	1					3			15
9									2		3	5
10	6	2	10	18					1			39
11	42	48	32	30					38			431
12	1											1
14										11		11
15									2		5	14
16	1		1	6								2
17	3		1	1								5
18	1								3			22
19										18		41
20	12	19	84	148					54	117		434
21									1			2
22	12	3	1	27					7			50
23	4	4	12	6					2			28
TOTAAL	87	88	142	240	118	447						1 122
TOTAAL (sonder 23)	83	84	130	234	116	447						1 094

TABEL 1.5

SALARISVERSPREIDING VAN SWARTES IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaries (R/j)													Totaal		
	1 200-1	704	1 705-1	998	1 999-2	334	2 335-2	718	2 719-3	582	3 583-4	230	4 231-5		430	5 430-26
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
1	20	16	17	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	55
2																1
3	3	1		22									143		137	525
5	1	1														2
6																1
8	4	8	8	6					7				1			33
9	6	28	16	13					7				8		2	83
10	4	4	9	8					7							35
11	856	667	828	422					924				1 048		833	6 101
12	1	1														2
14																
15																2
16	7	2		3					1				1			14
17	2		1						1							4
18	3	9	5	1					1				45		1	106
19				1												1
20	275	134	165	304					444				68		11	1 484
22	27	31	23	14					32				1			128
23	162	18	17	24					6							227
TOTAAL	1 371	920	1 089	820					1 547				1 315		984	8 804
TOTAAL (sonder 23)	1 209	902	1 072	796					1 541				1 315		984	8 577





TABEL 1.7

SALARISVERSPREIDING VAN KLEURLINGE IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaris (R/j)										Totaal	
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N		
	1 200-2 718	2 719-3 150	3 151-3 582	3 583-4 470	4 471-5 190	5 191-26 250						
1	7	10	1									18
2				1								1
3			7	8	7							26
7		31	32	20	26	4						109
8	3	5	9	25	8							50
10	13	5	9	19	2							48
11	1 986	1 583	1 506	997	489	2 049						8 610
16	24	8	18	3								53
18					1							14
19												9
20	97	41	55	164	72	34						463
22	84	70	50	141								345
23	24	20	14	19	1							78
24	146	26	62	10		21						265
TOTAAL	2 384	1 799	1 763	1 407	606	2 130						10 089
TOTAAL (sonder 23 en 24)	2 214	1 753	1 687	1 378	605	2 109						9 746

TABEL 1.8

SALARISVERSPREIDING VAN ASIËRS IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaris (R/j)										Totaal
	1 200-2 718	2 719- 3150	3 151-3 582	3 583-4 470	4 471-5 190	5 191-26 250	N	N	N	N	
1	5	1	1	2							9
2										54	54
3		2								1	3
6								2			2
8	17	4	16	27	3					3	70
9										3	3
10	61	175	34	45	11					1	327
11	264	225	236	221	82		1 082				2 110
17	1	1	2	7	1						13
18										2	2
19										10	10
20	65	18	73	118	82					48	404
22	4	4	4	65	1					4	82
23	45	80	52	152	8					14	351
24	3									1	4
TOTAAL	465	510	418	637	190		1 224				3 444
TOTAAL (sonder 23 en 24)	417	430	366	485	182		1 209				3 089

TABEL 1.9

SALARISVERSPREIDING VAN SWARTES IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE

Beroeps-familie	Salaris (R/j)													Totaal
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	
1	21	33	12	2	21	1								68
2	1	1	1	2	6									25
3				3										10
4		1	1											2
8	4	8	6	5	34	10	1							68
9			1	1	5									7
10	13	14	59	43	22	2								153
11	1 621	2 363	2 152	1 109	2 508	1 312	2 511	4 443						18 019
16	30	29	15	23										97
17			9	6	10	5	1							31
18	1	1		2	1	12	8							23
19		1												3
20	232	71	178	296	285	109	87	55						1 313
22	18	14	9	17	22	2								82
23	20	30	180	317	570	10	1							1 128
24	2 398	1 883	1 335	185	358	37	4	4						6 204
TOTAAL	4 358	4 449	3 958	2 011	3 842	1 500	2 612	4 503						27 233
TOTAAL (sonder 23 en 24)	1 940	2 536	2 443	1 509	2 914	1 453	2 608	4 498						19 901

TABEL 1.10

## RANGVERSPREIDING IN DIE SAP VOLGENS VOLKSGROEP

Rang	Volksgroep			
	Blank N	Kleurling N	Asiër N	Swart N
Konstabel	6 449	1 760	513	7 373
Sersant	4 144	369	261	3 359
Adj.- Offisier	3 659	109	109	717
Luitenant	646	17	13	45
Kaptein	728	8	5	26
Majoor	428	4	2	7
Lt. Kol/Kolonel	427	1	1	3
Brigadier	84			
TOTAAL	16 565	2 268	904	11 530

TABEL 1.11

## RANGVERSPREIDING IN DIE SAG VOLGENS VOLKSGROEP

Rang	Volksgroep		
	Blank N	Kleurling/Asiër N	Swart N
Bewaarder	3 781	1 287	4 414
Sersant	1 520	332	923
Adj.-Offisier	576	49	137
Luitenant	130	7	7
Kaptein	134	2	4
Majoor	89	2	2
Lt. Kol/Kolonel	72	1	
Brigadier	20		
TOTAAL	6 322	1 680	5 487

TABEL 1.12  
RANGSPREIDING VAN BLANKES IN DIE SAW VOLGENS WEERMAGSTAK <sup>1)</sup>

Rang	Weermagstak					Totaal
	Algemene dienste	Administratiewe groep	Tegniese groep	Professionele groep	SAGD	
	N	N	N	N	N	N
Weerman		1 401	1 927		146	3 523
O-Korporaal	94	1 682	978		63	2 817
Korporaal	150	1 961	1 206		154	3 471
Sersant	113	1 689	1 555		69	3 426
Stafersant	79	998	945		65	2 087
Adj. Off. II	41	662	470		53	1 226
Adj. Off. I	38	595	382		41	1 056
Kand. Off.	126	13		25	31	195
2de Luitenant	132	20	5	26	99	282
Luitenant	608	265	23	75	120	1 089
Kaptein	472	385	18	58	182	1 115
Majoor	339	300	19	58	85	801
Kommandant	339	323	23	76	51	812
Kolonel	235	123	4	62	39	463
Brigadier	88	23	1	17	19	148
TOTAAL	2 854	10 438	7 556	443	1 220	22 511

<sup>1)</sup> Kapelane in die SAW is uitgesluit.

Die uniformpersoneel in die SAW: Die geografiese gebiede is hier ten dele so gekies om vir die verskillende volksgroepe voorsiening te maak. Gevolglik is proporsioneel gestratifiseer volgens geografiese gebied (en ten dele volgens volksgroep), weermagsdeel, weermagstak en militêre rang.

Die siviele personeel in die SAW (onder andere in die skeepswerf): Hier is proporsioneel gestratifiseer volgens kategorie, weermagstak en volksgroep.

Deur bemiddeling van die KVA is vir elk van die staatsdepartemente en provinsiale administrasies 'n rekenaardrukstuk, getrek vanaf die betrokke salarismeester, van die name van die personeellede wat vir opname in die steekproef gekwalifiseer het, verkry. Hierdie naamlyste was gestratifiseer volgens volksgroep, salarisinterval en beroepsfamilie en verder gerangskik volgens die betaalpuntkode. Die betaalpuntkode, wat 'n aanduiding van die geografiese ligging van die betaalpunt is, is gebruik om die indeling in die eksemplariese geografiese gebiede te bewerkstellig. Uit elk van die strata gevorm deur volksgroep, salarisinterval en beroepsfamilie, is 5 % van die name getrek waarby name, waarvan die betaalpunt nie in een van die gekose geografiese gebiede gelê het nie, vervang is deur name wat wel vir insluiting in die steekproef gekwalifiseer het. Dit is nodig om daarop te let dat hierdie wyse van trekking meegebring het dat in elke stratum meer as 5 % van die name waarvan die betaalpunt in die gekose geografiese gebied gelê het, getrek is. Benewens die 5 % name wat in elke stratum op bostaande wyse getrek is, is ook 'n aantal addisionele name getrek om voorsiening te maak vir moontlike bedankings en vir getrekte personeellede wat op die datum van opname om ander redes nie beskikbaar mag wees nie.

In die geval van die SAP was die name van die personeellede gestratifiseer volgens volksgroep en militêre rang en verder gerangskik volgens die betaalpuntkode. Op dieselfde wyse soos hierbo, is 5 % van die name in elke stratum getrek, asook 'n aantal addisionele name. In die geval van die SAG is die name van die personeellede gestratifiseer volgens geografiese gebied (en gevangenisplaas waar van toepassing), volksgroep en militêre rang.

Die probleem van verplasings in die SAW, waarna reeds vroeër verwys is, het tot gevolg gehad dat 'n steekproef nie vooraf getrek kon word nie, maar tydens die veldwerk getrek moes word.

Daar is egter vooraf gereël dat naamlyste van alle beskikbare persone (soos op datum van opname), gestratifiseer volgens weermagsdeel, weermagstak, volksgroep (waar van toepassing) en militêre rang, beskikbaar sal wees. Die aantal persone uit elke stratum wat getrek moes word, is bepaal deur 5 % te neem van die totale aantal persone in die stratum wat die betrokke geografiese punt as basis het.

### 1.2.3 Veldwerkprosedure

Beamptes van die RGN het vooraf die hoofkantore van departemente persoonlik besoek en die doel met die navorsing, sowel as die prosedure vir die veldwerk, verduidelik. Elke departement het vervolgens 'n skakelbeampte uit sy personeelafdeling aangewys wat die reëlins vir dié departement moes tref (kyk bylae B2 par. 19). Verteenwoordigers is verder aangewys vir elke departement in elke geografiese streek waarin die navorsing plaasgevind het.

Beamptes wat in die steekproef ingesluit is, is by sentrale punte in groepe van ongeveer 50 per keer saamgetrek. Geskikte lokale is vir die doel gereël en in elke gebied is 'n koördineerder aangewys (kyk bylae B2, par. 1-15). 'n Veldwerkprogram is opgestel (kyk bylae B2 par. 1-17) en departemente is versoek om beamptes wat moes deelneem in oorlegpleging met die koördineerders, by die program in te pas. Elke koördineerder moes toesien dat die kapasiteit van die lokaal nie oorbenut word nie en dat sover moontlik nie meer as 50 persone gelyktydig betrek word nie. Die datum waarop die veldwerk moes begin is so beplan dat daar minstens 'n week tyd sou wees vir departemente om die reëlins te tref nadat die steekproef van name van beamptes ontvang is. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN (SAISN) het egter onvoorsiene probleme ondervind met die trek van die steekproef, aangesien die gestratifiseerde naamlyste vanaf die salarismeesters nie betyds bekom kon word nie. Dit het meegebring dat alhoewel die veldwerkprogram 'n week aangeskuif is, die meeste departemente nogtans op kort kennisgewing reëlins moes tref. Goeie samewerking is deurgaans verkry.

Praktiese probleme soos vervoer en die kort tyd van kennisgewing was die belangrikste redes waarom persone of groepe persone nie by die program ingeskakel kon word nie. In hierdie gevalle is alternatiewe reëlins om die bepaalde probleem te oorbrug, sover moontlik getref, die meeste van hierdie probleme is opgelos deur beamptes in 'n lokaal op die betrokke perseel saam te trek in stede van beamptes na 'n ander lokaal te vervoer. Hierdie reëlins moes veral vir groot hospitale en vir gevangenisplase getref word.





in die analise opgeneem was. Hierna volg inkomste as die tweede belangrikste voorspeller. Let op dat inkomste vier peile besit. By huwelikstaat (1,3) word inkomste in twee klasse, naamlik (1,2) en (3,4) verdeel terwyl die onderverdeling by huwelikstaat (2,4) die klasse (1) en (2,3,4) is. In die geval van byvoorbeeld huwelikstaat 2 kan (1) en (2,3,4) as twee groepe beskou word wat statisties beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die wyse waarop elkeen die variasie in Y verklaar. Elke klas vorm egter 'n min of meer homogene groep. In hierdie voorbeeld kon verdere voorspellers soos personeelgroep, geslag, geografiese gebied, ouderdom en dies meer ook ter sprake gewees het. Aangesien die bydrae van hierdie voorspellers nie statisties beduidend is nie, vorm dit nie deel van die dendrogram nie.

Die program CHAID word hoofsaaklik om die volgende redes gebruik:

- (a) 'n Voorlopige analise vir die bepaling van 'n geskikte model waarop verdere kwalitatiewe data-analise tegnieke, soos logistiese regressie - of logliniêre-analise toegepas kan word.
- (b) 'n Finale en volledige analise. So byvoorbeeld kan 'n Y-waarde voorspel word wat ooreenstem met 'n bepaalde peil van 'n voorspeller. Dit word gedoen deur die vertakkings van die dendrogram te volg vanaf Y tot by die gevraagde peil van die betrokke voorspeller. Uit figuur 1 volg byvoorbeeld dat 33 % van die persone van huwelikstaat 1 en 3 wat in die inkomstegroepe 1 en 2 val na verwagting "ja" sal antwoord op vraag Y terwyl 67 % na verwagting "nee" sal antwoord.

In 'n CHAID-analise word die aanname gemaak dat die voorspellers *kategoriese veranderlikes* is, dit wil sê *nominaal* of *ordinaal*. Voorbeelde van nominale veranderlikes is: geslag (manlik, vroulik), geografiese gebied (Pretoria, Johannesburg, ens.) en huwelikstaat (getroud, geskei, ongetroud, wedustaat). Voorbeelde van ordinale data is kwalifikasies (st. 8, st. 9, st. 10, diploma, graad) en inkomste (laag, gemiddeld, hoog). Voorspellers soos ouderdom (asook inkomste) wat meetbaar is op 'n intervalskaal kan vir die doeleindes van CHAID na ordinale veranderlikes omskep word deur die moontlike inkomstes van die betrokke voorspeller in kategorieë te plaas. So kan ouderdom byvoorbeeld aangegee word as (16 tot 24), (25 tot 50) en (51 tot 90), dit wil sê drie kategorieë waarvan die peile onderskeidelik deur 1, 2 en 3 aangedui kan word.

As deel van die CHAID-invoer moet aangedui word of die voorspellers *monotoon* of *vry* is. Vir die doeleindes van CHAID word 'n voorspeller gedefinieer as monotoon *indien* die verwantskap tussen sodanige voorspeller en die afhanklike veranderlike Y wel monotoon van aard is, dit wil sê, indien die waardes van Y slegs toeneem (of slegs afneem) by toename in waardes van die voorspeller. Alle ordinale veranderlikes is derhalwe nie monotoon van aard nie. So byvoorbeeld mag die verband tussen die ordinale veranderlike ouderdom (as voorspeller) en inkomste (as afhanklike veranderlike) eers 'n stygende en daarna 'n dalende tendens toon. In hierdie geval word ouderdom in 'n CHAID-analise as 'n "vry" veranderlike beskou. Gewoonlik word voorspellers soos woongebied, taal, ras en huwelikstaat ook as "vry" veranderlikes beskou.

### Stappe in die CHAID-analise

Vir 'n gegewe datastel, sal CHAID deur 'n aantal stappe gaan, waarvan elk van die volgende 'n vorm is:

- (a) Die kategorieë (peile) van 'n bepaalde voorspeller word nagegaan en moontlik hergroepeer in 'n aantal klasse, sê  $k$ , wat elk min of meer homogeen ten opsigte van die Y-waardes is. Gestel die ses kategorieë van 'n voorspeller word aangedui deur die simbole A, B, C, D, E en F. Hierdie kategorieë word dan byvoorbeeld gereduseer na die volgende drie klasse, naamlik  $\{A, D\}$ ,  $\{B\}$  en  $\{C, E, F\}$  en wel op sodanige wyse dat daar betekenisvolle verskille ten opsigte van hulle invloed op Y *tussen* die drie klasse is, maar nie tussen die kategorieë binne elke klas nie.
- (b) Elkeen van die voorspellers word vervolgens op bogenoemde wyse ontleed en dan word daardie voorspeller wat die meeste variasie in die Y-waardes verklaar, gebruik om die data in  $k$  substelle te verdeel.

Uit figuur 1 volg byvoorbeeld dat die voorspeller huwelikstaat in stap (a) hergroepeer is na  $\{1, 3\}$  en  $\{2, 4\}$  en in stap (b) gekies is as die voorspeller wat die meeste bydra tot die verklaring van variasie in die waargenome Y-waardes.

Vervolgens word elke substel nou ooreenkomstig stappe (a) en (b), hierbo beskryf, ontleed. Die proses word voortgesit totdat daar geen ver-

deling van die data in substelle, op so 'n wyse dat die verdeling steeds statisties betekenisvol is, moontlik is nie.

Die statistiese kriteria wat in CHAID gebruik word by die onderverdeling van die data in subdatastelle is:

- (i) Die  $X^2$ -grootheid wat by  $(r \times k)$ -gebeurlikheidstabelle gebruik word, waarby  $r$  die aantal peile van  $Y$  en  $k$  die aantal peile van die voorspeller aandui.
- (ii) Bonferroni-intervalle vir die peil van betekenis van die toets: Gestel dat die oorspronklike  $c$  kategorieë van 'n voorspeller op  $B$  verskillende maniere in  $k$  klasse onderverdeel kan word, dan word 'n  $100(1 - \alpha)\%$ -Bonferroni-interval bereken deur die kritieke waardes van die betrokke toetsgrootheid te bepaal by 'n peil van betekenis van  $\alpha/B$ .

#### Beperkings van CHAID

CHAID is nie geskik vir gebruik by klein datastelle nie en werk al hoe beter namate die aantal waarnemings vergroot. 'n Algemene riglyn is om te verseker dat elke subgroep, soos byvoorbeeld die inkomste van getroudes en geskeides (huwelikstaat 1 en 3), kyk figuur 1, gevorm is uit 'n minimum van  $5 \times r \times c$  waarnemings. Hierby is  $r$  die aantal peile van  $Y$  en  $c$  die aantal peile van die voorspeller. 'n Meer algemene riglyn is om slegs datastelle van 500 of meer waarnemings in 'n CHAID-analise te gebruik.

### 1.3 BEGRIPOMSKRYWING

In die verslag word die ondersoekgroep dikwels in subgroepe verdeel en word 'n sekere term gebruik om 'n spesifieke subgroep aan te dui. Omskrywings van hierdie terme is dus nodig.

#### (a) Sentrale Staatsdiens

Met die term word bedoel die verskillende staatsdepartemente met uitsluiting van die provinsiale administrasies en die dienste (SAW, SAP, SAG).

#### (b) Staatsdiens

Die provinsies word ingesluit maar nie die dienste nie.

(c) Gemeenskapsdiens

Verwys na al die subgroepe gesamentlik.

(d) Weermagsdeel

Verwys na die leër, lugmag, vloot en SA Geneeskundige Dienste (SAGD).

(e) Weermagstak

Verwys na die Algemene Dienste (AD) en Administratiewe-, Tegniese-, en Professionele Dienste.

(f) Militêre rang

Hierdie begrip verwys na die offisiers- en onderoffisiers-range van die SAW, SAP en SAG.

#### 1.4 OPSET VAN VERSLAG

In hoofstuk 2 word aandag gegee aan die mate waarin die gerealiseerde steekproef in ooreenstemming is met die steekproef wat aanvanklik getrek is om sodoende 'n aanduiding te kry van hoedanig die finale steekproef die universon verteenwoordig volgens die verskillende stratifikasiefaktore waarvolgens die steekproef getrek is. Voorts word in hoofstuk 2 ook enkele ander eienskappe van die ondersoekgroep bespreek soos geslag, ouderdom, huwelikstaat en kwalifikasie. Hoofstuk 3 handel oor die algemene houding teenoor die Staat as werkgewer, die rol wat werk (beroepsarbeid) in die lewe van die ondersoekgroep speel en die mate van tevredenheid met sekere werksaspekte en diensvoorwaardes. Besondere aandag word gegee aan die rol wat salaris en ander aspekte van vergoeding in houding teenoor die Staatsdiens speel. Verder word die algemene vlak van werktevredenheid bespreek en sover moontlik vergelyk met ander navorsingsresultate. Aandag word ook gegee aan die rol van diensvoorwaardes in werktevredenheid en houding teenoor die Staatsdiens. Hoofstuk 4 handel oor die uitwerking van enkele belangrike biografiese veranderlikes op verskillende aspekte van werktevredenheid. In hoofstuk 5 word die interafhanklikheid van veranderlikes as determinante van houding en werktevredenheid bespreek en word die belangrikste veranderlikes met betrekking tot hierdie ondersoek uitgewys.

Die samevatting en die vernaamste bevindinge word in hoofstuk 6 gegee.

## HOOFSTUK 2

### BESKRYWING VAN ONDERSOEGGROEP

#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by twee belangrike aspekte wat moontlike afleidings kan beïnvloed. Eerstens word aandag gegee aan die mate waarin die steekproef, wat gestratifiseer is volgens gemeenskapsdiens (Staatsdiens, SAW, SAP en SAG), volksgroep, salarisgroep en geografiese gebied, 'n verteenwoordigende beeld van die universum weerspieël. Tweedens word die verkreeë steekproef se verdeling volgens 'n aantal biografiese veranderlikes ontleed. Enkele voorbeelde van laasgenoemde is geslag, ouderdom, kwalifikasievlak en werkservaring in die Staatsdiens. Die doel met die hoofstuk is om vir die leser 'n verwysingsraamwerk te skep, waardeur die ontledings wat in die volgende hoofstukke gemaak word, in perspektief gestel kan word. Sommige van die veranderlikes wat in die hoofstuk bespreek word, mag ook belangrike determinante van houding en werktevredenheid wees en waar dit wel die geval is, word in die volgende hoofstukke weer aan hierdie veranderlikes aandag gegee.

#### 2.2 REALISASIE VAN DIE STEEKPROEF

##### 2.2.1 Probleme tydens veldwerk

Verskillende probleme het tydens die veldwerk en redigering van die vraelyste voorgekom, byvoorbeeld

(a) Daar is nie uit alle strata, soos beskrywe in par. 1.2.2, vooraf addisionele name (dit is name bo en behalwe die 5 %-name wat uit die strata in die steekproef getrek is) getrek nie. In sommige gevalle waar vir 'n stratum die volle kwota van 5 % wat in die steekproef ingesluit is, nie vir die opname beskikbaar was nie, moes die veldwerker self addisionele personeellede ewekansig uit die lys van personeellede in hierdie stratum trek. Dit het ook geskied in gevalle waar die addisionele name onvoldoende was. Op hierdie wyse is getrag om die 5 %-kwota uit elke stratum te handhaaf.

(b) In baie gevalle is gevind dat alhoewel 'n persoon wat in=

gesluit is se betaalpunt in 'n geografiese gebied wat in die steekproef ingesluit is, geleë was, die persoon in werklikheid ver buite dié geografiese gebied werkzaam was. In hierdie gevalle is daar sover moontlik ander persone in dieselfde stratum ewekansig gekies soos in par. 2.2.1 (a) hierbo gemeld.

(c) As gevolg van probleme met rekords in verband met die SAW is die steekproef vir die SAW in die veld (dit is by die geografiese punte self) getrek. Indien meer persone as die vereiste aantal in 'n stratum op die betrokke datum beskikbaar was, is die vereiste aantal ewekansig uit die stratum getrek. Indien slegs die vereiste aantal of minder as die vereiste aantal persone in 'n stratum beskikbaar was, is alle beskikbare persone in die stratum by die opname betrek.

(d) Aanvanklik is die SAW-basis te George ook in die steekproef ingesluit, maar die aantal persone wat daar opgeneem moes word, was te min om die koste te regverdig. Gevolglik is besluit om hierdie persone nie te betrek nie.

(e) Nadat die SAW-basis te Jozini besoek is en 'n aantal Swartes aldaar betrek is, is besluit dat dit nie die moeite loon om verdere Swartes in die SAW in die opname te betrek nie, aangesien hul weens hul lae opleidingspeil nie die vraelys kan verstaan nie.

## 2.2.2 Vergelyking tussen aanvanklike steekproef getrek en getal persone in die opname ingesluit

Soos in par. 1.2.2 genoem, is besluit om slegs beroepsfamilies 1 tot 22 in die verwerkings in te sluit. Persone wat nie in hierdie beroepsfamilies ingedeel kan word nie, is uitgesluit.

In tabelle 2.1 tot 2.7 word vir die verskillende instansies wat in die ondersoek betrek is, die gerealiseerde steekproef (dit is die aantal persone in die verskillende strata wat vraelyste ingevul het) met die getrekte steekproef (dit is die aantal persone in die verskillende strata wat getrek is om vraelyste in te vul) vergelyk. In hierdie vergelyking is, wat die Staatsdiens en provinsiale administrasies betref, slegs beroepsfamilies 1 tot 22 beskou aangesien, soos hierbo gestel is, slegs hierdie beroepsfamilies statisties verwerk is. (Onder die Nie-Blanke personeel=

TABEL 2.1

STEEKPROEF IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS BEROEPSFAMILIE EN VOLKSGROEP,  
GENEEM OOR ALLE SALARISINTERVALLE

Beroepsfamilie	Volksgroep							
	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
1	47	45	28	8			3	4
2	156	118						
3	18	15	2	1			26	13
4	3	17						
5	45	40	1	1				
6	77	81		1				
7	65	48						
8	39	44	32	23	1	1	2	4
9	196	153	2	1		1	4	1
10	90	105	5	9	2	3	2	11
11	257	237	68	45	22	19	306	187
12	19	26						
13	21	26						
14	23	31		1	1			1
15	109	78			1			
16	16	19				1	1	
17	28	23	4	1		2		
18	22	24	3	5	1		5	3
19	192	230	11	2	2	4		
20	750	701	81	71	22	22	74	66
21	33	27						
22	8	65	2	7	3	1	6	3
TOTAAL	2 214	2 153	239	176	55	54	429	293
Aantal onvol- ledige vrae= lyste 1)	-	46	-	8	-	1	-	25
GROOTTOTAAL	2 214	2 199	239	184	55	55	429	318
Persentasie opgeneem	99,3		77,0		100		74,1	

1) Persone wat nie salaris en/of aard van werk ingevul het nie.

TABEL 2.2

STEEKPROEF IN DIE SENTRALE STAATSDIENS VOLGENS SALARISINTERVALLE EN VOLKSGROEP,  
GENEEM OOR ALLE BEROEPSFAMILIES

Salarisinterval	Volksgroep							
	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
1200 - 1704							60	35
1705 - 1998							45	32
1999 - 2334			82	49	4	11	54	35
2335 - 2718	91	108					40	31
2719 - 3150			28	21	4	2	77	62
3151 - 3582	146	124	42	31	7	7		
3583 - 4014	167	121					38	31
4015 - 4230	180	195	42	32	12	10		
4231 - 4470								
4471 - 4950	120	116	19	15	6	5	66	36
4951 - 5190	139	127						
5191 - 5430								
5431 - 6210	201	192						
6211 - 7020	163	162						
7021 - 8010	159	153	26	28	22	19		
8011 - 9090	174	177					49	31
9091 - 11430	171	161						
11431 - 14400	250	260						
14401 - 26250	253	257						
TOTAAL	2 214	2 153	239	176	55	54	429	293
Aantal onvol- ledige yrae= lyste 1)	-	46	-	8	-	1	-	25
GROOTTOTAAL	2 214	2 199	239	184	55	55	429	318
Persentasie op- geneem	99,3		77,0		100		74,1	

1) Persone wat nie salaris en/of aard van werk ingevul het nie.



TABEL 2.3

STEEKPROEF IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS BEROEPSFAMILIE EN VOLKSGROEP GENEEM OOR ALLE SALARISINTERVALLE

Beroepsfamilie	Volksgroep							
	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
1	208	39	1	1			3	2
2	167	123		2	3	3	1	
3	12	8	1	3			1	
4	1	1						
5		4						
6	24	20		3				
7	22	16	5					
8	58	15	3	6	4		3	8
9	7	3						
10	72	54	2	7	16	5	8	5
11	1 075	641	431	235	105	91	901	430
12	2							
13	21	7		1				
14	10	16						
15	1	1						
16	9	9	3	3				
17	74	56			1		5	7
18	3	11	1			1	2	1
19	63	61		3	1	1	1	
20	397	304	23	15	20	15	66	32
21	20	3						
22	31	18	17	8	4		4	
TOTAAL	2 277	1 410	487	287	154	116	995	485
Aantal onvol= ledige yrae= lyste 1)	-	63	-	27	-	2	-	55
GROOTTOTAAL	2 277	1 473	487	314	154	118	995	540
Persentasie op= geneem	64,7		64,5		76,6		54,3	

1) Persone wat nie salaris en/of aard van werk ingevul het nie.

TABEL 2.4

STEEKPROEF IN DIE PROVINSIALE ADMINISTRASIES VOLGENS SALARISINTERVAL EN VOLKSGROEP GENEEM OOR ALLE BEROEPSFAMILIES

Salarisinterval	Volksgroep							
	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
1200 - 1704							97	69
1705 - 1998							127	36
1999 - 2334			>111	78	> 21	16	122	42
2335 - 2718	180	136					75	27
2719 - 3150			88	51	22	14	>146	55
3151 - 3582	272	115	84	28	18	19		
3583 - 4014	264	98					> 73	50
4015 - 4230	164	93	> 69	38	> 24	13		
4231 - 4470								
4471 - 4950	73	82	> 30	15	> 9	10	>130	104
4951 - 5190	183	89						
5191 - 5430								
5431 - 6210	194	140						
6211 - 7020	166	93						
7021 - 8010	156	107	>105	77	> 60	44	>225	102
8011 - 9090	188	141						
9091 -11430	136	106						
11431-14400	141	113						
14401-26250	160	97						
TOTAAL	2 277	1 410	487	287	154	116	995	485
Aantal onvol- ledige vraelyste 1)	-	63	-	27	-	2	-	55
GROOTTOTAAL	2 277	1 473	487	314	154	118	995	540
Persentasie op- geneem	64,7		64,5		76,6		54,3	

1) Persone wat nie salaris en/of aard van werk ingevul het nie.

lede is in enkele gevalle gevind dat 'n getrekte personeelid in 'n beroepsfamilie voorkom ten opsigte waarvan die mening toegedaan was dat daar nie enige Nie-Blanke personeellede in daardie beroepsfamilie voorkom nie.)

(a) Realisasie van die steekproef in die sentrale Staatsdiens (tabelle 2.1 en 2.2):

Gloobaal beskou, is die realisasiepersentasies vir die Asiërs en Blankes besonder goed (100 % en 99,3 % onderskeidelik), maar minder goed hoewel nog bevredigend vir die Kleurlinge en Swartes (77,0 % en 74,1 % onderskeidelik). Met inagneming van toevallige steekproeffluktuasies blyk die realisasies oor die afsonderlike beroepsfamilies, sowel as oor die afsonderlike salarisintervalle, heeltemal bevredigend te wees.

(b) Realisasie van die steekproef in die provinsiale administrasies (tabelle 2.3 en 2.4):

Die globale realisasiepersentasies is hier vir al die volksgroepe heelwat laer as in die geval van die sentrale Staatsdiens. Probleem (b) soos beskrywe in par. 2.2.1 was hier aktueel en die laer realisasiepersentasies kan in 'n groot mate hieraan toegeskryf word. In die geval van die Blankes blyk uit tabel 2.3 dat die realisasies in beroepsfamilies 1 en 8 besonder laag is. Dieselfde blyk uit tabel 2.4 ten opsigte van die salarisintervalle R3 151 - R3 582 en R3 583 - R4 014. Origens blyk die realisasies vir die Blankes bevredigend te wees. Die ander volksgroepe toon soortgelyke afwykings. Hoewel in die geheel gesien die realisasies van die steekproef in die provinsiale administrasies minder bevredigend is as in die geval van die sentrale Staatsdiens en enkele groter afwykings voorkom, is die realisasies nietemin nog sodanig dat redelik betroubare afleidings daaruit gemaak kan word.

(c) Realisasie van die steekproef in die SAW (tabelle 2.5 en 2.6):

In al die weermagtakke is meer Blankes in die steekproef opgeneem as wat beplan is. Dit kan grotendeels daaraan toegeskryf word dat siviele personeel in die steekproef, nie in die beplanning van die steek-

TABEL 2.5

STEELPROEF VAN BLANKES IN DIE SAW VOLGENS RANG EN WEERMAGTAK<sup>1)</sup>

Rang	Weermagtak										Totaal	
	Algemene dienste		Administratiewe groep		Tegniese groep		Professionele groep		S A G D			
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Be=plan	Opge=neem	Be=plan	Opge=neem	Be=plan	Opge=neem	Be=plan	Opge=neem	Be=plan	Opge=neem	Be=plan	Opge=neem
Wrmn.		1	70	51	96	50			7	5	173	102
O.-Korp.	5	13	84	83	49	32		1	3	6	141	129
Korp.	7	15	98	103	60	61		1	8	8	173	180
Sers.	6	12	84	95	78	73		1	3	9	171	181
S/Sers.	4	10	50	58	47	59		1	3	4	104	128
Adj.-off./AO II	2	15	33	42	24	27			3	3	62	84
Adj.-off./AO I	2	6	30	44	19	18			2	2	53	68
K.O.	6	2	1	4			1	4	2	3	10	10
2de Luit.	7	4	1	1			1	1	5	1	14	6
Luit.	30	25	13	23	1	3	4	15	6	9	54	66
Kapt.	24	31	19	24	1	5	3	14	9	13	56	74
Maj.	17	26	15	22	1	5	3	6	4	6	40	59
Kmdt.	17	21	16	21	1	3	4	9	3	7	41	54
Kol.	12	11	6	4		3	3	5	2	3	23	23
Brig.	4		1				1		1		7	
Subtotaal	143	192	521	575	377	339	20	58	61	80 <sup>2)</sup>	1 122	1 164
Siviele persone <sup>3)</sup>				25		68				7		100
Onvolledige vraelyste						1 <sup>4)</sup>				5 <sup>5)</sup>		6
TOTAAL	143	192	521	600	377	408	20	58	61	12	1 122	1 270
Persentasie opgeneem												113

- 1) Agt persone het nie hul volksgroep aangedui nie en is uit alle analyses uitgeskakel.
- 2) Hierdie getalle is reeds onder die ander SAW-takke ingesluit.
- 3) Blankes werksaam in die skeepswerf.
- 4) Persoon wat nie rang ingevul het nie.
- 5) Persone wat nóg rang nóg SAW-tak ingevul het.

TABEL 2.6

## STEEKPROEF VAN ASIËRS EN KLEURLINGE IN DIE SAW VOLGENS RANG EN WEERMAGSTAK

Rang	Weermagstak								Totaal	
	Algemene dienste		Administratiewe groep		Tegniese groep		Halfgeskoolde groep			
	Asiërs	Kleur=linge	Asiërs	Kleur=linge	Asiërs	Kleur=linge	Asiërs	Kleur=linge	Asiërs	Kleur=linge
Wrmn.				4		3				7
O.-Korp.	5	6	4	9	1	2			10	17
Korp.	2	3	5	10	1	3			8	16
Sers.	3	5	2	5		3			5	13
S/Sers.		2	1	5					1	7
Adj.-off./AO I			1						1	
K.O.				1						1
Luit.		1		2						3
Subtotaal	10	17	13	36	2	11			25	64
Siviele persone				7	1	20	1 <sup>1)</sup>	36 <sup>1)</sup>	2	63
Onvolledige vraelyste										1 <sup>2)</sup>
TOTAAL	10	17	13	43	3	31	1	36	27	128

1) Asiërs/Kleurlinge werksaam in die skeepswerf.

2) Kleurling wat nóg rang nóg SAW-tak ingevul het.

TABEL 2.7  
 STEEKPROEF IN DIE SAP VOLGENS RANG EN VOLKSGROEP<sup>1)</sup>

Rang	Volksgroep							
	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
Konstabel	322	284	88	78	26	30	369	294
Sersant	207	183	18	23	13	14	168	144
Adj.-Off.	183	165	5	7	5	8	36	39
Luitenant	32	29	1	2	1	2	2	3
Kaptein	36	45		2			1	2
Majoor	21	22						
Lt.-Kol./Kolonel	21	21						
Brigadier	4	4						
TOTAAL	826	753	112	112	45	54	576	482
Persentasie opgeneem <sup>1)</sup>	91,2		100		120		83,7	

1) 25 persone het nie hul volksgroep aangedui nie en is uit alle analyses uitgeskakel.

TABEL 2.8  
 STEEKPROEF IN DIE SAG VOLGENS RANG EN VOLKSGROEP<sup>1)</sup>

Rang	Volksgroep					
	Blank		Kleurling/Asiër		Swart	
	Aantal persone		Aantal persone		Aantal persone	
	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem	Getrek	Opgeneem
Bewaarder	189	218	64	37	221	126
Sersant	76	90	17	16	46	43
Adj.-Off.	29	35	2	6	7	6
Luitenant	7	20		1		2
Kaptein	7	15		1		
Majoor	4	9				
Lt.-Kol./Kolonel	4	9				
Brigadier	1	3				
TOTAAL	317	399	83	61 <sup>2)</sup>	274	177
Persentasie opgeneem	126		73,5		64,6	

1) Nege persone het nie hul volksgroep aangedui nie en is uit alle analyses uitgeskakel.

2) Slegs een Asiër is in die steekproef opgeneem.

proef soos in hoofstuk 1 weergegee, in ag geneem is nie, maar wel in die opname betrek is. Indien die siviele personeel wat opgeneem is, buite rekening gelaat word, verminder die globale realisasiepersentasie van 113 % na  $(1164/1122) \times 100 = 104 \%$ . Die algemene dienstegroep, die administratiewe groep en die SAGD is ietwat oorverteenvoerdig, terwyl die tegniese groep weer onderverteenvoerdig is. Vir die professionele groep (indien die professionele personeel in die SAGD daarby ingesluit word) blyk die realisasiepersentasie 105 % te wees, wat baie na aan die kol is. Wat die verskillende range betref, blyk dat slegs die weerman noemenswaardig onderverteenvoerdig is. Die variasie in die steekproefrealisasie vir ander range is nagenoeg binne normale perke. Daar is beplan om ongeveer 19 Asiërs en 83 Kleurlinge in die opname te betrek, terwyl in werklikheid onderskeidelik 27 en 128 persone opgeneem is (tabel 2.6). Dit gee vir beide volksgroepe 'n realisasiepersentasie van nagenoeg 150 %. Die absolute aantalle is egter klein.

(d) Realisasie van die steekproef in die SAP (tabel 2.7):

Baie goeie globale realisasiepersentasies is hier verkry. Die variasie in die realisasies per rang blyk ook binne normale perke te wees.

(e) Realisasie van die steekproef in die SAG (tabel 2.8):

Hier is in verhouding te veel Blankes in die steekproef opgeneem. Die realisasiepersentasies in die verskillende range blyk bevredigend te wees.

Soos reeds onder aan tabelle 2.5, 2.7 en 2.8 gemeld is, is persone wat nie hul volksgroep op die vraelys aangedui het nie geheel en al in die verdere analises uitgeskakel. Hierdie 42 persone is ook nie in voorgaande bespreking van die realisasiepersentasies in ag geneem nie.

Globaal beskou blyk die realisasiepersentasies heeltemal bevredigend te wees en behoort die statistiese analises van die ingesamelde inligting (met die beperkinge soos hierbo genoem) betroubaar te wees. In die tabel hieronder word die realisasie van die totale steekproef vir elkeen van die volksgroepe opgesom:

Volksgroep	Bepaalde steekproefaantal	Gerealiseerde steekproefaantal	Realisasiepersentasie
Asiërs	274	255	93,1
Blankes	6 756	6 094	90,2
Kleurlinge	1 003	798	79,6
Swartes <sup>1)</sup>	2 274	1 517	66,7
TOTAAL	10 307	8 664	84,1

1) In hierdie tabel is die Swart volksgroep in die SAW buite rekening gelaat.

## 2.3 ANDER BIOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE ONDERSOEGGROEP

### 2.3.1 Inleiding

In paragraaf 2.2. is aandag gegee aan die veranderlikes wat by die streekproeftrekking in aanmerking geneem is. In paragraaf 1.2.1 is aangetoon dat die verskynsel van werktevredenheid besonder kompleks is en dat elke individu dit op 'n unieke manier ervaar. Alhoewel die veranderlikes waaraan in paragraaf 2.2 aandag gegee is na verwagting belangrike subjektiewe invloede op die vlak van werktevredenheid sal uitoefen, is dit vanweë die komplekse aard van tevredenheid wenslik om ook aan ander eienskappe van die groep onder bespreking aandag te gee.

In hierdie paragraaf word gevolglik aandag gegee aan aspekte soos ouderdom, geslag, huwelikstaat, kwalifikasie, ervaring en verskillende aspekte van behuising. Alhoewel salaris by die trek van die steekproef in aanmerking geneem is, word aandag aan enkele verdere aspekte in verband met salaris gegee.

Tabel 2.9 toon die samestelling van die steekproef waarmee in die res van die verslag gewerk word, volgens gemeenskapsdiens en volksgroep.



TABEL 2.9  
 ONDERSOEK GROEP VOLGENS VOLKSGROEP EN GEMEENSAPSDIENS

(a) Asiër

Subgroep	N	%
Staatsdiens	173	2,0
SAW	27	0,3
SAP	54	0,6
SAG	1	0,0
Subtotaal	255	2,9

(b) Blank

Subgroep	N	%
Staatsdiens	3 672	42,4
SAW	1 270	14,7
SAP	753	8,7
SAG	399	4,6
Subtotaal	6 094	70,3

(c) Kleurling

Subgroep	N	%
Staatsdiens	498	5,7
SAW	128	1,5
SAP	112	1,3
SAG	60	0,7
Subtotaal	798	9,2

(d) Swart

Subgroep	N	%
Staatsdiens	858	9,9
SAW		
SAP	482	5,6
SAG	177	2,0
Subtotaal	1 517	17,5
TOTAAL	8 664	100

Volgens tabel 2.9 het 8 664 van die totale groep, soos in paragraaf 2.2 uiteengesit is, hul volksgroep en gemeenskapsdiensgroep aangedui. Genoemde twee aspekte word as basiese verdelers in die res van die verslag gebruik en persone wat nie hierdie inligting verstrek het nie, word buite rekening gelaat. Volgens tabel 2.9 is ongeveer sewe uit elke tien van die persone wat wel hul volksgroep en gemeenskapsdiens (departement) aangedui het, Blank, twee Swart en een Kleurling/Asiër. Asiërs en Kleurlinge vorm dus 'n baie klein gedeelte van die ondersoekgroep. Die een Asiër in die SAG word in die ontledings buite rekening gelaat. Die res van hierdie verslag handel dus oor 8 663 persone en die tabellering word so ver moontlik volgens gemeenskapsdiens en volksgroep gegee.

In die volgende paragraaf word die geslagsamestelling, huwelikstaat, ouderdom en ervaring van die ondersoekgroep bespreek.

### 2.3.2 Geslagsamestelling, huwelikstaat, ouderdom en ervaring

Die verhouding mans tot vroue (tabel 2.10) is ongeveer 6 : 4. Daar is egter aansienlike verskille in die verhouding mans tot vroue volgens gemeenskapsdiens en volksgroep. Die SAW, SAP en SAG maak hoofsaaklik gebruik van die dienste van mans.

Volgens volksgroep kom die grootste verskil voor by Kleurlinge en Swartes. In verhouding tot mans maak die Staat meer gebruik van die dienste van Kleurling- en Swart vroue as van dié van Asiër- en Blanke vroue.

Volgens tabel 2.11 is ongeveer ses uit elke tien persone getroud, drie ongetroud en een geskei of in wedustaat. Kwantitatief gesproke vorm getroudes dus die belangrikste groep.

Uit tabel 2.12 waarin die mediaan- en kwartielouderdom aangedui is, blyk dat Blankes en Swartes in die Staatsdiens en Swartes in die SAP die oudste groepe is.

'n Ander aspek wat blyk uit tabel 2.12 is dat die eerste kwartielwaarde (Q1) vir bykans al die groepe nader aan die mediaanwaarde geleë is as die derde kwartielwaarde (Q3). Die genoemde eienskap van die verspreiding stem egter ooreen met dié van die totale arbeidsmag van die RSA.

TABEL 2.10  
 GESLAGSAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEGGROEP VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS  
 EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	% van N		Totaal
		Manlik	Vroulik	
Staatsdiens	173	46,8	53,2	100
SAW	27	100,0	-	100
SAP	54	100,0	-	100
Subtotaal	254	63,8	36,2	100

Ongespesifiseerd 1

(b) Blank

Subgroep	N	% van N		Totaal
		Manlik	Vroulik	
Staatsdiens	3 671	44,4	55,6	100
SAW	1 270	89,8	10,2	100
SAP	753	99,1	0,9	100
SAG	399	97,7	8,3	100
Subtotaal	6 093	63,7	36,3	100

Ongespesifiseerd 1

(c) Kleurling

Subgroep	N	% van N		Totaal
		Manlik	Vroulik	
Staatsdiens	496	22,8	77,2	100
SAW	127	100,0	-	100
SAP	112	100,0	-	100
SAG	60	90,0	10,0	100
Subtotaal	795	51,1	48,9	100

Ongespesifiseerd 3

(d) Swart

Subgroep	N	% van N		Totaal
		Manlik	Vroulik	
Staatsdiens	857	20,5	79,5	100
SAP	481	100,0	-	100
SAG	176	88,6	11,4	100
Subtotaal	1 514	53,3	46,7	100

Ongespesifiseerd 3

TOTAAL	8 656	60,7	39,3	100
--------	-------	------	------	-----

Ongespesifiseerd 8

TABEL 2.11  
 HUWELIKSTAAT VOLGENS GEMEENSAPDIENS EN VOLKSGROEP  
 (a) Asiër

Subgroep	N	% van N				Totaal
		Getrouid	Ongetrouid	Geskei	Wedustaat	
Staatsdiens	173	46,8	50,3	2,3	0,6	100
SAW	27	59,3	40,7			100
SAP	53	79,3	20,8			100
Subtotaal	253	55,1	42,9	1,6	0,4	100

Ongespesifiseerd 2

(b) Blank

Subgroep	N	% van N				Totaal
		Getrouid	Ongetrouid	Geskei	Wedustaat	
Staatsdiens	3 653	60,6	29,3	6,5	3,6	100
SAW	1 265	64,4	30,9	3,7	1,0	100
SAP	751	71,5	26,5	1,7	0,3	100
SAG	396	50,5	47,5	1,8	0,3	100
Subtotaal	6 065	62,1	30,5	5,0	2,4	100

Ongespesifiseerd 29

(c) Kleurling

Subgroep	N	% van N				Totaal
		Getrouid	Ongetrouid	Geskei	Wedustaat	
Staatsdiens	490	46,5	56,3	3,9	3,3	100
SAW	128	62,5	35,9	0,8	0,8	100
SAP	111	72,1	27,9			100
SAG	59	69,5	30,5			100
Subtotaal	788	54,4	40,9	2,5	1,2	100

Ongespesifiseerd 10

(d) Swart

Subgroep	N	% van N				Totaal
		Getrouid	Ongetrouid	Geskei	Wedustaat	
Staatsdiens	848	58,0	34,4	4,6	3,1	100
SAP	474	73,6	25,1	0,8	0,4	100
SAG	175	62,3	33,7	2,9	1,1	100
Subtotaal	1 497	60,3	34,0	3,5	2,2	100

Ongespesifiseerd 20

TOTAAL	8 603	60,9	32,4	4,4	0,5	
--------	-------	------	------	-----	-----	--

Ongespesifiseerd 61

TABEL 2.12  
 OUDERDOM VOLGENS GEMEENSAPSDIENS EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	Q1	Me	Q3
Staatsdiens	171	22	28	34
SAW	26	21	23	27
SAP	53	25	31	41
Subtotaal	250	22	28	34

Ongespesifiseerd 5

(b) Blank

Subgroep	N	Q1	Me	Q3
Staatsdiens	3 622	25	35	47
SAW	1 251	22	29	40
SAP	734	23	30	41
SAG	394	21	24	32
Subtotaal	6 001	23	32	44

Ongespesifiseerd 93

(c) Kleurling

Subgroep	N	Q1	Me	Q3
Staatsdiens	486	23	28	36
SAW	126	24	27	36
SAP	109	24	27	36
SAG	59	24	28	35
Subtotaal	780	24	28	36

Ongespesifiseerd 18

(c) Swart

Subgroep	N	Q1	Me	Q3
Staatsdiens	852	28	34	43
SAP	469	28	35	43
SAG	174	26	31	37
Subtotaal	1 498	27	33	41

Ongespesifiseerd 22

TOTAAL	8 526	24	32	43
--------	-------	----	----	----

Ongespesifiseerd 138

TABEL 2.13

## WERKERVARING IN STAATSDIENS VOLGENS GEMEENSCHAPSDIENS EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	172	2	6	10
SAW	27	3	5	7
SAP	51	3	11	15
Subtotaal	250	3	6	11

Ongespesifiseerd 5

## (b) Blank

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	3 562	3	7	15
SAW	747	3	6	15
SAP	747	4	11	21
SAG	386	2	4	12
Subtotaal	5 955	3	7	16

Ongespesifiseerd 139

## (c) Kleurling

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	476	3	6	11
SAW	126	3	5	9
SAP	108	3	6	14
SAG	59	4	6	13
Subtotaal	769	3	6	11

Ongespesifiseerd 29

## (d) Swart

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	812	4	10	17
SAP	457	5	10	19
SAG	158	5	9	13
Subtotaal	1 427	4	9	16

Ongespesifiseerd 90

TOTAAL	8 401	3	7	15
--------	-------	---	---	----

Ongespesifiseerd 263

TABEL 2.14  
 ERVARING IN HUIDIGE POS VOLGENS GEMEENSCHAPSDIENS EN  
 VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	168	1	3	6
SAW	26	2	3	4
SAP	48	2	4	6
Subtotaal	242	2	3	6

Ongespesifiseerd 13

(b) Blank

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	3 405	1	3	6
SAW	1 208	1	2	4
SAP	711	2	3	6
SAG	371	1	2	3
Subtotaal	5 695	1	3	5

Ongespesifiseerd 399

(c) Kleurling

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	429	2	4	8
SAW	116	1	3	5
SAP	102	2	4	6
SAG	56	2	4	5
Subtotaal	703	2	4	7

Ongespesifiseerd 95

(d) Swart

Subgroep	N	Ervaring (Jaar)		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	748	2	5	10
SAP	400	2	5	13
SAG	137	2	5	9
Subtotaal	1 285	2	5	10

Ongespesifiseerd 232

TOTAAL	7 925	1	3	6
--------	-------	---	---	---

Ongespesifiseerd 739

Die inligting in verband met die werkervaring van die ondersoeksgroep wat in tabel 2.13 verskyn, weerspieël wat ervaring betref dieselfde eienskap as wat uit tabel 2.12 blyk ten opsigte van ouderdom. Die mediaanwaarde vir die meeste groepe is sewe jaar of minder. Dit beteken dat 50 % van hierdie groepe sewe jaar of minder werkervaring in die Staatsdiens het. Die Q3-waardes toon dat meer as 25 % van die meeste van die groepe tien jaar of langer ervaring het.

Die beeld wat in tabel 2.14 weerspieël word ten opsigte van ervaring in huidige pos is minder rooskleurig as dié ten opsigte van totale ervaring soos blyk uit tabel 2.13.

Volgens tabel 2.14 beskik net 25 % van die totale ondersoeksgroep oor ses jaar of meer ervaring in die huidige pos terwyl die helfte van die groep drie jaar of meer ervaring het en 25 % 'n jaar of korter in sy huidige pos is. Daar moet egter onthou word dat relatief meer jonger as ouer persone in die steekproef ingesluit is.

### 2.3.3 Kwalifikasie

Tabel 2.15 tot 2.17 toon onderskeidelik die hoogste kwalifikasie behaal, die persentasie wat oor ambagsopleiding beskik en die persentasie wat naskoolse tikopleiding het.

Volgens tabel 2.15 beskik ongeveer ses uit elke tien persone in die ondersoeksgroep oor 'n standaard 10-sertifikaat of hoër kwalifikasie. Blankes is duidelik die beste gekwalifiseerd terwyl die persentasie Kleurlinge en Swartes wat oor 'n kwalifikasie laer as st. 10 beskik, merkbaar hoër as dié vir Asiërs en Blankes is. Beampes in die Staatsdiens is verder beter gekwalifiseerd as beampes in die SAW, SAP en SAG.

### 2.3.4 Aspekte in verband met salaris

Die salarisvlak van die ondersoeksgroep is reeds in paragraaf 2.2 bespreek en soos daar aangedui is, is die steekproef volgens salarisvlak gestratifiseer. In hierdie paragraaf word vervolgens aandag gegee aan die salaris van die ondersoeksgroep volgens gemeenskapsdiens, volksgroep en ouderdom. Die inligting word grafies voorgestel. In gevalle waar daar minder as 10 persone van 'n ouderdomsgroep (in 5-jaarintervalle geneem),



TABEL 2.15

## HOOGSTE KWALIFIKASIE VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	Persentasie van N					
	N	Laer as St. 10	St. 10	2 jr. dipl.	Graad	3 jr. dipl.
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	167	30,5	24,0	16,8	16,8	12,0
SAW	23	73,9	21,7	4,4	-	-
SAP	51	82,4	13,7	3,9	-	-
Subtotaal	241	45,6	21,6	12,9	11,6	8,3

Ongespesifiseerd 14

## (b) Blank

Subgroep	Persentasie van N					
	N	Laer as St. 10	St. 10	2 jr. dipl.	Graad	3 jr. dipl.
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	3 521	29,4	30,5	8,2	16,3	15,6
SAW	1 241	31,4	47,4	8,3	6,2	6,8
SAP	740	36,5	51,0	5,0	2,7	4,9
SAG	387	30,5	54,8	5,2	6,7	2,8
Subtotaal	5 889	30,8	38,2	7,6	11,8	11,6

Ongespesifiseerd 205

## (c) Kleurling

Subgroep	Persentasie van N					
	N	Laer as St. 10	St. 10	2 jr. dipl.	Graad	3 jr. dipl.
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	462	65,8	16,0	6,5	3,0	8,7
SAW	117	76,9	17,1	3,4	-	2,6
SAP	106	87,7	11,3	0,9	-	-
SAG	55	76,4	21,8	1,8	-	-
Subtotaal	740	71,5	15,9	4,9	1,9	5,8

Ongespesifiseerd 58

## (d) Swart

Subgroep	Persentasie van N					
	N	Laer as St. 10	St. 10	2 jr. dipl.	Graad	3 jr. dipl.
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	807	57,1	20,5	8,2	2,0	11,7
SAP	442	90,7	8,8	0,5	-	-
SAG	166	83,1	13,9	1,2	0,6	1,2
Subtotaal	1 415	71,0	16,0	4,9	1,2	6,8

Ongespesifiseerd 102

TOTAAL	8 285	41,7	31,9	7,1	9,1	10,1
--------	-------	------	------	-----	-----	------

Ongespesifiseerd 379

TABEL 2.16  
 PERSENTASIE WAT OOR AMBAGSOPLEIDING BESKIK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS  
 EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	159	13,2
SAW	26	11,5
SAP	50	8,0
Subtotaal	235	11,9

Ongespesifiseerd 20

(b) Blank

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	3 435	11,4
SAW	1 254	27,4
SAP	734	4,5
SAG	378	4,8
Subtotaal	5 801	13,5

Ongespesifiseerd 293

(c) Kleurling

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	414	8,0
SAW	121	31,4
SAP	109	5,5
SAG	55	9,1
Subtotaal	699	11,7

Ongespesifiseerd 99

(d) Swart

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	888	12,1
SAP	308	12,0
SAG	169	15,4
Subtotaal	1 365	12,5

Ongespesifiseerd 152

TOTAAL	8 100	13,1
--------	-------	------

Ongespesifiseerd 564

TABEL 2.17  
 PERSENTASIE WAT OOR TIKOPLEIDING BESKIK, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS  
 EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	165	5,5
SAW	26	11,5
SAP	51	7,8
Subtotaal	242	6,6

Ongespesifiseerd 13

(b) Blank

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	3 403	8,8
SAW	1 207	6,3
SAP	715	2,7
SAG	371	4,9
Subtotaal	5 696	7,3

Ongespesifiseerd 398

(c) Kleurling

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	452	9,3
SAW	-	-
SAP	107	0,9
SAG	54	3,7
Subtotaal	613	7,3

Ongespesifiseerd 185

(d) Swart


Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	805	6,1
SAP	453	5,5
SAG	167	4,2
Subtotaal	1 425	5,8

Ongespesifiseerd 92


TOTAAL	7 976	7,0
--------	-------	-----

Ongespesifiseerd 688

FIGUUR 2.1



FIGUUR 2.2



volksgroep en gemeenskapsdiensgroep in 'n kategorie voorkom, is die punt nie op die grafiek aangedui nie. Vir groepe wat te klein is en waarvan daar gevolglik in te veel van die ouderdomskategorieë 10 of minder persone voorkom, is nie 'n grafiek getrek nie. Blankes en Swartes in die Staatsdiens is verder getalsgewys groot genoeg om die inligting afsonderlik vir mans en vroue voor te stel.

Die Salaris volgens ouderdomsprofiele vir Blankes verskyn in figuur 2.1 terwyl die inligting vir die twee groepe Swartes (Staatsdiens en SAP) wat wel groot genoeg is, in figuur 2.2 voorgestel is. Geeneen van die verskillende subgroepe Asiërs en Kleurlinge is groot genoeg nie en gevolglik is daar nie vir genoemde groepe profiele getrek nie.

Die voorstellings wat in figure 2.1 en 2.2 verskyn vir die SAW, SAP en SAG is nie volgens geslag geteken nie. Die getal vroue in die genoemde groepe is egter klein en sal gevolglik nie veel verskil maak nie. Sover dit hierdie groepe betref, kan die inligting dus geïnterpreteer word asof almal mans is.

Figuur 2.1 toon dat Blankes in die SAW relatief meer verdien as Blankes in die Staatsdiens, SAP, en SAG. Blanke mans in die Staatsdiens verdien verder volgens ouderdom meer as Blankes in die SAP en SAG. Die inkomste volgens ouderdom vir die laasgenoemde twee groepe verskil nie veel nie. Vroue verdien volgens Figuur 2.1 aansienlik minder as mans, maar die belangrikste rede hiervoor is waarskynlik die onderbreking van diens met geboorte van kinders. Omdat die groepe na 50 jaar relatief klein is, kan daar nie veel peil getrek word op die verskille na 50 jaar nie. Kwalifikasie is nie in die voorstellings in aanmerking geneem nie.

Wat Swartes betref is daar volgens figuur 2.2 nie veel verskil vir die drie groepe waarvoor profiele geteken is nie.

### 2.3.5 Behuising

Die persentasie van die ondersoekgroep wat behuisingssubsidie ontvang, verskyn in tabel 2.18 terwyl tabel 2.19 aantoon watter persentasie 'n ander behuisingsvoordeel as subsidie ontvang. Inligting oor die bedrag wat maandeliks aan behuising bestee word, verskyn in tabel 2.20.

TABEL 2.18

PERSENTASIE WAT BEHUISINGSSUBSIDIE ONTVANG, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS  
EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	169	8,9
SAW	24	29,2
SAP	51	35,3
Subtotaal	244	16,4

Ongespesifiseerd 11

## (b) Blank

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	3 528	23,8
SAW	1 227	28,2
SAP	742	44,5
SAG	379	15,3
Subtotaal	5 876	26,8

Ongespesifiseerd 218

## (c) Kleurling

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	430	5,4
SAW	119	16,0
SAP	101	37,6
SAG	53	15,1
Subtotaal	703	12,5

Ongespesifiseerd 95

## (d) Swart

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	900	2,6
SAP	305	10,5
SAG	161	20,5
Subtotaal	1 366	6,4

Ongespesifiseerd 151

TOTAAL	8 189	21,9
--------	-------	------

Ongespesifiseerd 475

TABEL 2.19

PERSENTASIE WAT ANDER BEHUISINGSVOORDELE ONTVANG, VOLGENS GEMEEN-  
SKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	169	3,0
SAW	25	24,0
SAP	51	2,0
Subtotaal	245	4,9

Ongespesifiseerd 10

## (b) Blank

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	3 496	8,4
SAW	1 238	46,1
SAP	718	35,5
SAG	388	70,1
Subtotaal	5 840	23,8

Ongespesifiseerd 254

## (c) Kleurling

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	457	8,5
SAW	119	25,2
SAP	99	11,1
SAG	56	53,6
Subtotaal	731	15,0

Ongespesifiseerd 67

## (d) Swart

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	804	4,4
SAP	438	17,1
SAG	165	32,7
Subtotaal	1 407	11,7

Ongespesifiseerd 110

TOTAAL	8 223	18,4
--------	-------	------

Ongespesifiseerd 441



TABEL 2.20  
BEDRAG PER MAAND BESTEE AAN BEHUISING, VOLGENS GEMEENSAPSDIENS  
EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	R/Maand		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	158	89	128	195
SAW	23	17	75	120
SAP	50	29	76	103
Subtotaal	231	60	100	150

Ongespesifiseerd 24

(b) Blank

Subgroep	N	R/Maand		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	3 174	80	150	240
SAW	1 204	24	56	160
SAP	717	40	70	160
SAG	358	15	45	65
Subtotaal	5 453	45	115	200

Ongespesifiseerd 641

(c) Kleurling

Subgroep	N	R/Maand		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	385	40	70	120
SAW	120	18	50	100
SAP	96	20	49	81
SAG	52	11	39	60
Subtotaal	653	28	60	109

Ongespesifiseerd 145

(d) Swart

Subgroep	N	R/Maand		
		Q1	Me	Q3
Staatsdiens	785	19	31	71
SAP	445	12	24	58
SAG	159	9	28	55
Subtotaal	1 389	16	30	70

Ongespesifiseerd 128

<b>TOTAAL</b>	<b>7 726</b>	<b>30</b>	<b>90</b>	<b>185</b>
---------------	--------------	-----------	-----------	------------

Ongespesifiseerd 938

Volgens tabel 2.18 ontvang net meer as een uit elke vyf beamp-  
tes behuisingssubsidie. Volgens volksgroep is daar aansienlike wisseling  
in die persentasies. Blankes is die groep waarvan die grootste persen-  
tasie subsidie ontvang (26,8 %) gevolg deur Asiërs (16,4 %), Kleurlinge  
(12,5 %) en Swartes (6,4 %).

Tabel 2.19 toon dat n verdere 18,4 % van die totale ondersoek=  
groep n ander behuisingsvoordeel ontvang byvoorbeeld n gratis huis, gratis  
inwoning, departementele huisvesting of inwoning in n menasie. Relatief  
meer beamptes in die SAW, SAP en SAG as van die Staatsdiens deel in hier=  
die voordeel. Indien die persentasie wat subsidie ontvang en dié wat n  
ander voordeel ontvang gesommeer word, blyk dat net meer as 40 % van die  
totale groep in een van die genoemde voordele deel. Hierdie persentasie  
is die hoogste vir Blankes (50,6 %) gevolg deur Kleurlinge (27,5 %),  
Asiërs (21,3%) en Swartes (18,1 %). Die persentasie ter sprake is voorts  
vir al vier volksgroepe hoër vir die SAW, SAP en SAG as vir die Staats=  
diens.

Gedurende die veldwerk het die aantal navrae in verband met die  
bedrag wat maandeliks aan behuising bestee word die indruk geskep dat die  
antwoorde nie baie suiwer is nie. Sommige persone mag byvoorbeeld eien=  
domsbelasting en/of water- en elektriesiteitsrekeninge as deel van die uit=  
gawe verbode aan behuising beskou het en gevolglik n groter bedrag as  
die verlangde aangedui het. Wat die omvang hiervan was kan egter nie ge=  
sê word nie. Hierdie gegewens moet dus uiters omsigtig geïnterpreteer  
word.

Die mediaan- en kwartielewaardes van tabel 2.20 toon groot wis=  
seling volgens volksgroep. Dit is egter duidelik dat Blankes en Asiërs  
groter bedrae aan behuising bestee as Kleurlinge en Swartes. Beamptes  
van al vier volksgroepe wat in die Staatsdiens werksaam is, bestee weer  
aansienlik meer aan behuising as hul eweknieë in die SAW, SAP en SAG.  
Alhoewel hierdie inligting verder ontleed kan word deur byvoorbeeld die  
bedrag wat bestee word uit te druk as n persentasie van die salaris, is  
dit nie gedoen nie vanweë die twyfel wat bestaan oor die korrektheid van  
die inligting.

### 2.3.6 Lidmaatskap van mediese hulpskema

Tabel 2.21 toon watter persentasie van die ondersoekgroep lede van 'n mediese hulpskema is.

Hierdie inligting toon dat bykans driekwart van die totale groep lid van 'n skema is. Relatief meer van die Blankes as van die Nie-Blanke volksgroepe is lede en die relatief hoë totale persentasie vir die totale groep kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die groot aantal Blankes in die ondersoekgroep en die "hoë" persentasie van genoemde groep wat wel aan 'n mediese skema behoort. Vir al drie Nie-Blanke groepe kom die persentasie op minder as 50 te staan. Dit is voorts duidelik dat relatief meer beamptes van die SAW, SAP en SAG as van die Staatsdiens lid van 'n mediese skema is, waarskynlik omdat relatief meer van hierdie groepe mans is en getroude vroue gewoonlik onder die skema van hul mans gedek word. Vir die meeste volksgroepe kom die persentasie vir SAW, SAP en SAG te staan op baie na aan of selfs hoër as 90. Hierteenoor is die persentasie Asiërs in die Staatsdiens wat lid is, so laag as 20.

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan biografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed op die werktevredenheid van werknemers kan hê. In die volgende hoofstuk word die aandag bepaal by verskillende aspekte in verband met die werktevredenheid van die ondersoekgroep.

TABEL 2.21

PERSENTASIE WAT LID IS VAN 'N MEDIESE HULPSKEMA, VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	170	20,0
SAW	26	96,2
SAP	53	98,1
Subtotaal	249	44,6

Ongespesifiseerd 6

## (b) Blank

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	3 618	77,1
SAW	1 254	93,9
SAP	744	93,6
SAG	391	89,0
Subtotaal	6 007	83,4

Ongespesifiseerd 87

## (c) Kleurling

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	470	31,1
SAW	125	75,2
SAP	108	87,0
SAG	58	87,9
Subtotaal	761	31,4

Ongespesifiseerd 37

## (d) Swart

Subgroep	N	% van N
Staatsdiens	780	27,1
SAP	450	72,2
SAG	172	64,0
Subtotaal	1 402	43,9

Ongespesifiseerd 115

TOTAAL	8419	72,7
--------	------	------

Ongespesifiseerd 245

## HOOFSTUK 3

### WERKTEVREDENHEID EN HOUDING

#### 3.1 INLEIDING

Uit die literatuur blyk dat daar verskillende teorieë oor werktevredenheid en gevolglik oor verskillende benaderings tot die meting daarvan, bestaan. Dit is verder duidelik dat werktevredenheid saamhang met aspekte soos mate van industrialisasie, ontwikkelingspeil en lewensbeskouing wat met verloop van tyd verander. Individuele verskille tussen mense het tot gevolg dat almal nie in 'n bepaalde werksituasie dieselfde mate van tevredenheid sal ervaar nie.

Die slotsom waartoe uit die literatuur gekom word, is dat die samehang van faktore wat 'n sekere peil van werktevredenheid veroorsaak, uiters kompleks is. Tot op hede bestaan nog weinig sekerheid oor hoe die faktore meewerk om uiteindelik te realiseer in 'n sekere mate van tevredenheid of ontevredenheid. Biesheuvel (1975) som die saak goed op as hy sê dat 'n wye verskeidenheid van behoeftes ten opsigte van die werksituasie die mate van tevredenheid beïnvloed wat weer afhanklik is van sosio-ekonomiese status, vlak van bevoegdheid, belangstelling en individualiteit.

Soos uit paragraaf 2.3 blyk, is daar vanweë die kompleksiteit van werktevredenheid inligting bekom oor soveel as moontlike faktore wat 'n rol daarin speel.

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik aandag gegee aan die algemene houding van die ondersoekgroep teenoor hul werkgewer, algemene werktevredenheid en die tevredenheid met spesifieke aspekte van hul werk.

Die ontledings wat in hoofstuk 2 gedoen is toon dat daar feitlik deurgaans biografiese verskille bestaan tussen die verskillende volksgroepe en gemeenskapsdiensgroepe. Daar is byvoorbeeld aangetoon dat die SAW, SAP en SAG oorwegend van mans gebruik maak terwyl die Staatsdiens meer vroue as mans in diens het. Verder is aangedui dat daar verskille in die mediaansalaris van die volksgroepe bestaan. Soortgelyke verskille kom voor ten opsigte van bykans elke biografiese veranderlike wat in hoofstuk 2 bespreek is. Gevolglik is besluit om in die res van hierdie verslag volksgroep en gemeenskapsdiensgroep as verdelers te gebruik. Die ontledings word in hierdie

hoofstuk volgens volksgroep en gemeenskapsdiensgroep gedoen, terwyl in die volgende hoofstukke die rol van ander veranderlikes tesame met volksgroep en gemeenskapsdiensgroep in aanmerking geneem word. Die doel met hierdie hoofstuk is dus om aan te dui hoe die tevredenheid en houding van die ondersoekgroep verskil volgens gemeenskapsdiens en volksgroep ten opsigte van 'n wye reeks van veranderlikes wat bespreek word en waar moontlik word aangedui hoe hierdie inligting vergelyk met die resultate van vorige ondersoeke. In hoofstukke 4 en 5 word aandag gegee aan die samehang van die faktore wat 'n rol speel in die vlak van tevredenheid. Die doel met hierdie hoofstuk is om aan te dui hoe tevrede of ontevrede die ondersoekgroep is met verskillende aspekte wat 'n invloed op algemene tevredenheid kan hê en om hierdie inligting met behulp van ander navorsingsresultate in perspektief te stel.

### 3.2 DIE ROL VAN WERK IN DIE LEWE VAN DIE ONDERSOEGGROEP

In die lewe van die meeste mense wat beroepsarbeid verrig, speel werk 'n besondere rol. Hierdie stelling geld ook vir die ondersoekgroep soos aangetoon in tabel 3.1 waar inligting verstrekkend word van hoe belangrik beroepsarbeid geag word relatief tot ander aspekte van die lewe. Inligting oor die vlak van tevredenheid in verhouding tot tevredenheid met ander aspekte van die lewe verskyn in tabel 1 van Bylae D.

Die gemiddelde waarde in die totaalkolom is bereken deur vyf punte toe te ken aan heel belangrikste tot een punt vir mins belangrikste. Die gemiddelde waardes wat wissel van 4,1 tot 4,2 dui aan dat die oorgrote meerderheid van die groep hul beroepsarbeid as besonder belangrik ag. Kennis oor die tevredenheid van die ondersoekgroep met hul beroepsarbeid is dus van belang vir werkgewers want soos studies reeds aangetoon het, hou die peil van werktevredenheid verband met arbeidsomset.

### 3.3 ALGEMENE WERKTEVREDENHEID

Soos genoem in die inleidende hoofstuk is die Job Descriptive Index (JDI) asook 'n enkele vraag (afd. C in vraelys A) gebruik vir die meting van werktevredenheid. Die JDI gee 'n aanduiding van tevredenheid in vyf breë velde (Soort werk, Vergoeding, Toesighouding, Bevorderingsgeleentheid en Medewerkers). Tabel 3.2 toon die gemiddelde tellings vir die ondersoekgroep op die vyf velde van die JDI sowel as die tellings op die vraag in verband met algemene tevredenheid.

TABEL 3.1

DIE RELATIEME ROL VAN WERK (BEROEPSARBEID) IN DIE LEWE VAN DIE ONDERSOEKGROEP, VOLGENS GEMEENSAPSDIENS EN VOLKS= GROEP

Volksgroep	N	5		4		3		2		1		Totaal	
		Heel belang= rrikste	%	Belangriker as meeste ander aspekte	%	Van ge= middele belang	%	Minder belang= rik as meeste ander aspekte	%	Onbe= lang= rrikste	%	$\bar{X}$	S
Asiër:													
Staat sdiens	170	49,4	30,6	17,7	2,4						100	4,3	0,8
SAW	27	55,6	29,6	7,4	3,7					3,7	100	4,3	1,0
SAP	53	56,6	20,8	9,4	3,8					9,4	100	4,1	1,3
Subtotaa1	251	51,4	28,3	15,1	2,8					2,4	100	4,2	1,0
Blank:													
Staat sdiens	3610	34,9	43,9	18,2	1,9					1,2	100	4,1	0,8
SAW	1263	31,8	51,9	13,7	1,8					0,8	100	4,1	0,8
SAP	741	52,5	33,6	10,9	2,6					0,4	100	4,4	0,8
SAG	393	38,2	44,8	14,0	2,5					0,5	100	4,2	0,8
Subtotaa1	6007	36,6	44,4	16,1	2,0					0,9	100	4,1	0,8
Kleurling:													
Staat sdiens	467	48,4	34,1	15,0	1,1					1,5	100	4,3	0,9
SAW	122	50,8	38,5	9,8	0,8						100	4,4	0,7
SAP	106	71,7	19,8	6,6	1,9						100	4,6	0,7
SAG	58	60,3	31,0	8,6							100	4,5	0,7
Subtotaa1	753	53,0	32,5	12,5	1,1					0,9	100	4,4	0,8
Swart:													
Staat sdiens	818	52,4	25,7	18,0	1,6					2,3	100	4,2	1,0
SAP	437	54,5	20,4	16,5	3,7					5,0	100	4,2	1,1
SAG	156	51,3	23,1	19,2	3,2					3,2	100	4,2	1,1
Subtotaa1	1411	52,9	23,7	17,7	2,4					3,3	100	4,2	1,0
TOTAAL	8422	41,3	39,4	16,0	2,0					1,4	100	4,2	0,9
Ongespesifiseerd	241												

TABEL 3.2  
WERKTEVREDENHEID VOLGENS GEMEENSAPDIENS EN VOLKSGROEP

Volksgroep	N	Tevredenheid met											
		JDI <sub>1</sub>		JDI <sub>2</sub>		JDI <sub>3</sub>		JDI <sub>4</sub>		JDI <sub>5</sub>			
		Soort werk	Vergoeding	Toesig- houding	Bevorderings- moontlikhede	Mede- werkers	Huidige betrekking	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S		
Asiër:	173	30,1	10,8	5,9	5,1	35,4	13,6	10,3	7,7	37,5	14,1	3,6	1,4
SAW	27	32,3	9,4	7,9	5,7	26,0	14,5	11,0	6,8	38,7	15,3	4,3	1,0
SAP	54	27,5	13,1	5,1	3,9	32,1	13,1	15,9	7,3	33,0	14,8	3,4	1,7
Subtotaal	254	29,8	11,2	6,0	5,0	33,7	13,9	11,6	7,9	36,6	14,4	3,6	1,5
Blank:	3672	33,7	11,3	7,0	5,5	39,5	12,0	10,3	8,3	39,4	12,6	3,9	1,4
SAW	1270	34,0	12,3	9,2	6,2	37,8	13,3	12,2	8,4	37,7	13,9	4,0	1,4
SAP	753	32,0	11,8	5,1	4,3	35,2	13,3	12,8	8,2	37,4	14,1	3,7	1,5
SAG	399	29,5	12,6	7,1	5,1	37,3	13,4	11,3	8,1	36,5	14,3	3,8	1,4
Subtotaal	6094	33,3	11,7	7,2	5,6	38,5	12,6	11,1	8,3	38,6	13,2	3,9	1,4
Kleurling:	498	34,2	9,3	6,4	4,7	38,8	11,3	11,3	7,6	40,8	11,2	4,0	1,5
SAW	128	34,3	10,1	8,1	5,4	37,1	13,4	12,7	8,4	41,1	12,9	4,0	1,5
SAP	112	37,1	7,5	7,4	5,3	40,2	9,3	18,4	6,7	41,7	10,0	4,8	1,2
SAG	60	37,2	7,4	10,5	6,2	41,6	9,6	15,1	7,2	40,9	10,2	4,7	1,2
Subtotaal	798	34,8	9,5	6,3	4,9	38,9	11,5	12,8	8,2	41,0	11,9	4,5	1,4
Swart:	341	33,5	9,8	5,2	3,9	34,2	12,8	12,7	7,4	40,8	11,9	3,9	1,5
SAP	41	35,8	10,0	6,4	5,1	38,7	10,4	19,2	5,1	39,3	12,8	4,7	1,5
SAG	28	35,9	9,4	7,0	5,8	37,1	11,7	15,1	8,1	41,6	11,4	4,4	1,7
Subtotaal	410 <sup>1)</sup>	33,9	9,8	5,4	4,2	34,9	12,6	13,6	7,5	40,7	11,9	4,2	1,6
TOTAAL	7556	33,5	11,1	7,2	5,4	38,0	12,3	12,0	8,2	39,1	12,8	4,0	1,5

1) Swartes wat nie minstens oor standaard tien beskik nie is uitgesluit



Die tellings van die JDI vir die verskillende velde toon dat al die groepe relatief minder tevrede met Vergoeding en Bevorderingsgeleent= hede is as met die drie ander aspekte.

Verskille kom in die tellings vir die verskillende volksgroepe en ook by die verskillende gemeenskapsdiensgroepe voor. Kleurlinge is byvoor= beeld meer tevrede met die Soort werk, Toesighouding en Medewerkers as die ander volksgroepe terwyl Blankes die mins ontevrede volksgroep is wat Vergoe= ding betref en Swartes weer meer tevrede is met Bevorderingsgeleenthede as die ander groepe.

### 3.4 TEVREDENHEID MET DIENSVOORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK

In 1977 is gevind dat Blanke klerklike en administratiewe werknemers in die Staatsdiens minder tevrede was met aspekte in verband met salaris, die merietebevoorderingstelsel en die destydse vakansiebonus (tans diens= bonus) as met ander diensvoorwaardes en aspekte (Smit,1980). Hierteenoor was sekuriteit dié aspek waarmee die groep die mees tevrede was. In hier= die paragraaf word aandag gegee aan die tevredenheid van die ondersoekgroep met 29 diensvoorwaardes en aspekte van die werk. . Inligting in die verband verskyn in tabel 3.3. Die inligting is op 'n 5-puntskaal verkry. Vyf punte is toegeken aan baie tevrede tot een punt aan baie ontevrede.

Tabel 3.3 toon slegs die gemiddelde waarde ( $\bar{X}$ ) vir die 29 verander= likes en vir die 14 groepe onder bespreking. Inligting oor die frekwensie= verspreiding en standaardafwyking kan uit tabel 2 in bylae D verkry word.

Tabel 3.3 toon dat die aspekte in verband met salaris (aspekte 1-4) met uitsondering van Kleurlinge in die SAG, vir al die groepe die laagste gemiddelde tellings toon. Van die 29 veranderlikes onder bespreking is die ondersoekgroep dus meer ontevrede met die verskillende aspekte van hul sala= ris as met enige van die ander diensvoorwaardes of aspekte van die werk. Hierteenoor tel belangrikheid en verantwoordelikheid van die werk (aspekte 11 en 17 onderskeidelik) onder die aspekte wat vir die meeste groepe die hoogste gemiddelde waardes toon. Sekuriteit wat die werk bied, indiensop= leiding, moontlikhede vir verdere studie, personeelverhoudinge, uitdaging wat die werk bied, mediese hulpskema, pensioenskema en verlofvoordele (aspekte 7, 12, 13, 15, 16, 18, 20 en 24-26 onderskeidelik) is verdere

aspekte waarvoor 'n hele aantal van die groepe hoër gemiddelde tellings toon en dus relatief tevrede is in vergelyking met die oorblywende aspekte.

In vorige navorsing wat deur die RGN uitgevoer is, is aangedui dat tevredenheid met aspekte in verband met die aard van die werk 'n groot invloed op algemene werktevredenheid uitoefen (Smit, 1980). Om hierdie rede is besluit om by wyse van 'n aantal stellings in verband met aspekte rondom die werksituasie verdere inligting te bekom wat 'n rol in die verband kan speel. Die ondersoekgroep is versoek om vir elke stelling die mate aan te dui waarin die betrokke stelling van toepassing is op sy huidige werksomstandighede. Die inligting is op 'n 5-puntskaal verkry waar een weerspieël dat die aspek glad nie of nie juis van belang is nie terwyl vyf aandui dat dit van groot belang is. Die gemiddelde waardes vir die 14 groepe onder bespreking en vir die 11 aspekte waarvoor inligting bekom is, verskyn in tabel 3.4. Inligting oor die frekwensieverspreiding en standaardafwyking kan uit tabel 3 in bylae D verkry word.

By die interpretasie van die inligting van tabel 3.4 moet daarop gelet word dat sommige stellings in die negatiewe vorm gestel is (bv. stelling 4) en dat 'n lae  $\bar{X}$ -waarde dus 'n positiewe beeld weerspieël. Twee aspekte kom vir feitlik al die groepe na vore as moontlike probleemareas. Die ondersoekgroep is naamlik oorwegend van mening dat beloning nie voldoende gemeet word aan gelewerde prestasie en dat daar nie voldoende geleenthede bestaan om griewe te lug nie. Onvoldoende inligting oor salaris en ander diensvoorwaardes is 'n verdere aspek wat na die mening van heelparty van die groepe in 'n groot mate op hul van toepassing is.

Opsommend en sonder om die relatiewe invloed van elke veranderlike op algehele tevredenheid in aanmerking te neem, blyk dit uit die inligting wat in hierdie paragraaf aangebied is dat daar heelwat knelpunte in verband met salaris bestaan. Hiermee saam is een van die doelstellings van hierdie ondersoek om vas te stel watter rol besoldiging in werktevredenheid speel. Gevolglik word in die volgende paragraaf aandag gegee aan 'n aantal verdere aspekte in verband met salaris wat 'n invloed op algemene werktevredenheid kan hê.

TABEL 3.3  
TEVREDENHEID MET DIENSVORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

	Volksgroep volgens gemeenskapsdiens														
	Astiër				Blank				Kleurling				Swart		
	Staat	SAW	SAP	SAW	SAW	SAP	SAG	Staat	SAW	SAP	SAG	Staat	SAW	SAP	SAG
	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$
1	1,8	2,2	1,4	2,1	2,5	1,7	2,2	1,9	2,4	2,3	3,2	1,8	2,0	2,4	2,4
2	2,0	2,3	1,6	2,2	2,7	1,7	2,4	2,0	2,6	2,3	3,0	1,9	2,2	2,6	2,6
3	1,9	2,5	1,4	2,1	2,5	1,6	2,2	2,0	2,4	2,4	3,0	2,0	2,2	2,7	2,7
4	1,9	2,6	1,6	2,1	2,5	1,8	2,4	2,0	2,5	2,6	2,9	2,0	2,4	2,6	2,6
5	2,4	2,7	3,2	2,5	2,9	2,6	2,6	2,6	2,8	3,5	2,6	2,6	3,1	2,8	2,8
6	2,6	2,7	3,3	2,4	2,6	2,5	2,7	2,6	3,0	3,3	3,0	2,7	3,1	2,7	2,7
7	3,6	4,0	3,8	3,9	4,3	4,1	4,1	3,4	4,1	4,1	4,2	3,4	3,3	3,6	3,6
8	3,4	3,0	2,7	3,6	3,6	3,6	3,7	3,5	3,5	3,9	3,8	3,3	3,4	3,5	3,5
9	3,5	2,4	3,1	3,7	3,7	3,6	3,8	3,5	3,6	4,0	3,9	3,3	3,4	3,5	3,5
10	2,9	2,8	2,4	3,0	3,0	2,4	3,3	2,9	3,3	3,2	3,7	3,0	3,2	3,4	3,4
11	4,0	4,2	3,8	3,9	4,0	4,1	4,1	4,0	4,1	4,3	4,4	4,0	3,9	4,1	4,1
12	3,0	3,4	3,3	3,3	3,5	3,6	3,6	3,5	3,5	4,1	4,0	3,6	3,7	4,0	4,0
13	3,0	2,8	3,6	3,4	3,4	3,9	3,8	3,4	3,4	4,1	4,1	3,1	3,7	4,0	4,0
14	3,1	3,1	2,8	3,4	3,4	3,2	3,4	3,1	3,5	3,8	3,7	3,3	3,3	3,7	3,7
15	3,6	3,4	2,9	4,0	4,0	3,9	3,9	3,7	3,9	4,0	3,9	3,6	3,5	3,8	3,8
16	3,5	3,7	3,5	3,7	3,7	4,0	3,6	3,6	3,9	4,2	4,1	3,6	3,6	3,7	3,7
17	4,0	4,3	4,0	4,1	4,1	4,2	4,2	4,0	4,3	4,4	4,5	4,0	3,8	4,1	4,1
18	2,4	3,5	4,2	3,5	4,3	4,3	4,5	3,2	4,1	4,4	4,7	2,8	3,5	3,6	3,6
19	3,0	3,7	2,9	3,6	3,9	3,2	3,7	3,3	3,9	3,8	4,0	2,8	2,8	3,3	3,3
20	3,4	3,8	3,5	3,8	4,2	3,9	4,0	3,3	4,1	4,1	4,2	3,0	3,1	3,6	3,6
21	3,0	3,3	2,7	3,2	3,4	3,2	3,3	3,1	3,6	3,9	3,6	3,0	3,2	3,3	3,3
22	2,1	2,4	2,5	2,4	3,0	2,8	3,1	2,6	3,5	3,4	3,6	1,8	2,4	2,8	2,8
23	2,3	2,3	2,8	2,4	3,0	2,8	3,2	2,6	3,6	3,7	3,7	1,9	2,4	2,9	2,9
24	3,5	3,9	3,4	3,9	4,2	4,0	4,1	3,6	4,2	4,4	4,4	3,5	3,8	4,1	4,1
25	3,3	3,8	3,5	4,0	4,3	4,2	4,3	3,4	4,1	4,3	4,5	3,2	3,7	4,0	4,0
26	2,9	3,2	3,2	3,6	3,9	4,0	4,1	3,2	3,9	4,2	4,1	3,0	3,6	4,1	4,1
27	2,9	3,0	3,6	3,1	3,2	3,2	3,3	3,1	3,4	3,7	4,1	3,0	3,3	3,5	3,5
28	2,9	3,0	2,7	2,9	3,0	2,4	2,9	3,0	3,4	3,6	3,5	2,9	3,2	3,3	3,3
29	2,6	2,7	2,5	2,9	3,1	2,6	3,0	2,7	3,0	3,0	3,2	2,7	3,0	3,0	3,0
N	173	27	54	3672	1270	753	399	498	128	112	60	858	482	177	177

TABEL 3.4  
 MENING OMTRENT ASPEKTE RONDOM DIE WERKSONSTANDIGHEDE VOLGENS GEMEENSAPSDIENS EN VOLKSGROEP

Aspekte	Volksgroep volgens gemeenskapsdiens															
	Asiër			Blank			Kleurling			Swart						
	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	SAG
	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$
1	3,6	3,3	3,7	3,6	3,6	4,0	3,9	3,8	3,7	4,3	4,2	3,6	3,9	3,7	3,9	3,7
2	3,5	3,6	3,4	3,6	3,7	4,0	3,9	3,8	3,7	4,2	4,4	3,4	3,4	3,4	3,4	3,3
3	3,6	3,3	3,8	3,5	3,4	4,2	3,6	3,5	3,4	3,5	3,8	3,2	3,1	3,1	3,1	3,1
4	2,6	3,1	2,9	2,3	2,6	2,8	2,9	2,5	2,7	2,6	2,4	2,5	2,5	2,5	2,5	2,6
5	2,2	2,3	2,1	1,9	1,8	1,4	1,9	2,2	2,4	2,0	2,3	2,7	2,7	2,7	2,7	3,0
6	2,6	2,6	2,5	2,7	2,8	2,2	2,6	2,9	2,9	2,9	3,2	3,1	3,2	3,1	3,2	3,2
7	3,3	3,1	3,4	3,3	3,2	3,1	3,0	3,3	3,4	3,6	3,4	3,2	3,5	3,5	3,4	3,4
8	4,0	3,7	4,2	3,6	3,7	3,6	3,8	3,9	3,9	3,6	4,0	3,8	3,9	3,9	3,8	3,8
9	2,9	2,8	2,7	2,8	2,9	2,6	3,1	2,9	3,2	2,6	3,2	3,2	2,9	2,9	3,0	3,0
10	3,0	3,0	3,5	2,8	2,9	3,6	3,2	3,0	3,1	3,1	3,1	3,2	3,1	3,2	3,1	3,0
11	3,2	3,1	2,8	3,7	3,6	3,5	3,3	3,4	3,5	3,4	3,3	3,3	3,3	3,3	3,3	3,2
12	3,2	3,1	3,0	3,1	3,2	3,3	3,2	3,2	3,3	3,8	3,2	3,6	3,6	3,6	3,7	3,7
13	2,7	3,0	2,7	2,7	2,8	2,9	2,9	2,9	2,8	3,0	3,0	3,3	3,3	3,3	3,5	3,5
14	2,1	2,0	1,8	2,4	2,6	1,9	2,6	2,2	2,6	2,3	2,7	2,5	2,9	2,9	3,0	3,0
15	2,5	2,0	1,9	2,8	2,7	2,4	2,6	2,3	2,7	2,7	3,5	2,2	3,1	2,2	3,1	3,0
N	173	27	54	3672	1270	753	399	498	128	112	60	858	482	177	177	177

### 3.5 VERDERE ASPEKTE VAN VERGOEDING

Die salarisvlak van die ondersoekgroep is reeds in paragraaf 2.2 bespreek en soos aangedui is, is die steekproef volgens salarisvlak gestratifiseer. In hierdie paragraaf word aandag gegee aan salarisvordering, die mate waarin die ondersoekgroep hul vergoeding as regverdig beskou en as voldoende om aan die sosiale verwagtinge te voldoen sowel as die persentasie wat die ondersoekgroep meer as hul huidige salaris wil hê.

Volgens tabel 3.5 is meer as die helfte van die ondersoekgroep (55,2 %) van mening dat hul salaris stadiger gevorder het as wat hul verwag het. Met uitsondering van Asiërs is daar volgens volksgroep nie veel verskil nie. Relatief minder Asiërs as van die ander volksgroepe is van mening dat hul stadiger gevorder het as wat verwag is. Dit is verder duidelik dat relatief meer persone in die SAW tevrede is met hul salarisvordering as persone in die Staatsdiens, SAP en SAG.

TABEL 3.5  
SALARISVORDERING VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

#### (a) Asiër

Subgroep	N	Persentasie van N			
		Stadiger as verwag	So vinnig as verwag	Vinniger as verwag	N.v.t.
		%	%	%	%
Staatsdiens	166	52,4	30,7	5,4	11,5
SAW	26	34,6	61,5	3,9	
SAP	53	49,1	22,6	11,3	17,0
Subtotaal	245	49,8	32,2	6,5	11,4

#### (b) Blank

Staatsdiens	3597	51,6	29,3	6,1	13,0
SAW	1243	46,0	43,0	5,4	5,6
SAP	747	80,2	14,2	1,7	3,9
SAG	391	60,9	22,5	3,1	13,6
Subtotaal	5978	54,6	29,8	5,2	10,4

(Vervolg)

TABEL 3.5 (VERVOLG)

## (c) Kleurling

Subgroep	N	Persentasie van N			
		Stadiger as verwag	So vinnig as verwag	Vinniger as verwag	N.v.t.
		%	%	%	%
Staatsdiens	453	61,2	21,0	5,7	12,1
SAW	122	52,5	33,6	4,9	9,0
SAP	100	55,0	26,0	2,0	17,0
SAG	56	46,4	39,3	7,1	7,1
Subtotaal	731	57,7	25,2	5,2	11,9

## (d) Swart

Staatsdiens	802	59,1	25,3	5,7	9,9
SAP	424	56,8	22,2	9,2	11,8
SAG	163	49,7	22,7	11,7	16,0
Subtotaal	1389	57,3	24,0	7,5	11,2
TOTAAL	8343	55,2	28,5	5,6	10,7

Volgens tabel 3.6 beskou slegs 13,5 % van die ondersoekgroep hul vergoeding as regverdig (som van response 4 en 5) terwyl 59,6 % die teenoorgestelde mening huldig (som van response 1 en 2). Die vraag waaruit hierdie inligting verkry is, het gedui dat respondente hul opleiding en ervaring in aanmerking moet neem (kyk bylae A, vraelys A, vraag 16.1) en die afleiding kan gevolglik gemaak word dat die ondersoekgroep van mening is dat hul besoldiging nie ooreenstem met hul opleiding en ervaring nie.

Tabel 3.7 toon dat daar na die mening van die ondersoekgroep ook 'n leemte bestaan in die mate waarin hul huidige salaris hul in staat stel om aan die sosiale verwagtinge ten opsigte van die lewenstandaard te voldoen. Slegs 10,2 % van die totale groep is van mening dat hul in 'n redelike of groot mate in die opsig kan meedoen. Volgens volksgroep bestaan daar nie groot verskille in die mate waarin die huidige salaris in die verband as voldoende beskou word nie. Dit is egter duidelik dat relatief meer persone in die Staatsdiens as in die SAW en SAP ongelukkig in die verband is.

TABEL 3.6

MATE WAARIN VERGOEDING AS REGVERDIG BESKOU WORD VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS  
EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	Groot mate			Glad nie	
		5	4	3	2	1
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	166	3,0	5,4	25,9	25,9	39,8
SAW	27	3,7	22,2	44,4	14,8	14,8
SAP	52	3,9	3,9	19,2	21,2	51,9
Subtotaal	245	3,3	6,9	26,5	23,7	39,6

## (b) Blank

Staatsdiens	3576	3,8	7,2	26,9	30,4	31,7
SAW	1252	3,5	18,9	33,8	30,4	13,5
SAP	733	2,3	3,4	19,1	29,3	45,8
SAG	381	2,4	6,3	30,2	40,4	20,7
Subtotaal	5942	3,5	9,2	27,6	31,0	29,0

## (c) Kleurling

Staatsdiens	471	3,2	4,7	25,5	19,8	46,9
SAW	122	9,0	16,4	36,1	19,7	18,9
SAP	100	8,0	12,0	21,0	17,0	42,0
SAG	53	17,0	13,2	37,7	20,8	11,3
Subtotaal	746	5,8	8,2	27,5	19,4	39,1

## (d) Swart

Staatsdiens	928	7,7	5,9	23,1	21,1	42,2
SAP	315	14,9	10,2	20,6	18,1	36,2
SAG	156	15,4	8,3	35,3	20,5	20,5
Subtotaal	1399	10,2	7,1	23,9	20,4	38,5
TOTAAL	8332	4,8	8,7	26,9	27,9	31,7

TABEL 3.7

MATE WAARIN INKOMSTE VOLDOENDE IS OM AAN DIE SOSIALE VERWAGTINGE TE VOLDOEN VOLGENS GEMEENSAPSDIENS EN VOLKSGROEP

## (a) Asiër

Subgroep	N	Groot mate			Glad nie	
		5	4	3	2	1
		%	%	%	%	%
Staatsdiens	166	2,4	3,0	27,7	36,8	30,1
SAW	27	3,7	11,1	25,9	40,7	18,5
SAP	51	5,9	3,9	21,6	27,5	41,2
Subtotaal	244	3,3	4,1	26,2	35,2	31,1

## (b) Blank

Staatsdiens	3549	2,7	5,5	24,8	37,1	30,0
SAW	1253	1,8	15,4	36,2	36,2	10,3
SAP	730	1,9	2,2	13,2	38,2	44,5
SAG	381	2,4	6,3	30,2	40,4	20,7
Subtotaal	5913	2,4	7,2	26,1	37,2	27,0

## (c) Kleurling

Staatsdiens	467	2,4	4,1	21,6	26,6	45,4
SAW	122	6,6	12,3	35,3	27,9	18,0
SAP	96	7,3	5,2	19,8	27,1	40,6
SAG	52	9,6	15,4	26,9	25,0	23,1
Subtotaal	737	4,2	6,4	24,0	26,7	38,7

## (d) Swart

Staatsdiens	934	4,5	4,0	18,7	25,7	47,1
SAP	307	14,0	7,5	17,3	22,2	39,1
SAG	153	14,4	5,9	20,9	30,7	28,1
Subtotaal	1394	7,7	4,9	18,7	25,5	43,3
TOTAAL	8288	3,5	6,7	24,7	34,3	30,9

Volgens tabel 3.8 is die mediaansalarisverwagting meer as 30 % hoër as die huidige salaris. Vyftig persent van die Asiërs en Swartes is selfs van mening dat hul 42 % meer as hul huidige salaris behoort te ontvang.



Die inligting van hierdie paragraaf toon dat daar na die mening van die ondersoekgroep heelparty aspekte is wat daartoe meewerk dat die groep relatief ontevrede met hul salaris is. Hieruit ontstaan die vraag hoekom die ondersoekgroep in die Staatsdiens en nie vir 'n ander werkgewer werk nie. In die volgende paragraaf word hieraan aandag gegee.

TABEL 3.8

PERSENTASIE WAT DIE ONDERSOEGGROEP MEEN HUL MEER IN SALARIS MOET ONTVANG VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

(a) Asiër

Subgroep	N	Q <sub>1</sub>	Me	Q <sub>3</sub>
Staatsdiens	136	23,0	40,3	57,5
SAW	19	17,9	30,4	56,3
SAP	29	42,5	53,3	65,6
Subtotaal	184	24,7	42,2	59,0

(b) Blank

Staatsdiens	3007	20,7	32,7	47,8
SAW	1038	18,0	30,0	45,5
SAP	555	29,0	42,3	59,7
SAG	301	22,0	33,3	52,7
Subtotaal	4901	20,8	33,3	49,8

(c) Kleurling

Staatsdiens	351	20,4	33,3	47,6
SAW	101	24,8	33,0	47,9
SAP	70	19,8	34,0	52,1
SAG	41	20,3	34,2	50,7
Subtotaal	563	20,8	33,3	48,1

(d) Swart

Staatsdiens	570	26,8	41,4	58,0
SAP	145	23,3	45,3	62,9
SAG	95	19,0	34,5	61,3
Subtotaal	810	25,4	42,1	60,0
TOTAAL	6458	21,0	34,2	50,3

### 3.6 REDES HOEKOM DIE ONDERSOEGGROEP IN DIE STAATSDIENS WERK

Die gemiddelde waardes in tabel 3.9 toon aan in watter mate elk van die stellings deur die ondersoekgroep aangevoer word as rede hoekom hul in die Staatsdiens werk. Die inligting is deur gebruikmaking van 'n skaal ingewin met een as geen invloed en vyf is baie belangrike invloed. Die frekwensieverspreidings verskyn in tabel 4 in bylae D.

In geval van die meeste groepe is die sekuriteitsaspek, die aard of inhoud van die werk, die geleentheid om diens te lewer en die geleentheid wat die werk bied om jouself uit te leef die belangrikste redes hoekom mense wel in die Staatsdiens werk. 'n Verdere belangrike aspek wat blyk uit tabel 4 in bylae D, is dat 'n relatief groot persentasie van die verskillende subgroepe aangedui het dat vergoeding buite die Staatsdiens, vriende by die werk en die risikofaktor verbonde daaraan om 'n verandering te maak nie op hul van toepassing is nie. Vir hierdie persone speel genoemde faktore dus nie 'n rol daarin dat hul in die Staatsdiens werk nie.

Uit die inligting van tabel 3.9 kan afgelei word dat finansiële aspekte 'n ondergeskikte rol daarin speel dat mense in die Staatsdiens werk.

### 3.7 HOUDING TEENoor DIE STAATSDIENS AS WERKGEWER

Die vlak van tevredenheid met die beroepsarbeid sowel as tevredenheid met sekere aspekte van die werk sal 'n invloed hê op die houding van die werknemer teenoor werkgever. 'n Negatiewe houding by werknemers kan die werwing van nuwe personeel beïnvloed. In die paragraaf word kortliks gelet op die houding van die ondersoekgroep teenoor die Staatsdiens.

Thurstone en Chave (1966) definieer houding ("attitude") as die som-totaal van 'n persoon se geneigdhede en gevoelens, vooroordele of partydigheid, voorafgevormde opvattinge, idees, vrese, bedreigings en oortuigings oor 'n bepaalde onderwerp. Hulle meld verder dat houding 'n persoonlike en subjektiewe aangeleentheid is.

Die verskillende definisies van houding kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word. Die een groep laat die klem val op die gedrag, wat voortvloei as gevolg van houding, terwyl die ander groep meer klem lê op

TABEL 3.9  
REDES WAAROM BEAMPTES IN DIE STAATSDIENS WERK VOLGENS GEMEENSKAPSDIENS EN VOLKSGROEP

Stellings	Volksgroep volgens gemeenskapsdiens													
	Aster			Blank			Kleurling			Swart				
	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	Staat	SAW	SAP	SAG	
	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	
1	1,6	2,4	1,8	1,5	1,8	1,3	1,6	2,1	2,4	2,5	2,9	2,4	3,0	2,9
2	3,7	3,9	3,7	3,7	4,1	3,9	3,9	3,7	4,4	4,4	4,5	3,7	3,9	3,8
3	1,5	1,6	1,3	1,3	1,0	0,9	1,0	1,8	2,0	1,2	1,8	2,2	2,4	2,6
4	2,0	2,3	2,4	2,0	2,5	1,7	2,0	1,9	2,9	2,0	2,8	2,1	2,7	2,7
5	1,7	2,6	2,1	1,6	1,5	1,6	1,5	1,4	2,3	2,1	1,5	1,9	2,5	2,2
6	2,3	2,5	2,2	2,2	2,3	1,7	2,3	2,4	3,1	2,9	3,1	2,8	3,0	3,3
7	3,7	3,9	3,6	3,9	3,8	4,1	3,5	4,0	4,2	4,5	4,1	3,9	3,9	4,0
8	3,5	3,1	3,7	3,3	3,3	3,5	2,8	3,5	3,8	3,9	3,3	3,5	3,7	3,5
9	1,7	2,4	2,4	2,1	1,7	2,3	2,0	2,1	2,5	2,9	2,4	2,9	3,3	3,4
10	3,0	3,1	2,7	2,7	2,8	2,7	2,2	3,0	3,7	4,0	3,4	3,3	3,5	3,4
11	2,9	3,0	2,5	3,1	3,4	3,2	2,8	3,0	3,3	3,4	3,9	3,0	2,9	2,7
N	173	27	54	3672	1270	753	399	498	128	112	60	858	482	177

die interne kragte wat houding beïnvloed (Lemon, 1973). Die definisie van Thurstone en Chave ressorteer in die laasgenoemde groep en word vir doeleindes van hierdie navorsing as 'n toepaslike uitgangspunt beskou.

Inligting oor die houding van die ondersoekgroep is deur middel van 20 stellings ingesamel (kyk Vraelys A, afd. B, vraag 1). Teenoor elke stelling moes die respondent op 'n 5-puntskaal aandui in watter mate hy daarmee saamstem of nie saamstem nie. Een punt is toegeken vir stem volkome saam tot vyf punte vir stem glad nie saam nie. Dié stellings is volgens die Likert-metode opgestel (Fishbein, 1967) en gevolglik is 10 stellings in die positiewe en 10 in die negatiewe vorm gestel. In die verwerking van die inligting is die tellings van die 10 positiewe stellings omgewerk waarna 'n totaalstelling bereken is. Hierdie totaalstelling kan wissel van 20 (baie negatief) tot 100 (baie positief).

Vir doeleindes van hierdie paragraaf is die totaaltellings in drie kategorieë ingedeel naamlik van 20 tot 45, 46 tot 75 en 76 tot 100. Die eersgenoemde groep word in die bespreking as negatief teenoor die Staatsdiens en die laasgenoemde groep as positief beskou.

Uit tabel 3.10 waarin inligting oor die houding van die ondersoekgroep verskyn blyk dat aansienlik meer beamptes 'n hoër telling as 'n laer telling behaal het. Van die totale groep het 36,2 % 'n telling van 76 of hoër behaal terwyl net 6,7 % 'n telling van 45 of laer behaal het. Hieruit kan afgelei word dat relatief meer beamptes positief as negatief teenoor die Staatsdiens is. Dit is opvallend uit die gegewens dat die Uniformpersoneel, met uitsondering van Asiërs en Blankes in die SAP, neig om 'n meer positiewe houding te openbaar as die personeel in die Staatsdiens. Die persentasie Kleurlinge en Swartes wat positief is, is verder aansienlik groter as dié vir Blankes en Asiërs terwyl van die eersgenoemde twee groepe ook relatief minder as van die laasgenoemde groep as negatief beskou kan word (tellings 20-45). Blankes en Asiërs se totale beroepspatroon verskil heelwat van dié van Kleurlinge en Swartes. Die beroepstruktuur is onder andere veel meer gedeversifieerd en deelname aan privaatsektor bedrywig hede in goedbetaalde beroepe kom selfs by die Asiërs vry algemeen voor. Die groter werksmoontlikhede is waarskynlik deels vir die meer negatiewe houding van Blankes en Asiërs verantwoordelik omdat normgroepe buite die Staatsdiens, waarmee vergelykings getref kan word, verskil en veel meer voorkom.

TABEL 3.10  
HOUDING TEENOR DIE STAATSDIENS VOLGENS GEMEENSAPSDIENS EN VOLKS=  
GROEP

Gemeenskapsdiens volgens volksgroep	N	Houding			Totaal	
		Negatief	Positief			
		←————— —————→				
		20-45	46-75	76-100		
		%	%	%	%	
Asiër:	Staatsdiens	165	10,9	58,8	30,3	100
	SAW	27	3,7	59,3	37,0	100
	SAP	50	14,0	64,0	22,0	100
Subtotaal		243	10,7	59,7	29,6	100
Blank:	Staatsdiens	3465	7,8	63,0	29,2	100
	SAW	1247	6,5	47,2	46,3	100
	SAP	736	7,5	65,2	27,3	100
	SAG	388	5,2	59,5	35,3	100
Subtotaal		5836	7,3	59,7	33,0	100
Kleurling:	Staatsdiens	451	5,8	56,1	38,1	100
	SAW	122	0,8	44,3	54,9	100
	SAP	107	0,9	32,7	66,4	100
	SAG	59	1,7	32,2	66,1	100
Subtotaal		739	3,9	48,9	47,2	100
Swart:	Staatsdiens	759	7,5	48,9	43,6	100
	SAP	423	1,4	51,5	47,0	100
	SAG	167	1,2	52,7	46,1	100
Subtotaal		1349	4,8	50,2	45,0	100
TOTAAL		8167	6,7	57,1	36,2	100
Ongespesifiseerd		496				

## HOOFSTUK 4

### BIOGRAFIESE FAKTORE EN WERKTEVREDENHEID

#### 4.1 INLEIDING

Die ondersoekgroep is reeds in hoofstuk 2 aan die hand van sekere biografiese eienskappe beskryf. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan hoedanig sekere biografiese veranderlikes in verband gebring kan word met verskille en die mate van tevredenheid met sekere diensvoorwaardes en aspekte van die werk sowel as in die tellings wat vir die vyf velde van die JDI behaal is. Die doel met hierdie hoofstuk is om te bepaal in welke mate die vlak van tevredenheid met die bogenoemde veranderlikes vir sekere subgroepe statisties betekenisvol verskil van dié vir ander subgroepe. Dit is byvoorbeeld moontlik dat persone in sekere geografiese streke meer tevrede kan wees as persone in ander streke of dat persone in 'n sekere beroepsfamilie(s) se mate van tevredenheid mag verskil van persone in ander beroepsfamilies. Voorts kan verwag word dat meeste verskille nie slegs deur een sogenaamde verklarende veranderlike nie maar deur 'n hele aantal veranderlikes verklaar sal word. Dit kan byvoorbeeld die geval wees dat die twee faktore waarna hierbo verwys is (beroepsfamilie en geografiese streek) gesamentlik 'n rol speel en dat persone in 'n sekere geografiese streek se tevredenheid vir sekere beroepsfamilies verskil terwyl dit in ander geografiese streke vir ander beroepsfamilies kan verskil of glad nie verskil nie.

Die CHAID-program, wat in hoofstuk 1 (paragraaf 1.2.4) beskryf is, is gebruik om die samehang van biografiese faktore ten opsigte van hul invloed op die vlak van tevredenheid te bepaal. In hoofstuk 1 is genoem dat hierdie program slegs gebruik kan word vir groot groepe. Gevolglik is die ontledings net vir die vier Blanke groepe (Staatsdiens, SAW, SAP en SAG), Kleurlinge in die Staatsdiens en Swartes in die Staatsdiens en SAP gedoen.

In oorleg met die KVA is besluit om die volgende verklarende veranderlikes (in hierdie geval biografiese veranderlikes) in al die ontledings te gebruik:

*Vir die Staatsdiens:*

- 1 Beroepsfamilie (22 peile)
- 2 Geografiese streek (14 peile)
- 3 Salarisgroep (14 peile)
- 4 Ouderdomsklas (11 peile)
- 5 Geslag (2 peile)
- 6 Huwelikstaat (4 peile)
- 7 Kwalifikasie (5 peile)

Vir die SAW, SAP en SAG vervang militêre rang (19 peile) die beroepsfamilie van die Staatsdiens en vir die SAW word weermagtak (5 peile) en weermagdeel (5 peile) toegevoeg.

Vir die drie Nie-Blanke groepe waarvoor CHAID-analises uitgevoer is, moes die aantal peile van die verskillende veranderlikes verminder word aangesien die getalle in dié groepe relatief klein is. (Kyk beperkinge van CHAID in paragraaf 1.2.4.) Wat Swartes in die Staatsdiens betref is die 22 beroepsfamilies byvoorbeeld gereduseer tot drie, naamlik klerklike werknemers (familie 20), mediese, paramediese en verwante werknemers (familie 11) en alle ander beroepsfamilies gesamentlik, omdat slegs beroepsfamilies 11 en 20 uit groot genoeg groepe bestaan om die ontledings afsonderlik te kan doen.

Die kategorieë wat vir elke veranderlike en vir elke groep gebruik is, word in 'n kodelys in die bylae (onder aparte omslag) omskryf.

Indien geeneen van die verklarende veranderlikes 'n statisties betekenisvolle bydrae lewer in die verklaring van die variasie van 'n bepaalde afhanklike veranderlike vir een van die groepe waarvoor CHAID-analises uitgevoer is nie, is die dendrogram nie in die bylae opgeneem nie.

#### 4.2 TEVREDENHEID MET DIENSVOORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK .

Die dendrogramme wat as uitvoer van die CHAID-analise verkry is vir die verskillende groepe waar tevredenheid met 21 diensvoorwaardes en aspekte van die werk sowel as met huidige betrekking as afhanklike veranderlike gebruik word, verskyn in die bylae (onder aparte omslag). Sover die ruimte dit toegelaat het, is die kategorieë (peile) op die dendrogram omskryf maar

indien daar nie voldoende ruimte vir die omskrywing van die verskillende peile was nie, is slegs die kodes wat vir die verskillende peile gebruik is op die dendrogram aangebring. In laasgenoemde gevalle moet die kodelys dus gebruik word om te bepaal watter peile ter sprake is.

Alhoewel inligting oor tevredenheid met 29 diensvoorwaardes en aspekte van die werk ingewin is, word, soos genoem is, die inligting van slegs 21 van hierdie veranderlikes gerapporteer. Die mate van tevredenheid met die oorblywende agt stem elk so goed ooreen met een van dié waarvoor die inligting wel gerapporteer word, dat dit nie die moeite werd geag is om CHAID-analises op hierdie agt veranderlikes uit te voer nie. Tevredenheid met die aanvang van salarisskaal en top van die skaal stem besonder goed ooreen met hierdie inligting vir grootte van salariskerwe en daar word nie oor die eersgenoemde twee gerapporteer nie. Dieselfde geld vir tevredenheid met toesighouer wat met dié vir toesighouding in die algemeen ooreenstem; belangrikheid en verantwoordelikheid van die werk en geleentheid vir gebruik van persoonlike vermoëns wat met uitdaging wat die werk bied, ooreenstem; behuisingsleningskema wat met behuisingssubsidieskema ooreenstem en studieverlof wat met vakansieverlof ooreenstem.

Die dendrogramme in die bylae word nie bespreek nie, aangesien die KVA oor meer kennis en inligting as die RGN beskik in verband met die verskillende diensvoorwaardes. Die KVA is dus beter in staat as die RGN om hierdie inligting te interpreteer en afleidings daaruit te maak. By interpretasie van die inligting moet die volgende egter in gedagte gehou word:

(a) Die nuwe salarisskale vir polisie is aangekondig terwyl die veldwerk aan die gang was en dit kan moontlik 'n invloed op die resultate ten opsigte van tevredenheid met vergoedingsaspekte hê.

(b) Terwyl die veldwerk aan die gang was, is aangekondig dat sekere wysiginge aan die behuisingssubsidieskema met ingang van 1 Oktober 1981 aangebring word. Tevredenheid met behuisingssubsidie mag hierdeur beïnvloed word.

(c) Veldwerkers het heelwat probleme ondervind met laagopgeleides deurdat sommige van hierdie persone nie die skale wat in die vraelys gebruik is, goed verstaan het nie. Hierdie probleem het veral by Swartes voorgekom.



#### 4.3 DIE INVLOED VAN BIOGRAFIESE ASPEKTE OP WERKTEVREDENHEID SOOS GEMEET DEUR DIE JOB DESCRIPTIVE INDEX (JDI)

Om die invloed van biografiese aspekte op die werktevredenheidtelings op die vyf velde van die JDI na te gaan, is ontledings met behulp van die CHAID-rekenaarprogram uitgevoer vir groepe waarvan die grootte ongeveer 500 of meer is terwyl 'n log-lineêre ontledingsmodel (Reynolds, 1977) vir kleiner groepe gebruik is<sup>1)</sup>. Groepe waarvan die grootte kleiner as ongeveer 100 is, is vanweë die beperkte veralgemeningsmoontlikhede vir doeleindes van hierdie algemene verslag nie ontleed nie.

Vir die groepe waar die CHAID-program gebruik is, is die invloed van dieselfde biografiese aspekte ondersoek as wat in paragraaf 4.1 beskryf is. By die kleiner groepe waar die log-lineêre model gebruik is, was dit nie sinvol om die invloed van meer as drie biografiese aspekte te ondersoek nie. Gevolglik is die drie aspekte wat volgens die CHAID-ontledings op die ander groepe die belangrikste blyk te wees naamlik geslag, kwalifikasie en salaris vir die doel gekies, maar dit was ook nodig om die aantal peile by sommige aspekte te verminder. Besonderhede oor die veranderlikes en die peile wat gebruik is, is soos volg:

<i>Geslag:</i>	1 = Manlik	
	2 = Vroulik	
<i>Kwalifikasie:</i>	1 = Laer as st. 10	
	2 = St. 10	
	3 = Hoër as st. 10	
<i>Salaris:</i>	<i>Asiërs/Kleurlinge</i>	<i>Swartes</i>
	1 = R4470 en laer	R3582 en laer
	2 = R4710 en hoër	R3798 en hoër
<i>JDI-velde:</i> <sup>2)</sup>	1 = Tellings van 26 en laer (minder tevrede)	
	2 = Tellings van 27 en hoër (meer tevrede)	

<sup>1)</sup> Die P4F program van die BMDP rekenaarprogrampakket is vir die ontledings gebruik

<sup>2)</sup> Die tellings van die velde Vergoeding en Bevorderingsmoontlikhede is vir alle ontledings in hierdie paragraaf met twee vermenigvuldig sodat dit, soos die ander velde, uit 54 tel.

Slegs die gegewens van Swartes met 'n kwalifikasie van st. 10 en hoër is by die ontledings gebruik aangesien tydens die voltooiing van die vraelyste waargeneem is dat die laer gekwalifiseerde Swartes probleme met die begrippe in die JDI-vraelys ondervind en daar gevolglik nie heeltemal op die gegewens peil getrek kan word nie.

Die dendrogramme van die groepe waarvan die gegewens met die CHAID-rekenaarprogram ontleed is, naamlik Blankes in die Staatsdiens, SAW, SAP en SAG asook Kleurlinge en Swartes in die Staatsdiens verskyn in die Bylae wat onder afsonderlike omslag aangebied word.

Die resultate van die ontledings wat met behulp van die log-lineêre model op die gegewens van die Asiërs in die Staatsdiens, Kleurlinge in die SAW en SAP asook Swartes in die SAP en SAG uitgevoer is, toon net vier beïnvloedings wat minstens op die 5 %-peil betekenisvol is en besonderhede hieroor word in tabelle 4.1 tot 4.4 weergegee.

TABEL 4.1  
 PERSENTASIES VOLGENS KWALIFIKASIE EN TEVREDENHEID MET BE-  
 VORDERINGSGELEENTHEDE VIR ASIËRS IN DIE STAATSDIENS (N=147)

Kwalifikasie	Tevredenheid met Bevorderingsgeleentheid	
	26 en laer	27 en hoër
	%	%
Laer as st. 10	43,59	56,41
St. 10	73,68	26,32
Hoër as st. 10	71,43	28,57

Betekenisvolheid van die verband tussen Kwalifikasie en tevredenheid met Bevorderingsgeleentheid:  $P = .009$ .

TABEL 4.2

PERSENTASIES VOLGENS KWALIFIKASIE EN TEVREDENHEID MET MEDEWERKERS VIR ASIËRS IN DIE STAATSDIENS (N=160)

Kwalifikasie	Tevredenheid met Medewerkers	
	26 en laer	27 en hoër
	%	%
Laer as st. 10	9,62	90,38
St. 10	29,73	70,27
Hoër as st. 10	26,76	73,24

Betekenisvolheid van die verband tussen Kwalifikasie en tevredenheid met Medewerkers:  $P = .034$

TABEL 4.3

PERSENTASIES VOLGENS SALARISGROEP EN TEVREDENHEID MET TOESIG VIR KLEURLINGMANS IN DIE SAW (N=77)

Salarisgroep	Tevredenheid met Toesig	
	26 en laer	27 en hoër
	%	%
R4470 en laer	2,94	97,06
R4710 en hoër	34,88	65,12

Betekenisvolheid van die verband tussen Salarisgroep en tevredenheid met Toesig:  $P = .002$

TABEL 4.4

PERSENTASIES VOLGENS SALARISGROEP EN TEVREDENHEID MET SOORT WERK VIR KLEURLINGMANS IN DIE SAW (N=74)

Salarisgroep	Tevredenheid met Soort werk	
	26 en laer	27 en hoër
	%	%
R4470 en laer	21,21	78,79
R4710 en hoër	19,51	80,49

Betekenisvolheid van die verband tussen Salarisgroep en tevredenheid met Soort werk:  $P = .006$

Die gegewens in die tabelle kan op 'n soortgelyke wyse as dié van die dendrogramme vertolk word. So blyk byvoorbeeld uit tabel 4.1 dat kwalifikasie 'n invloed het op die tevredenheid met Bevorderingsgeleenthede en dat die hoër gekwalifiseerdes meer ontevrede is as die met 'n kwalifikasie laer as st. 10. (Die rede hiervoor kan nie uit die ondersoekgegewens vasgestel word nie, maar dit mag wees dat die hoër gekwalifiseerdes hoër verwagtings koester en dat dit nie bevredig word nie.)

Die spesifieke besonderhede in die dendrogramme en in tabelle 4.1 tot 4.4 kan die beste geïnterpreteer word deur diegene wat vertrouwd is met die organisasiestrukture en diensvoorwaardes van die verskillende volks- en gemeenskapdiensgroepe. Hierbenewens maak die omvang van die resultate 'n volledige bespreking onprakties en daar sal volstaan word met enkele algemene indrukke.

Uit die resultate van die ontledings is dit duidelik dat verskillende biografiese aspekte waaronder selfs die geografiese gebied waarin die persone werk, verband hou met die werktevredenheid van die ondersoekgroep. Die bevinding beklemtoon weer eens die kompleksiteit van die verskynsel van werktevredenheid en is ook in lyn met bevindings van ander ondersoeke oor die onderwerp (Locke 1976). Verdere aanduidings is dat meer biografiese aspekte verband hou met die velde Soort werk, Vergoeding en Bevorderingsmoontlikhede as wat die geval is met die velde Toesighouding Ontvang en Medewerkers. Hieruit kan afgelei word dat eersgenoemde velde meer kompleks van aard is as die laasgenoemdes.

'n Verdere interessante verskynsel is dat ouderdom veral 'n rol speel by tevredenheid met Toesighouding en dat die ouer groepe oor die algemeen meer tevrede is as die jongere groepe. Wat die veld Medewerkers betref is dit opmerklik dat huwelikstaat by twee Blanke groepe (Staatsdiens en SAP) se tevredenheid 'n rol speel en dat die getroudes asook dié in 'n wedu-staat meer tevrede is as dié wat nooit getroud is nie of geskei is.

'n Belangrike afleiding wat uit die voorgaande inligting gemaak kan word, is dat wanneer aksies onderneem word om tevredenheid te verbeter, onthou moet word dat die impak van 'n aksie verskillende betekenis vir verskillende groepe personeel het en dat dit wenslik mag wees om aksies so buigsaam te beplan dat dit die gewenste aanklank by die grootste moontlike hoeveelheid personeel kan vind.

## HOOFSTUK 5

### WERKTEVREDENHEID EN DIE METING DAARVAN VOLGENS DIE JOB DESCRIPTIVE INDEX (JDI)

#### 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is aandag geskenk aan 'n wye reeks aspekte wat met werktevredenheid verband hou. Waar die aspekte daar oor die algemeen in isolasie bespreek is, sal in hierdie hoofstuk dieper op enkele aspekte ingegaan word en ook aandag aan hul onderlinge interaksie geskenk word. Verdere sake wat aandag sal ontvang is die relatiewe belangrikheid van, en tevredenheid met verskillende fasette van die werk asook die kompleksiteit van die konstruk van werktevredenheid.

Om interpretasie te vergemaklik is die tellings op die JDI se velde Vergoeding en Bevordering vir doeleindes van hierdie hoofstuk deurgaans met twee vermenigvuldig om sodoende dieselfde maksimum as dié van die ander velde te hê. Meer besonderhede word later in par. 5.4 gegee.

In die ontledings van die JDI is vir Swartes net die gegewens gebruik van diegene met 'n st. 10- of hoër kwalifikasie, omdat sommige van die laer gekwalifiseerdes tydens die invul van die vraelys probleme met sekere begrippe gehad het en daar gevolglik twyfel bestaan oor die geldigheid van hulle menings.

In gevalle waar die aard van die ontledings 'n redelik tegniese bespreking tot gevolg het, word aan die einde van die paragraaf 'n opsomming van die vernaamste bevindings gegee en om die verskillende bevindings in perspektief te sien, word die hoofstuk afgesluit met 'n kort samevatting.

#### 5.2 ALGEMENE WERKTEVREDENHEID EN DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN VERSKILLENDE ASPEKTE VAN DIE WERK

Werktevredenheid is kompleks van aard en die konstruk (aspekte waaruit dit saamgestel is) is multidimensioneel. Die samestelling van 'n konstruk gaan met 'n mate van subjektiwiteit gepaard en gevolglik sal daar altyd oor 'n indeks van algemene werktevredenheid verskillende menings bestaan. Die aard van 'n konstruk van werktevredenheid speel 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die relatiewe belangrikheid van verskillende ander aspekte soos ge-

ëvalueer teen die betrokke konstruk. As so 'n algemene indeks byvoorbeeld hoofsaaklik sou bestaan uit vrae oor vergoeding of so 'n beeld in die gedagte van persone sou oproep, sal ontledings aantoon dat ander aspekte wat oor vergoeding handel baie belangrik is, terwyl as die vrae so is dat 'n beeld oor men-severhoudings opgeroep word, sal ander aspekte wat soortgelyk van aard is, as baie belangrik aangedui word.

Om 'n aanduiding van die relatiewe belangrikheid van verskillende aspekte ten opsigte van algemene werktevredenheid te kry, sal twee benaderings gevolg word, naamlik een waar vyf fasette van werk naamlik Soort werk, Vergoeding, Toesighouding ontvang, Bevorderingsgeleentheid en Mense met wie saamgewerk word, se belangrikheid ten opsigte van algemene werktevredenheid met mekaar vergelyk word, en 'n ander waar besonderhede oor tevredenheid met diensvoorwaardes met 'n algemene werktevredenheidsindeks vergelyk word.

In die volgende besprekings gaan dit dus primêr om die *belangrikheid* van enkele aspekte ten opsigte van algemene werktevredenheid en *nie* om die *mate* van werktevredenheid met 'n aspek as sodanig nie. Hierdie onderskeiding moet nie as absoluut gesien word nie, want dit is waarskynlik onmoontlik om 'n beoordeling van belangrikheid te verkry wat nie deur die vlak van tevredenheid van daardie eienskap in die beoordelaar, beïnvloed word nie. Dit mag bv. wees dat 'n aspek wat ontevredenheid skep as belangriker aangedui word omdat die beoordelaar emosioneel daarby betrokke is en dit graag reggestel wil hê, terwyl die beoordeling van 'n ander aspek waarteenoor die beoordelaar emosioneel relatief neutraal staan, nie sodanig beïnvloed word nie.

#### 5.2.1 Die relatiewe belangrikheid van sekere werkfasette ten opsigte van algemene werktevredenheid

In dié ontleding word die menings van die onderzoekgroep gebruik oor die rol wat elkeen van vyf aspekte naamlik Soort werk, Vergoeding, Toesighouding, Bevorderingsgeleentheid en Mense met wie saamgewerk word in hulle werktevredenheid speel. Die belangrikheid van elkeen van die aspekte is op 'n vyf-puntskaal geëvalueer, waar "Geen rol" aangedui is deur 'n waarde van 1 en "Baie belangrike rol" deur 'n waarde van 5. Die konstruk van die indeks van algemene werktevredenheid, wat ter sprake is, is die beeld wat die vraag "Dui aan watter rol elk van die volgende speel in u werktevredenheid" by die onderzoekgroep opgeroep het.

Besonderhede oor die mening van die ondersoekgroep word ongeag gemeenskapdiensgroep maar wel volgens volksgroep in tabel 5.1 weergegee.

Uit tabel 5.1 blyk op die oog af dat verskille in die gemiddeldes van die belangrikheid van die verskillende werkfasette oor die algemeen gering is. Ontleding van die betekenisvolheid van die verskille tussen die gemiddeldes<sup>1)</sup> van die werkfasette vir elke volksgroep, het egter aangetoon dat by Kleurlinge en Asiërs slegs Soort werk en Mense met wie saamgewerk word, asook Vergoeding en Bevorderingsgeleenthede *nie* betekenisvol van mekaar verskil nie. By die Blankes is dit slegs Vergoeding en Toesighouding en by die Swartes, Soort werk en Mense met wie saamgewerk word, wat *nie* betekenisvol van mekaar verskil nie.

Indien die fasette van werk volgens die grootte van hulle gemiddeldes in tabel 5.1 in rangorde geplaas word, is die rangordes vir al die groepe met uitsondering van die Blankes dieselfde, naamlik Soort werk, Mense met wie saamgewerk word, Toesighouding, Bevorderingsgeleenthede en Vergoeding. Die rangorde by die Blankes is baie soortgelyk aan dié van die ander groepe en verskil slegs deurdat Bevorderingsgeleenthede belangriker geag word as Toesighouding.

Oor die algemeen kan gesê word dat die onderskeie volksgroepe se siening van die relatiewe belangrikheid van die verskillende werkfasette, soos geëvalueer teen dié betrokke konstruk van algemene werktevredenheid, ooreenstem. Daar moet egter in gedagte gehou word dat biografiese aspekte 'n invloed op die siening van die belangrikheid van die onderskeie werkfasette mag hê en dat sekere subgroepe in 'n volksgroep 'n ander rangorde mag hê.

Die bevinding dat al die groepe die aard van die werk as die belangrikste aspek aandui wat 'n rol in hul algemene werktevredenheid speel, is volgens behoefteteorieë baie gewens omdat dit 'n gesonde basis vir werkmotivering bied.

Daar word voorlopig met hierdie bespreking volstaan maar die saak sal verder aandag ontvang na die ondersoek oor die belangrikheid van verskillende diensvoorwaardes en aspekte van die werk ten opsigte van 'n ander algemene werktevredenheidsindeks in die volgende paragraaf afgehandel is.

1) Die toets vir die verskille tussen die gemiddeldes van afhanklike groepe is gebruik, en Z-waardes groter as 2,8 is beskou as betekenisvol. Die hoër peil van betekenisvolheid is gebruik weens die groot aantal vergelykings wat getoets is.

TABEL 5.1

GETALLE, GEMIDDELDDES EN STANDAARDAFWYKINGS VAN ENKELE WERKFASETTE TEN OPSIGTE VAN HUL BELANGRIKHEID VIR ALGEMENE WERKTEVREDENHEID

Faset van werk	Volksgroep											
	Asiërs			Blankes			Kleurlinge			Swartes		
	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s
Soort werk	248	4.081	1.188	6014	4.210	1.039	751	4.198	1.122	1419	4.133	1.283
Vergoeding	246	2.980	1.354	5994	3.577	1.363	747	3.388	1.384	1407	3.095	1.389
Bevorderings= geleenthede	247	3.065	1.433	6004	3.656	1.313	746	3.444	1.454	1424	3.364	1.511
Toesighouding	248	3.395	1.334	5996	3.597	1.220	744	3.720	1.256	1412	3.744	1.326
Mense met wie saamgewerk word	247	3.907	1.311	6002	4.069	1.077	741	4.128	1.137	1428	4.068	1.252



### 5.2.2 Die relatiewe belangrikheid van verskillende diensvoorwaardes en aspekte van die werk ten opsigte van algemene werktevredenheid

As 'n algemene indeks van werktevredenheid word by hierdie ontleding die siening van die ondersoekgroep gebruik volgens 'n enkele item waar hulle aan 'n vriend of kennis moet sê hoe tevrede hulle met hul huidige betrekking is. Die konstruk wat ter sprake is, is die beeld wat dié vraag by die ondersoekgroep opgeroep het. Die evaluering geskied volgens 'n sespuntskaal waar 1 totale ontevredenheid aandui en 6 totale tevredenheid. 'n Aanduiding van die relatiewe belangrikheid van tevredenheid met die verskillende diensvoorwaardes en aspekte van die werk tot die algemene indeks van werktevredenheid kan verkry word volgens die grootte van die korrelasies tussen hierdie veranderlikes.

By die beoordeling van tevredenheid met diensvoorwaardes was daar ook 'n kategorie waar diegene kon merk wat nie vertrouwd genoeg was met die betrokke diensvoorwaarde om 'n beoordeling vir tevredenheid te doen nie. Korrelasies tussen tevredenheid met die onderskeie diensvoorwaardes en die algemene indeks van werktevredenheid is dus slegs vir diegene wat 'n beoordeling van tevredenheid verstrek het bereken en nie vir die volle groep nie.

Besonderhede van die produk-momentkorrelasies<sup>1)</sup> tussen tevredenheid met die diensvoorwaarde-aspekte en die algemene indeks van werktevredenheid word afsonderlik vir die verskillende volksgroepe in tabel 5.2 verstrek. Die berekenings is vanweë die omvang daarvan nie ook afsonderlik vir die onderskeie gemeenskapdiensgroepe gedoen nie.

---

1) Die skale wat gebruik is vir die beoordeling van algemene tevredenheid en tevredenheid met diensvoorwaardes is in wese ordinaal van aard en volgens teorie is dit aangewese om die Kendall tau-B- of Spearman se rangordekorrelasie as 'n maatstaf vir assosiasie te gebruik. Omdat dit prakties geriefliker is om Pearson se produk-momentkorrelasie te gebruik, is enkele vergelykende ontledings gedoen om die toelaatbaarheid van die gebruik van die produk-momentkorrelasie te ondersoek. Die resultate het getoon dat die aard van die skale sodanig is dat produk-momentkorrelasies wel gebruik kan word.

TABEL 5.2

KORRELASIES VAN TEVDRENHEID MET DIENSVOORWAARDES EN ASPEKTE VAN DIE WERK MET TEVDRENHEID MET BETREKING VOLGENS VOLKSGROEP

Tevredenheid met diensvoorwaardes en aspekte van die werk	Tevredenheid met betrekking							
	Asiër		Blank		Kleurling		Swart	
	r	N	r	N	r	N	r	N
1. U huidige salaris	497 <sup>1)</sup>	236	352	5 740	332	660	214	1 146
2. U salarisskaal - aanvang van skaal	372	215	280	5 354	309	575	238	1 018
3. - grootte van kerwe	425	214	318	5 349	263	554	211	1 033
4. - top van skaal	377	204	281	5 289	259	557	247	968
5. U bevorderingsgeleenthede	248	228	306	5 598	301	602	237	1 066
6. Merietebevorderingstelsel	118	211	267	5 270	267	543	219	995
7. Sekuriteit wat u werk bied	095	225	232	5 680	248	644	178	1 145
8. Toesighouding - in die algemeen	277	227	310	5 674	269	629	193	1 146
9. - u spesifieke toesighouer	235	221	278	5 468	213	599	190	1 114
10. Fisiese werksomstandighede	336	222	221	5 709	289	619	144	1 062
11. Belangrikheid van u werk	274	231	302	5 807	259	688	114	1 251
12. Indiensopleiding	306	221	282	5 571	212	628	174	1 133
13. Moontlikhede vir verdere studie	186	224	235	5 296	169	630	210	1 156
14. Geleentheid vir gebruik van persoonlike vermoëns	254	232	387	5 665	309	615	220	1 160
15. Personeelverhoudinge in u seksie	200	232	272	5 823	202	666	173	1 165
16. Uitdaging wat u werk bied	276	231	389	5 791	253	655	186	1 187
17. Verantwoordelikheid van u werk	201	241	301	5 829	198	672	121	1 229
18. Mediese hulpskema	102	203	143	5 379	239	540	168	1 036
19. Diensbonus	211	213	241	5 648	177	659	190	1 145
20. Pensioenskema	130	210	201	5 450	211	599	226	1 045
21. Status van u pos	400	227	381	5 625	272	614	282	1 102
22. Behuisingsleningskema	060	163	210	4 151	174	394	186	848
23. Behuisingssubsidieskema	056	167	194	4 162	155	399	196	846
24. Verlofvoordele - vakansieverlof	151	244	194	5 800	199	688	155	1 217
25. - siekteverlof	158	239	199	5 682	240	647	161	1 192
26. - studieverlof	116	204	205	4 888	229	564	208	1 087
27. Erkenning van kwalifikasies	281	221	325	5 573	296	616	240	1 145
28. Erkenning van ervaring	308	216	328	5 558	276	621	277	1 127
29. Aandeel in bestuursbesluitneming	274	197	377	4 857	295	500	281	948

1) Desimale tekens is weggelaat.

Volgens tabel 5.2 toon tevredenheid met diensvoorwaardes rakende aspekte van vergoeding vir Asiërs die hoogste korrelasies met die algemene indeks van werktevredenheid; vir Blankes is dit tevredenheid met diensvoorwaardes rakende persoonlike uitlewing; vir Kleurlinge is dit tevredenheid met diensvoorwaardes oor vergoeding en persoonlike uitlewing en by Swartes is dit tevredenheid met diensvoorwaardes rakende status van die pos en aandeel in bestuursbesluitneming.

Die verskille tussen die waardes van korrelasies wat uitgesonder is as dié met die hoogste waardes en die ander korrelasies, is nie groot nie. Verder is die uitgesonderde hoogste korrelasies in absolute sin nie werklik hoog nie want almal is kleiner as 0,5. Dit beteken dat die tevredenheid met spesifieke diensvoorwaardes minder as 25 % van die variasie in algemene werktevredenheid verklaar. Gevolglik is dit vir doeleindes van die algemene verslag nie prakties om verder daarop in te gaan nie. Die resultate is in ooreenstemming met bevindings van ander ondersoekes (Smit 1980) en moet nie as buitengewoon beskou word nie. Die relatiewe lae korrelasiekoëffisiënte is waarskynlik toe te skryf aan die kompleksiteit van die konstruk van algemene werktevredenheid en beperkinge op die betroubaarheid van 'n beoordeling wat op 'n enkel vraag gebaseer is.

### 5.2.3 Samevattende bespreking van die bevindings van die onderskeie benaderings tot evaluering van die belangrikheid van verskillende fasette van die werk vir algemene werktevredenheid

By 'n bespreking van die bevindings van par. 5.2.1 en 5.2.2 moet in gedagte gehou word dat die ondersoekgroep sowel as die konstrakte van die indeks vir algemene werktevredenheid in die twee ontledings verskil.

As die bevinding in par. 5.2.1, dat die aard van die werk die belangrikste is, vergelyk word met die tipe diensvoorwaardes wat volgens die hoogste korrelasies in par. 5.2.2 aangedui is, kom 'n redelike ooreenstemming by die Blankes voor, waar aspekte soos die uitdaging wat die werk bied en gebruik van persoonlike vermoëns ter sprake is. By die Swartes is daar minder ooreenstemming want aspekte soos status van die pos en aandeel in besluitneming is ter sprake. Wat die Kleurlinge betref is die verskil groter want finansiële aspekte sowel as gebruik van persoonlike vermoëns is ter sprake, terwyl dit by Asiërs hoofsaaklik finansiële aspekte is.

Verskille in die beklemtoning van die belangrikheid van spesifieke aspekte met die oog op algemene werktevredenheid kan as 'n uitvloeisel van die kompleksiteit van sodanige indekse en verskille in ondersoekmetodes gesien word. Die waarde van die twee benaderingswyses is meer inligting, asook 'n beter aanvoeling en dit sal bydra tot omsigtige interpretasie van die gegewens.

Opsommenderwys gestel, is twee benaderings gevolg om inligting te kry oor sake wat belangrik is in die bepaling van algemene werktevredenheid. Oor die algemeen is bevind dat sake wat verband hou met die aard van die werk belangriker as ander aspekte gesien word. Die klemverskille wat die twee benaderingswyses aantoon, moet in die lig van die kompleksiteit van algemene werktevredenheid asook verskille in ondersoekmetodes gesien word en dra by tot 'n beter begrip en aanvoeling van die saak.

### 5.3 ONDERLINGE VERBAND TUSSEN DIE VELDE VAN DIE JOB DESCRIPTIVE INDEX (JDI)

As algemene werktevredenheid wat kompleks en multidimensioneel van aard is in verskillende fasette of dimensies verdeel word, beteken dit nie noodwendig dat die fasette heeltemal onafhanklik van mekaar is nie. Inligting oor die onderlinge verband tussen tellings in die verskillende velde van die JDI is dus van belang by besprekings in die volgende paragrafe oor die relatiewe tevredenheid volgens die verskillende velde van die JDI.

Besonderhede oor die interkorrelasies tussen die vyf velde van die JDI word volgens volksgroep in tabel 5.3 verstrek. Die getal persone wissel in 'n geringe mate by die verskillende korrelasies, maar om praktiese oorwegings word slegs die kleinste getal vir elke volksgroep gerapporteer.

Volgens tabel 5.3 is die interkorrelasies by die Swartes oor die algemeen effens hoër as dié van die ander groepe. 'n Moontlike verklaring is dat hoewel die groep reeds op kwalifikasies geselekteer is, hulle steeds 'n meer algemene benadering volg en sake minder gedifferensieer sien.

Verder blyk dat by al die groepe, met uitsondering van die Swartes, die hoogste interkorrelasie voorkom tussen die velde Toesig ontvang en Medewerkers. Die ander interkorrelasies is oor die algemeen kleiner as 0,4 wat beteken dat die oorvleueling (gemeenskaplike variansie) tussen die velde relatief laag is. Elke veld het dus bestaansreg en kan as 'n afsonderlike faset van werktevredenheid beskou word.

TABEL 5.3  
KORRELASIES TUSSEN DIE VELDE VAN DIE JDI VOLGENS  
VOLKSGROEP

Volksgroep en JDI-velde	r			
	Soort werk	Vergoe= ding	Toesighou= ding ont= vang	Bevorde= rings= geleent= hede
<u>A : Asiërs (N=226)</u>				
Soort werk	-			
Vergoeding	.118	-		
Toesighouding ontvang	.332	.056	-	
Bevorderingsgeleentheid	.321	.145	.308	-
Medewerkers	.425	.140	.480	.195
<u>B : Blankes (N=5687)</u>				
Soort werk	-			
Vergoeding	.224	-		
Toesighouding ontvang	.418	.182	-	
Bevorderingsgeleentheid	.342	.271	.312	-
Medewerkers	.431	.152	.524	.289
<u>C : Kleurlinge (N=700)</u>				
Soort werk	-			
Vergoeding	.181	-		
Toesighouding ontvang	.392	.170	-	
Bevorderingsgeleentheid	.362	.304	.297	-
Medewerkers	.409	.091	.524	.222
<u>D : Swartes:St10 of hoër (N=371)</u>				
Soort werk	-			
Vergoeding	.331	-		
Toesighouding ontvang	.531	.243	-	
Bevorderingsgeleentheid	.403	.372	.450	-
Medewerkers	.410	.084	.515	.302

#### 5.4 RELATIEWE TEVREDENHEID MET VERSKILLENDE ASPEKTE VAN DIE WERK SOOS GEMEET DEUR DIE JDI

In die bespreking van die aangeleentheid sal aandag eers geskenk word aan verwysingspunte vir vergelyking van die tellings en daarna aan die ondersoekgroep se tellings as sodanig.

Om die relatiewe tevredenheid van die ondersoekgroep met die verskillende fasette van hulle werk vas te stel, kan hulle tellings met dié van normgroepe vergelyk word en/of die tellings kan bestudeer word volgens die teoretiese eienskappe van die skale. Laasgenoemde wyse is nie baie wenslik nie aangesien metings in die gedragswetenskappe hoogstens op 'n intervalskaal kan wees en nie 'n vaste nulpunt het nie.

Die teoretiese omvang (spanwydte) van die skale vir drie van die vyf dimensies van die JDI strek van 0 tot 54 en dié van die ander twee van 0 tot 27. Om vergelyking en bespreking te vergemaklik is tellings op die twee dimensies met kleiner skaalomvang met twee vermenigvuldig sodat al die skale 'n omvang van 0 tot 54 kan hê. Die teoretiese gemiddelde van elke skaal is dan 27, terwyl die neutrale telling, dus die telling wat 'n persoon sal behaal wat onseker op al die vrae antwoord, 18 is. Soos gemeld, moet in gedagte gehou word dat hoewel die teoretiese gemiddelde vir die skale almal 27 is, die gemiddelde tevredenheidspeil van die universum van werkers vir die verskillende skale vanweë die relatiewe nulpunte nie noodwendig dieselfde is nie. Volgens inligting wat die outeurs van die JDI (Smith e.a. 1969) oor die gemiddeldes van die velde verstrek, is dit 'n aspek wat by die interpretasie in ag geneem sal moet word.

Daar bestaan sover bekend nog nie norms vir die JDI in die RSA nie. Die norms wat die outeurs van die JDI vir sekere Amerikaanse groepe verskaf, is egter nie sonder meer toepaslik op Suid-Afrikaanse omstandighede nie en daarom sal slegs die gemiddelde en standaardafwykings as verwysingspunte gebruik word. Die outeurs rapporteer afsonderlike gegewens vir die geslagte maar vir hierdie bespreking is die geringe verskille nie van wesenlike belang nie en slegs dié vir mans word in tabel 5.4 weergegee.

TABEL 5.4

GEMIDDELDDES EN STANDAARDAFWYKINGS VIR MANS VOLGENS DIE VELDE VAN DIE JDI VIR SEKERE AMERIKAANSE GROEPE (SMITH e.a. 1969, p80)

JDI-velde	Gemiddelde	Standaardafwyking
Soort werk	36.57	10.54
Vergoeding	29.90	14.53
Toesighouding ontvang	41.10	10.58
Bevorderingsgeleenthede	22.06	15.77
Medewerkers	43.49	10.02

Volgens tabel 5.4 verskil die gemiddeldes van twee velde aansienlik van die ander en dit beklemtoon die opmerking oor die probleme wat ondervind kan word om tellings volgens die skale se teoretiese eienskappe te interpreteer. Daar sal dus by die interpretasie van die relatiewe tevredenheid van die ondersoekgroep met omsigtigheid te werk gegaan moet word.

Besonderhede van die gemiddeldes en standaardafwykings van die velde van die JDI vir die ondersoekgroep verskyn volgens volksgroep in tabel 5.5.

Om praktiese redes sal slegs die gegewens van die grootste volksgroep, naamlik Blankes vir 'n vergelyking met die Amerikaanse gegewens betrek word en dan sal later aandag aan die onderlinge verskille tussen die volksgroepe geskenk word.

'n Vergelyking van die gegewens van die totale groep Blankes (TB) in tabel 5.5 met die van die Amerikaanse groepe (AG) in tabel 5.4 toon eers tens dat as die gemiddeldes volgens grootte gerangskik word, die rangorde ooreenstem behalwe ten opsigte van Bevorderingsmoontlikhede en Vergoeding.

'n Verdere algemene indruk is dat met die uitsondering van Vergoeding die gemiddeldes van die TB-groep hoewel effens laer, redelik dieselfde is as dié van die AG-groep.

TABLE 5.5  
 GETALLE, GEMIDDELDES EN STANDAARDAFWYKINGS  
 VAN DIE ONDERSOEKGROEP VIR DIE JDI  
 VOLGENS VOLKSGROEP

JDI-velde	Asiër			Blank			Kleurling			Swart (St10 of hoër)		
	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s	N	$\bar{X}$	s
Soort werk	243	29.827	11.327	5949	33.311	11.720	761	34.878	9.139	397	33.909	9.779
Vergoeding	237	11.949	9.930	5920	14.475	11.178	749	14.142	10.301	394	10.827	8.422
Toesighouding	240	33.688	13.878	5948	38.471	12.585	763	38.958	11.339	393	34.873	12.595
Bevorderings= geleenthede	231	23.126	15.715	5723	22.198	16.663	715	25.611	15.962	371	27.137	15.090
Medewerkers	237	36.616	14.436	5853	38.573	13.209	747	40.976	11.246	391	40.668	11.946



Die ooreenkoms tussen die absolute en relatiewe groottes van die gemiddeldes van vier velde kan beskou word as 'n aanduiding van die toepaslikheid van die Amerikaanse gegewens in die Suid-Afrikaanse omstandighede. As die gegewens van vier velde redelik toepaslik in die Suid-Afrikaanse omstandighede is, lyk dit logies om aan te neem dat die ander veld se norms ook redelik toepaslik behoort te wees, en dat die verskil toegeskryf kan word aan 'n werklike groter ontevredenheid in die veld Vergoeding. Hierdie interpretasie word ondersteun deur die menings van die ondersoekgroep op verskillende ander vrae waaronder dié oor die redes waarom in die Staatsdiens gewerk word asook dié oor tevredenheid met spesifieke diensvoorwaardes. In verdere besprekings word gevolglik van die standpunt uitgegaan dat die Amerikaanse gegewens van al die velde oor die algemeen ook bruikbaar in Suid-Afrikaanse omstandighede is.

Vir makliker interpretasie word die verskille tussen die gemiddeldes van die TB- en AG-groep vir die onderskeie velde van die JDI in tabel 5.6 op 'n standaardskaal<sup>1)</sup> tot die naaste heelgetal weergegee. Die skaal is so gekies dat die grootste werklike verskil tussen die gemiddeldes 'n absolute waarde van 100 sal lewer en geen verskil 'n waarde van 0.

TABEL 5.6

VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE TOTALE BLANKE GROEP EN DIE AMERIKAANSE GROEPE IN DIE VELDE VAN DIE JDI VOLGENS 'N STANDAARDSKAAL

JDI-veld	Verskil tussen gemiddeldes volgens 'n standaardskaal
Soort werk	- 20
Vergoeding	-100
Toesighouding ontvang	- 15
Bevorderingsgeleenthede	+ 1
Medewerkers	- 27

Volgens tabel 5.6 het die TB-groep net in die veld Bevorderingsgeleenthede 'n hoër telling as die AG-groep. In die ander vier velde is die tellings van die TB-groep laer as dié van die AG-groep maar dit is veral die afwyking by Vergoeding wat opval daar dit ongeveer drie keer groter is as enige van die ander verskille.

$$1) \quad SK = \frac{\overline{TB} - \overline{AG}}{S_{TB}} \times \frac{100}{1.380}$$

Uit die gegewens kan dus afgelei word dat daar groot ontevredenheid oor vergoedingsaangeleenthede bestaan relatief tot die ander velde van werktevredenheid. Die bevinding van 'n groot ontevredenheid met vergoedingsaangeleenthede word ook ondersteun deur die gegewens in tabel 4 van bylae D waar bv. minder as 20 % van die Blankes in die Staatsdiens aandui dat vergoeding 'n belangrike rede is waarom hulle vir die owerheidsektor werk teenoor meer as 70 % wanneer 'n aspek soos die aard van die werk te sprake is.

Wat die gemiddeldes van die verskillende volksgroepe betref, blyk uit tabel 5.5 dat net soos die Blankes, die Kleurlinge maar veral die Asiërs en Swartes 'n baie laer gemiddelde vir Vergoeding het. Dit is verder opmerklik dat, as die gemiddeldes van die verskillende velde volgens grootte gerangskik word, die rangorde dieselfde is vir al die groepe, naamlik Medewerkers, Toesig ontvang, Soort werk, Bevorderingsgeleenthede en laastens Vergoeding.

Die feit dat die rangorde van die gemiddeldes in die verskillende groepe ooreenstem, beteken nie dat die groepe onderling nie van mekaar verskil nie. 'n Variansieontleding tesame met Duncan se meervoudige vergelykingstoets het inderdaad betekenisvolle ( $P < 0.001$ ) groepverskille aangetoon en besonderhede word in tabel 5.7 verstrekk. Om praktiese redes word slegs besonderhede verskaf van die groepe wat *nie* betekenisvol verskil nie.

TABEL 5.7  
BESONDERHEDE VAN VOLKSGROEPE WAT VOLGENS DIE VELDE VAN DIE JDI NIE VERSKIL NIE

JDI-velde	Volksgroepe
Soort werk	Kleurling en Swart; Swart en Blank <sup>1)</sup>
Vergoeding	Blank en Kleurling; Asiër en Swart
Toesig ontvang	Blank en Kleurling; Asiër en Swart
Bevorderingsgeleenthede	Swart en Kleurling; Asiër en Blank
Medewerkers	Kleurling en Swart

1) Vir verdere inligting word gemeld dat die Blanke en Kleurlinggroep wel betekenisvol verskil.

As in aanmerking geneem word dat dertig groepvergelykings uitgevoer is en volgens tabel 5.7 net nege nie verskil nie, wys dit op redelike hoewel geringe onderlinge verskille tussen die groepe wat by interpretasie in ag geneem moet word. Dit is verder belangrik om in gedagte te hou dat volgens die ontledings in hoofstuk 4, daar in elke volksgroep identifiseerbare subgroepe is wat op grond van biografiese aspekte verskil in hul tevredenheid van ander subgroepe ten opsigte van die verskillende fasette van die werk, soos gemeet deur die velde van die JDI.

Omdat dit met die oog op die beplanning van aksies nuttig mag wees om groepe met relatief lae of hoë tevredenheid te identifiseer word besonderhede oor die tevredenheid van subgroepe, wat volgens enkele belangrike biografiese aspekte gedefinieer is, ook verstrekk. Die biografiese veranderlikes wat vir die definiëring van die subgroepe gekies is, is geslag, kwalifikasies en salarisgroep. Besonderhede oor die gemiddeldes van groepe waarvan die grootte 15 of meer is, word in bylae D tabelle 5 tot 8 weergegee. Dit is nie sinvol en prakties om hierdie inligting in die algemene verslag te bespreek nie en daar word volstaan met die opmerking dat verskille op 'n eenvoudige wyse bepaal kan word deur die gemiddeldes van die subgroepe te vergelyk met die gemiddelde van die totale volksgroep of met enige ander logiese subgroep.

## 5.5 DETERMINANTE VAN TEVDRENHEID IN DIE VERSKILLEND EVELDE VAN DIE JDI

### 5.5.1 Algemeen

Die feit dat werktevredenheid volgens die JDI in vyf fasette verdeel word, help om die aard daarvan beter te verstaan maar beteken ongelukkig nog nie dat die determinante van tevredenheid in elk van die velde eenvoudig is nie. Om meer hieroor te wete te kom, word eerstens aandag gegee aan die verband tussen veranderlikes wat in die ondersoek gebruik is en tevredenheid soos gemeet deur die JDI. Tweedens word verdere aandag aan die determinante van tevredenheid met vergoeding geskenk aangesien dit 'n belangrike doelstelling van die ondersoek is.

### 5.5.2 Verband tussen ander veranderlikes en tevredenheid volgens die JDI

In die algemeen gesproke kan veranderlikes wat 'n verband toon met tellings op die velde van die JDI beskou word as "determinante" van tevredenheid want 'n direkte of indirekte verandering in die toestand op daardie veranderlike gaan dan saam met 'n verandering in werktevredenheid volgens die JDI. Om 'n aanduiding van die verband te kry, word die korrelasies tussen ander veranderlikes en werktevredenheid volgens volksgroep vir die verskillende velde van die JDI in bylae D (tabelle 9 tot 13) gegee.

Uit die gegewens van tabelle 9 tot 13 blyk dat verskeie soorte veranderlikes met elk van die velde van die JDI 'n verband toon, en dit beklemtoon die kompleksiteit van die velde. Die veranderlikes kan oor die algemeen ook sinvol aan die betrokke konstruk van die veld gekoppel word. Dié wat baie nou

met die konstruk van 'n veld verband hou, toon dan ook redelike hoë korrelasies met die betrokke veld. So is die korrelasie tussen die vraag "In welke mate stel u inkomste u in staat om aan die sosiale verwagtinge ten opsigte van lewensstandaard te voldoen" en Vergoeding 0,541 vir Blankes.

Die veranderlikes wat logies tot dieselfde konstruk as dié van 'n bepaalde veld van die JDI behoort, toon oor die algemeen ook hoër korrelasies met die JDI-veld van werktevredenheid as wat hulle met die algemene indeks van werktevredenheid in tabel 5.2 getoon het. 'n Beter aanduiding van die determinante van werktevredenheid kan dus verkry word deur eerder werktevredenheid in sy verskillende fasette te ondersoek as om dit as 'n enkele konstruk te beskou.

Vir die algemene verslag is dit nie prakties om 'n ondersoek na al die fasette vir die verskillende groepe uit te voer nie en in die volgende paragraaf word die faset van Vergoeding wat as die belangrikste bron van ontevredenheid uitgewys is, van nader blyk deur die meervoudige invloed van veranderlikes daarop te ondersoek.

### 5.5.3 Determinante van tevredenheid met vergoeding

Waar daar nou 'n volledige bespreking oor tevredenheid met vergoeding gevoer word, is dit wenslik om by hernuwing aan te dui wat onder die begrip verstaan word. In aansluiting by die omskrywing van werktevredenheid in par. 1.2.1, kan tevredenheid met vergoeding beskou word as die ooreenstemming tussen persone se ervaring van hulle vergoeding en hulle mening oor wat hulle behoort te ontvang. Persone se ervaring van gebeure en menings oor sake is subjektief van aard en word deur vele aspekte beïnvloed.

'n Model wat Lawler aanbied ter verklarings van tevredenheid met vergoeding toon die kompleksiteit van die saak, want afgesien van direkte vergoedingsaspekte word aspekte soos dié wat ander ontvang, en die vergoedingsgeskiedenis ook ingesluit (Weiner, 1980). Jongere ondersoekers het getoon dat aspekte oor die administrasie van die vergoedingstelsel ook 'n rol speel en in 'n model ingesluit behoort te word.

Die verskil tussen die vergoeding wat persone ontvang en dié wat hulle meen hulle toekom, speel volgens die voorgaande 'n belangrike rol en daarom is dit wenslik om in die ontleding so 'n indeks te gebruik. 'n Indeks wat bloot

op die absolute verskil in geld gebaseer is, het die nadeel dat 'n sekere bedrag geld nie dieselfde beteken vir diegene op verskillende inkomstevlakke nie. Om die nadeel te oorkom is die verskil omgerekend tot 'n persentasie van die huidige salaris en as sodanig in die ontleding gebruik.

Die bevinding in hoofstuk 4 het getoon dat biografiese aspekte 'n invloed op tevredenheid met Vergoeding het, en daarom behoort afsonderlike ontledings vir die onderskeie subgroepe uitgevoer te word. Daar bestaan 'n baie groot getal subgroepe en vir doeleindes van hierdie algemene verslag word volstaan met ontledings op die gegewens van 'n enkele groep, naamlik die Blanke ongetroude mans in die Staatsdiens as 'n voorbeeld. Salarisvlak word nie gebruik om die groep verder af te baken nie maar sal in die ontledings as 'n moderatorveranderlike ingesluit word.

'n Meervoudige regressietegniek word gebruik om verskeie modelle saam te stel waarin die aantal verklarende veranderlikes progressief toeneem om so doende 'n beter aanduiding van die kompleksiteit van die determinante van tevredenheid met vergoeding te kry. Besonderhede word in tabel 5.8 gegee.

TABEL 5.8  
DIE PERSENTASIE VARIANSIE IN TEVREDENHEID MET VERGOEDING SOOS GEMEET DEUR DIE JDI WAT DEUR VERSKILLENDE MODELLE VERKLAAR WORD

Veranderlike	% variansie verklaar
Model 1: Persentasie hoër salaris verlang	5
Model 2: a) Persentasie hoër salaris verlang b) Huidige salariskerf	18,6
Model 3: a) Persentasie hoër salaris verlang b) Huidige salariskerf c) In welke mate stel u inkomste u in staat om aan die sosiale verwagting ten opsigte van lewenstandaard te voldoen? d) Hoedanig het u salarisvordering in die Staatsdiens aan u verwagtings voldoen? e) Hoe tevrede is u met die pensioenskema? f) Hoe tevrede is u met die erkenning van u ervaring?	51,0

Die totale variansie wat elke model verklaar, is minstens op die .0001 waarkynlikheidspeil betekenisvol.

Die groot verskil tussen die variansie wat deur model 1 en 2 in tabel 5.8 verklaar word, dui op die belangrike rol wat biografiese aspekte van die ratorveranderlikes in tevredenheid met vergoeding kan speel, soos ook in hoofstuk 4 aangedui is. Die bevindings volgens model 2 dat die persentasie hoër salaris wat verwag word, saam met die moderatorveranderlike minder as 19 % van die variansie verklaar, dui op die kompleksiteit van die verskynsel, aangesien "logieserwys" seker 'n hoër waarde te wagte sou wees. Die bevinding is egter nie uitsonderlik as dit met ander soortgelyke ondersoeke vergelyk word nie (Weiner, 1980). Model 3 is 'n voorbeeld van een van 'n verskeidenheid modelle wat op grond van die gemeenskaplike interaksie tussen 'n groter aantal veranderlikes saamgestel kan word.

Die belangrikste in dié model is eerstens die totale persentasie variansie wat dit verklaar, en tweedens die verskeidenheid aspekte wat daarin opgeneem is. Die 51 % variansie wat die model verklaar, toon dat ander aspekte ook 'n rol speel maar is redelik in vergelyking met bevindings van soortgelyke ondersoeke (Weiner, 1980). Die spesifieke veranderlikes is nie noodwendig van deurslaggewende betekenis nie en moet eerder gesien word as verteenwoordigers van sekere soorte aspekte, want soos reeds geïmpliseer, kan alternatiewe modelle saamgestel word wat ongeveer dieselfde hoeveelheid variansie verklaar.

Opsommend blyk uit die teoretiese model en die bevindings van die ontledings dat tevredenheid met vergoeding kompleks van aard is en dat afgesien van die direkte vergoeding wat ontvang word, ander sake ook 'n rol speel. Om 'n verbetering in tevredenheid met vergoeding te weeg te bring sal dus nie net die direkte vergoeding nie, maar ook die verskillende ander aspekte in ag geneem moet word. Aksies sal ook beplan moet word met inagneming van die riglyne wat in die volgende paragraaf verskaf word.

## 5.6 ENKELE IMPLIKASIES VAN WERKONTEVREDENHEID

In die vorige paragrafe is ingegaan op die aard van werktevredenheid en die tevredenheid van die onderzoeksgroep met verskillende fasette van hulle werk. Dit is egter ook belangrik om te weet wat die implikasies van werktevredenheid is om die erns daarvan te kan beoordeel. Die saak word gevolglik verder in die paragraaf in oënskou geneem.

Net soos aanvaar kan word dat sake buite werkverband ook 'n invloed op werktevredenheid het, kan aanvaar word dat tevredenheid met die werk ook 'n invloed op aspekte buite die werk het.

Uit navorsing wat Locke (1976) aanhaal, kan afgelei word dat daar 'n verband bestaan tussen werktevredenheid en die werkers se houding teenoor hulself, hulle familie, hulle werkgewers en die gemeenskap as geheel. In dié opsig word ook verwys na enkele ondersoeke waar 'n verband gevind is tussen werktevredenheid en onder andere liggaamlike gesondheid, lewensduur en geestesgesondheid.

Ondersoeke het egter ook 'n verband tussen werktevredenheid en gedrag aksies aangetoon. In die verband is Locke (1976) se siening dat werktevredenheid wat 'n emosie is, drangneigings tot gevolg mag hê en dié op hul beurt weer tot optrede mag lei. Die "optrede" hoef egter nie noodwendig tot uiterlik waarneembare gedrag te lei nie. Dit blyk dus dat die invloed van werktevredenheid op gedrag 'n komplekse verskynsel is wat nie maklik verklaar kan word nie.

In die praktyk het ondersoeke oor die algemeen die bestaan van 'n verband tussen verskynsels soos werkfawesigheid, swak nakoming van werkkure, bedankings, en werktevredenheid bevestig (Locke, 1976). Hoewel die korrelasies oor die algemeen nie hoër as 0,4 is nie, wat waarskynlik deels aan die kompleksiteit van die aspekte toegeskryf kan word, kan die gevolge van werksontevredenheid ernstig wees - vergelyk in die verband bv. die vervangingskoste van opgeleide personeel.

Dit is verder wenslik om daarop te wys dat ondersoeke na die verband tussen werktevredenheid en produktiwiteit oor die algemeen nie juis betekenisvolle bevindings gelewer het nie. Die aspek van produktiwiteit bring motivering ter sprake, en dit is 'n vraag of tevredenheid nie eerder gesien moet word as die gevolg van goeie produktiwiteit nie. Daar is nog nie duidelikheid oor hierdie saak nie, en dit lyk wenslik om 'n uitspraak voor te behou tot latere navorsing duideliker antwoorde lewer.

Uit die voormelde opmerkings blyk duidelik dat ontevredenheid met die werk in een of meer van sy fasette nadelig is vir die individu, familiebetrekkings, werkgewers en die gemeenskap as geheel, aangesien dit finansiële, asook liggaamlik en geestesgesondheidsimplikasies het. Dit is dus in die belang van

al die genoemde groepe dat gepoog sal word om sake wat tot werkontevredenheid lei reg te stel, maar die primêre verantwoordelikheid lê by die werkgewers wat direkte beheer oor die sake het.

Dit is belangrik dat optredes van die werkgewer om werkontevredenheid teen te werk, goed beplan moet word. Daar moet in gedagte gehou word dat ontevredenheid nie *noodwendig* ongewens is nie. So kan ontevredenheid by 'n swak werker uit die oogpunt van die werkgewer gewens wees want dit kan tot verbetering lei of tot bedanking.

Met die oog op aksies moet verder onthou word dat werktevredenheid op die vlak van die emosies lê en dat die werkgewer se bedoeling met 'n aksie net werklik vrugte sal afwerp, d.w.s. werktevredenheid sal verbeter, as die werkers se ervaring (beleving) van die aksie, in ooreenstemming is met die bedoeling van die werkgewer. Die uitgangspunt by aksies moet dus wees, dit wat die werkers sal ervaar as goed, en nie dit wat die werkgewer *dink* is goed nie. Nog 'n saak wat by die beplanning van aksies in ag geneem moet word, is die feit dat die werkerskorps nie 'n homogene groep is nie en dat subgroepe in hul reaksies op 'n aksie mag verskil - vergelyk in die verband die resultate van hoofstuk 4.

Die gegewens oor die redes waarom persone in die owerheidsektor werk, toon volgens tabel 4 van bylae D bv. vir Blankes in die Staatsdiens 'n baie gewense toedrag, nl. dat ongeveer 70 % die aard van hul werk as 'n belangrike rede aandui. Die bevinding is volgens behoefteteorieë 'n gesonde basis vir motivering en behoort voordelig vir produktiwiteit te wees. Dieselfde tabel toon egter ook dat ongeveer 29 % redes as belangrik noem wat uit 'n motiveringsoogpunt negatief van aard kan wees, bv. die risiko wat aan 'n nuwe werk verbonde is.

Die personeelbeleid en aksies (ook dié ter verbetering van werktevredenheid) behoort dus so te wees dat aan die een kant gemotiveerde werkers behou word en aan die ander kant die ongemotiveerdes gemotiveer word of as dit nie moontlik of wenslik is nie, hulle 'n redelike geleentheid bied om te kan bedank. Met laasgenoemde opmerking word bedoel dat 'n werker nie deur langtermyn finansiële of ander voordele of verpligtinge so "gebind" moet wees dat dit feitlik onmoontlik is om te bedank nie, aangesien dit nie vir 'n organisasie voordelig is om personeel in diens te hê op grond van oorwegend ne-



gatiewe redes nie.

In teenstelling met die negatiewe sy. speel aspekte rakende die aard van die werk volgens tabel 5.1 'n belangrike positiewe rol in werktevredenheid. Hierdie aspekte is ook 'n gesonde basis vir werkmotivering en behoort sover moontlik bevorder te word.

## 5.7 OPSOMMING

Klemverskille in die resultate van twee ontledings oor die relatiewe belangrikheid van verskillende werkfasette en diensvoorwaardes vir algemene werktevredenheid, het die kompleksiteit van die aard van algemene werktevredenheid aangedui asook die belangrikheid van die wyse waarop die begrip omskrywe is. Een ontleding het by al die volksgroepe die aard van die werk as die belangrikste faset van algemene werktevredenheid uitgewys terwyl volgens die ander ontleding verskille tussen die volksgroepe voorkom.

Relatiewe lae interkorrelasies tussen die vyf velde van die JDI toon dat die velde afsonderlike bestaansreg het en bevestig die multi-dimensionaliteit van algemene werktevredenheid. Om die ondersoekgroep se relatiewe tevredenheid met die verskillende fasette in die werk te bepaal is hulle tellings op die JDI se velde vergelyk met Amerikaanse gegewens.

Die vergelyking het by vier velde naamlik Soort werk, Toesighouding, Medewerkers en Bevorderingsgeleenthede, redelik tot goeie ooreenstemming getoon maar wat die veld Vergoeding betref het die ondersoekgroep 'n heelwat laer gemiddelde. Die verskil tussen die gemiddeldes in hierdie veld is volgens 'n standaardskaal ongeveer drie keer groter as enige ander verskil tussen die gemiddeldes van die groepe in die ander velde van die JDI. Die ondersoekgroep is dus relatief baie meer ontevrede met Vergoeding as met enige van die ander vier aspekte. Dié bevindinge word ondersteun deur ander gegewens in die ondersoek.

In 'n ondersoek na die aspekte wat tevredenheid met vergoeding beïnvloed, het korrelasies aangetoon dat selfs veranderlikes wat nie direk met vergoeding in verband staan nie, byvoorbeeld tevredenheid met die merietestelsel, ook 'n rol speel. Die kompleksiteit van tevredenheid met vergoeding, is bevestig deur die bevindinge van 'n verdere ondersoek oor die meervoudige invloed van veran-

derlikes daarop.

Daar is uit ander ondersoeke aangetoon dat werkontevredenheid nadelig is vir die werker, familiebetrekkinge, die werkgewer en die gemeenskap, aangesien dit finansiële asook liggaamlike en geestesgesondheidsgevolge het. Verder is vermeld dat dit primêr die werkgewer se verantwoordelikheid is om stappe ter verbetering te doen en hiervoor is enkele riglyne verskaf.

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN ENKELE BELANGRIKE BEVINDINGS

#### 6.1 DOEL

Hierdie navorsing is op versoek van die Kommissie vir Administrasie (KVA) uitgevoer. Die doel met die navorsing is om by die Staatsdiensbeamptes

- (a) die algemene peil van werktevredenheid te bepaal;
- (b) te bepaal wat die relatiewe rol is wat besoldiging in werktevredenheid speel, met spesiale verwysing na die verskillende komponente van besoldiging soos salaris, pensioen- en behuisingsvoordele.

#### 6.2 METODE

Inligting is deur middel van twee vraelyste by 'n 5 %-steekproef van beamptes ingesamel. Aangesien uit die literatuur en uit vorige navorsing blyk dat velerlei faktore 'n rol speel in tevredenheid, is inligting oor soveel moontlik aspekte wat dalk 'n rol kan speel, ingesamel. Die "Job Descriptive Index" (JDI) wat in die VSA gestandaardiseer is om tevredenheid in vyf breë velde (Soort werk, Vergoeding, Toesighouding, Bevorderingsmoontlikhede en Medewerkers) te meet, is aangepas en ook in hierdie ondersoek gebruik.

Beamptes en werknemers van al vier volksgroepe van alle staatsdepartemente (Nasionale Intelligensiediens uitgesonder), die vier provinsiale administrasies en die drie dienste (SAW, SAP, SAG) is by die navorsing betrek. Loonwerkers, deeltydse en onderwyspersoneel en siviele personeel in die SAW, SAP en SAG is egter uitgesluit, met uitsondering van siviele personeel in die skeepswerf (SAW). Verder is besluit om slegs persone tot die salarisvlak R26 250 in te sluit.

Die steekproef is ewekansig getrek vanaf naamlyste vanaf die salarisrol wat deur bemiddeling van die KVA bekom is vir 'n aantal gekose geografiese streke. Binne elke streek is verder gestratifiseer volgens volksgroep, departement/administrasie/diens, beroepsfamilie en salaris. Vir die dienste is militêre rang in stede van salaris en beroepsfamilie gebruik en wat die SAW betref is Weermagtak (algemene, administratiewe, tegniese en professionele

dienste) en Weermagdeel (leër, lugmag, vloot, SAGD) ook as strata gebruik.

Die veldwerk het gedurende Junie 1981 plaasgevind. Beamptes wat in die steekproef opgeneem is, is in groepe van ongeveer 50 saamgetrek om die vraelyste in te vul. Vir hierdie doel is vooraf reëlings getref vir lokale en is 'n veldwerkrooster opgestel. Elk van die punte waarby daar vraelyste ingevul moes word, is deur 'n RGN-beampte beman vir die periode waarvoor die veldwerk gestrek het. Hierdie persone is van 'n handleiding voorsien en vooraf opgelei om te verseker dat standaardprosedure deurgaans gehandhaaf word.

Alhoewel daar aanvanklik beplan is om 10 307 beamptes te betrek, het die gerealiseerde steekproef uit 8 664 (84,1 %) persone bestaan. Die kort tyd waarin die reëlings getref moes word tesame met probleme wat ondervind is om naamlyste vanaf die salarisrol te bekom, is waarskynlik die belangrikste redes waarom die steekproef nie 100 % gerealiseer het nie.

Behalwe vir geskoolde ambagsmanne (beroepsfamilie 2), kantoorhulpdiens- en voorradepersoneel (beroepsfamilie 8) in die provinsiale administrasies, persone in die salarisgroep R3 151 - R4 014 in die provinsiale administrasie en weermanne (SAW), blyk dat afwykings in die gerealiseerde steekproef vir Blankes vanaf die steekproef wat aanvanklik getrek is, binne perke is. Met uitsondering van die groepe waarna hierbo verwys is, behoort die ondersoekgroep 'n betroubare beeld van die universum te weerspieël. Afwykings kom ook voor by die steekproef vir die Nie-Blanke groepe (kyk par. 2.2). Alhoewel Swartes in die SAW by die steekproeftrekking ingesluit is, is tydens die veldwerk weens praktiese probleme besluit om hierdie groep uit te laat (kyk par. 2.2.1(a)).

### 6.3 EIENSKAPPE VAN DIE ONDERSOEGROEP

In die ontledings word die vier volksgroepe afsonderlik hanteer en elke volksgroep is waar prakties moontlik in die volgende subgroepe verdeel

- (a) Staatsdiens (insluitende die provinsiale administrasies)
- (b) SAW
- (c) SAP
- (d) SAG

In die verslag word die term gemeenskapsdiensgroepe gerieflikheids=halwe gebruik met verwysing na groepe (a) tot (d) hierbo.

Die inligting wat in hoofstuk 2 gegee is, toon dat daar feitlik deurgaans biografiese verskille, verskille ten opsigte van aspekte in verband met opleiding, ervaring, salaris, behuising en mediese voordele tussen die verskillende volksgroepe en gemeenskapsdiensgroepe voorkom. Die omvang hiervan maak dit onprakties om 'n samevatting te gee en besonderhede kan uit hoofstuk 2 verkry word.

#### 6.4 WERKTEVREDENHEID

Soos genoem in paragraaf 6.2 is inligting ingesamel oor 'n wye reeks faktore wat 'n rol in werktevredenheid kan speel. Alvorens daar ingegaan is op die samehang van faktore is aandag gegee aan algemene houding en verskillende fasette van tevredenheid (hoofstuk 3).

Uit hoofstuk 3 blyk dat werk (beroepsarbeid) in verhouding tot ander aspekte van die lewe relatief belangrik is vir die ondersoekgroep.

Die inligting van die JDI toon dat al die groepe relatief minder tevrede is met Vergoeding en Bevorderingsmoontlikhede as met Soort werk, Toesighouding en Medewerkers. Verskille kom egter voor in die tellings van die verskillende volksgroepe en gemeenskapsdiensgroepe. Kleurlinge is byvoorbeeld meer tevrede as die ander volksgroepe met Soort werk, Toesighouding en Medewerkers, terwyl Blankes die mins ontevrede volksgroep is wat Vergoeding betref en Swartes weer meer tevrede is met Bevorderingsmoontlikhede as die ander groepe.

Verdere inligting oor die vlak van tevredenheid met diensvoorwaardes en aspekte van die werk onderskryf die inligting van die JDI en toon onder andere dat meeste groepe relatief ontevrede is met verskillende aspekte van hul salaris. Meer as die helfte van die ondersoekgroep is dan ook van mening dat hul salaris stadiger toegeneem het as wat hul by toetrede tot die Staatsdiens verwag het. Voorts beskou slegs 13,5 % van die ondersoekgroep hul vergoeding as regverdig met inagneming van opleiding en ervaring terwyl slegs 10,2 % van die totale groep aangedui het dat hul in 'n redelike of

groot mate aan die sosiale verwagtinge ten opsigte van die lewenstandaard kan meedoen. Gemiddeld verwag die ondersoekgroep 34,2 % meer in salaris as wat hul tans ontvang. Hierteenoor is die ondersoekgroep relatief tevrede met aspekte in verband met die aard van die werk, sekuriteit wat die werk bied, indiensopleiding, studiemoontlikhede, personeelverhoudinge, die mediese skema en verlofvoordele. In geval van die meeste groepe is die sekuriteitsaspek, die aard of inhoud van die werk, die geleentheid om diens te lewer en om jou uit te leef in die werk, belangrike redes hoekom hul wel in die Staatsdiens werk.

Verder kan opgemerk word dat relatief meer persone binne die Staatsdiens 'n positiewe as negatiewe houding teenoor die Staatsdiens as werkgewer openbaar.

Ten slotte moet gewaarsku word dat daar in baie van die resultate waarna hierbo verwys is, aansienlike verskille tussen volksgroepe en gemeenskapsdiensgroepe bestaan. Volledige inligting kan uit hoofstuk 3 verkry word.

## 6.5 BIOGRAFIESE FAKTORE EN WERKTEVREDENHEID

Soos in paragraaf 6.3 genoem, is daar feitlik deurgaans biografiese verskille tussen die verskillende volksgroepe en gemeenskapsdiensgroepe. Dit is gevolglik wenslik geag om aandag te gee aan hoedanig tevredenheid hierdeur beïnvloed word. In hoofstuk 4 is aandag gegee aan die rol wat biografiese faktore speel in tevredenheid met verskillende diensvoorwaardes en aspekte van die werk sowel as in die tellings wat behaal is in die JDI. Hierdie analyses is vir groepe van ongeveer 500 en meer deur gebruikmaking van die CHAID-rekenaarprogram (kyk par. 1.2.4) uitgevoer en vir elk van die groepe is dendrogramme uit die rekenaaruitvoere opgestel (kyk bylae: Dendrogramme, onder aparte omslag). Gedetailleerde besonderhede en kennis van die diensvoorwaardes is nodig om die inligting van die dendrogramme sinvol te interpreteer. Die KVA is dus beter in staat as die RGN om afleidings daaruit te maak en gevolglik is hierdie inligting nie verder bespreek nie.

Vir groepe kleiner as ongeveer 500 waarvoor daar nie CHAID-analises uitgevoer is nie, is die inligting van die JDI deur 'n log-lineêre model ontleed. Vanweë die beperkte veralgemeningsmoontlikhede is dié ontledings nie vir groepe van ongeveer 100 en minder uitgevoer nie.

Die volgende algemene indrukke verdien vermelding:

(a) Dit is duidelik dat heelwat biografiese aspekte verband hou met die werktevredenheid van verskillende subgroepe van die ondersoekgroep. Die bevinding beklemtoon weer eens die kompleksiteit van die verskynsel van werktevredenheid en is in lyn met bevindinge van ander ondersoeke oor hierdie onderwerp (Locke, 1976).

(b) Verdere aanduidings is dat meer biografiese aspekte verband hou met die velde Soort werk, Vergoeding en Bevorderingsmoontlikhede van die JDI as wat die geval is met die oorblywende twee velde. Hieruit kan afgelei word dat tevredenheid met genoemde velde meer kompleks van aard is as wat die geval vir die ander velde is.

(c) Dit is voorts opvallend dat ouderdom veral 'n rol speel by tevredenheid met Toesighouding soos gemeet deur die JDI en wel sodanig dat die ouer groepe oor die algemeen meer tevrede is as die jongeres.

(d) 'n Belangrike afleiding wat uit die inligting in hoofstuk 4 gemaak kan word, is dat wanneer aksies onderneem word om tevredenheid te verbeter, die resultaat van die aksies vir subgroepe kan verskil.

Tevredenheid met die diensbonus wat onlangs in werking getree het en wat 'n groot verbetering op die ou vakansiebonus is, toon byvoorbeeld dat alhoewel Blankes in die Staatsdiens oorwegend tevrede is (kyk tabel 3.3), bykans die helfte van die persone in genoemde groep wat minder as R4 000 per jaar verdien steeds ontevrede is. Wat die hoër inkomstegroepe betref, is daar voorts verskil in die mate van tevredenheid met die diensbonus volgens kwalifikasie terwyl die tevredenheid van sekere groepe mans en vroue ook verskil (kyk dendrogram 13.1 in die aparte bylae).

*Dit mag daarom wenslik wees om aksies so buigsaam te beplan dat dit die gewenste aanklank by die grootste moontlike hoeveelheid persone sal vind.*

## 6.6 DIE AARD VAN WERKTEVREDENHEID EN DIE INVLOED VAN NIE-BIOGRAFIESE ASPEKTE DAAROP

Werktevredenheid is kompleks van aard en dit is bevestig deur klemverskille in die resultate van twee soorte ontledings wat gedoen is om die relatiewe belangrikheid van verskillende aspekte van die werk vir algemene werktevredenheid te ondersoek. Die ontleding wat konsekwente resultate vir die verskillende volksgroepe gelewer het, toon dat die aard van die werk wat verrig word, die belangrikste rol speel. Die bevinding moet omsigtig geïnterpreteer word, aangesien die beeld van werktevredenheid wat die bewoording van die vraag by die ondersoekgroep geskep het, 'n invloed op die resultaat het (kyk par. 5.2 en 5.2.1).

Die kompleksiteit van werktevredenheid spreek ook uit die meer as een dimensie waarin dit verdeel kan word volgens bevindings dat die JDI se vyf velde onderling relatief laag korreleer. 'n Vergelyking van die tevredenheid van die ondersoekgroep met dié van Amerikaanse groepe, het 'n redelike ooreenstemming in vier velde naamlik Aard van die werk, Toesighouding ontvang, Bevorderingsmoontlikhede en Medewerkers getoon. Wat die veld Vergoeding betref, het die ondersoekgroep 'n baie laer gemiddelde as die Amerikaanse groep en volgens 'n standaardskaal is die verskil ongeveer drie keer groter as enige ander verskil tussen die gemiddeldes van die groepe. Die bevinding dat die ondersoekgroep volgens die JDI baie meer ontevrede is met vergoedingsaangeleenthede as met aangeleenthede volgens die ander velde, word ondersteun deur ander inligting in die ondersoek, byvoorbeeld dié oor redes waarom in die Staatsdiens gewerk word.

'n Diepergaande ondersoek na die redes wat tevredenheid met vergoeding raak, toon in ooreenstemming met bevindings van ander ondersoeke, hoe kompleks die aangeleentheid is, want 'n verskeidenheid van sake speel 'n rol.

Uit die literatuurinligting wat verskaf is, blyk dat werkontevredenheid nadelig is vir die werker, familiebetrekkings, die werkgewer en die gemeenskap aangesien dit finansiële asook liggaamlike en geestesgesondheidsimplikasies het. Al die betrokkenes behoort dus aksies te neem om werkontevredenheid teen te werk, maar dit is primêr die taak van die werkgewer. Verder is daarop gewys dat aksies om werktevredenheid te verbeter, goed beplan moet wees om die regte resultaat by die werker tot gevolg te hê.



## 6.7 SLOTOPMERKINGS

Die omvang van die ondersoek was van so 'n aard dat die gegewens in die beskikbare tyd nie volledig in diepte en wydte ondersoek kon word nie. Waar die KVA of ander belanghebbendes verdere inligting verlang, sal dit aangewese wees om versoeke te rig sodat op die sake ingegaan kan word.

Dit blyk ook wenslik om later die navorsing op te volg by groepe in die Staatsdiens en moontlik by ander owerheidinstellings met die oog om onder andere meer inligting oor werktevredenheid te kry vir verwysingsdoeleindes, die ondersoek van teoretiese uitgangspunte, veranderings oor die verloop van tyd, of om die effek van spesifieke aksies na te gaan.

BYLAE A: VRAELYS TE

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

S A INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

Navrae: Mnr.P.C. Smit (X266)  
Dr. H.S. van der Walt (X157)

Telefoon (012) 28 3944

Verwysing N/2/2/5

PROJEK MM-154

Privaatsak X41  
PRETORIA  
0001

English on reverse side  
of questionnaire



Geagte Heer/Dame

WERKTEVREDENHEID VAN DIE STAATSDIENSPERSONEELKORPS

Die Kommissie vir Administrasie is tans besig met 'n omvattende ondersoek na verskillende fasette van die diensvoorwaardes van die Staatsdienspersoneelkorps. 'n Opname by 'n steekproef van beamptes en werknemers waarin hulle die geleentheid kry om hul mening te gee, vorm deel van hierdie ondersoek. Die bogenoemde gedeelte van die ondersoek word deur die RGN hanteer en u vorm deel van die steekproef van beamptes wat betrek word. U samewerking in die verband sal op prys gestel word.

Die RGN versoek u om die vraelyste na u beste vermoë in te vul en onderneem om die antwoorde wat u verstrekk as VERTROULIK te hanteer. U sal gevolglik opmerk dat u naam nêrens aangegee moet word nie. Slegs u EERLIKE antwoorde kan die sukses van hierdie navorsing verseker. *Dit behoort nie langer as 'n halfuur te duur om die twee vraelyste in te vul nie.*

U word byvoorbaat bedank vir u samewerking en die RGN vertrou dat die inligting wat u verstrekk daartoe sal meehelp dat aspekte wat ongelukkigheid veroorsaak uit die weg geruim kan word.

Die uwe

Wvd. DIREKTEUR  
S.A. INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

VRAELYS A

Vir die doel van hierdie vraelys word die term STAATSDIENS gebruik met verwysing na die sentrale staatsdepartemente, byvoorbeeld die Departemente van Mannekragbenutting en Binnelandse Aangeleenthede, sowel as die Weermag, Polisie, Gevangenis en die Provinsiale dienste, byvoorbeeld hospitaal dienste en paaiedepartement.

AFDELING A

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling deur slegs die syfer in die toepaslike blokkie te omring of andersins die verlangde antwoord in die ruimte wat daarvoor voorsien is, in te skryf.

1. Rekordnommer	_____	→	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	Kantoor= gebruik
2. Rangkode (soos op salarisstrokie)	_____	→	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	1 - 5
3. Wat is u a) huidige rang	.....							6 - 9
b) huidige posbenaming	.....							
